Die Bybel Werp Profetiese Lig op die Eindtyd

Deur Johan Malan
Mosselbaai, Februarie 2016
15 boodskappe oor die eskatologie

Die spreker het ’n interkerklike, evangeliese bediening waarin die fokus konsekwent op die letterlike, grammaties-historiese betekenis van Skrifwaarhede gerig is.

Kontakbesonderhede:

E-pos profmalan@outlook.com

Selfoon 082 2599 637

Webwerf: www.bibleguidance.co.za

’n Groot aantal artikels en boeke oor die Christelike verlossingsleer, heiligmaking, die herstel van Israel, ’n wye reeks onderwerpe wat verband hou met die eindtyd, asook artikels oor Skrifgesag en verskeie aktuele sake wat die moderne Christen raak, kan gratis op dié webwerf gelees en afgelaai word.

Inhoudsopgawe

1. **Die regte ingesteldheid op Christus se wederkoms 3**
   Christus se wederkoms volg direk ná die bedeling van wêreldevangelisasie – dan sal die gelowiges beloon en die ongelowiges geoordeel word. Belangrike keuses moet deur alle mense gemaak word.
2. **Profetiese betekenis van die beeld in Daniël 2 ..... 9**
   Die tye van die nie-Joodse nasies se heerskappy op aarde word in Daniël 2 deur ’n beeld aangetoon wat in die eindtyd vinnig en dramaties vernietig gaan word tydens Christus se wederkoms.
3. **Die groot teken van Israel se herstel 15**
   Die eindtydse herstel van God se volk val saam met toenemende druk om ’n valse messias te aanvaar. Wat is die Kerk se plig t.o.v. Israel, en wat is die gevare van die vervangingsteologie?
4. **Die Russiese inval in Israel 21**
   Rusland gaan die leiding neem in ’n groot oorlog teen die herstelde Israel (Eseg. 38 & 39).
   Dit gaan egter op ’n uiterste tragedie uitloop vir dié land en sy talle anti-Joodse bondgenote.
5. **Redes vir die wegraping 28**
   Christene het ’n salige hoop om aan die einde van die kerkbedeling van die aarde af na die hemel weggevoer te word. Die Bybel bied verskeie redes aan waarom daar ’n wegraping gaan wees.
6. **Die regterstoel van Christus 34**
   Alle Christene moet voor dié regterstoel verskyn, waar hulle werke (dit is hulle lewe ná bekering) beoordeel en genadeloon toegeken sal word. Sommige van hulle sal baie loon ontvang, ander minder, en nóg ander sal met leë hande voor Christus verskyn – gered asof deur vuur heen.
7. **Geestelike dae en nagte in die geskiedenis 40**
   Die menslike geskiedenis word gekenmerk deur ’n opeenvolging van dae en nagte soos wat tye van Godvresendheid telkens gevolg word deur donker tye van goddeloosheid.
8. **Die verdrukking van sewe jaar 46**
   Die groot verdrukking (Matt. 24:21) sal ’n tyd van Goddelike oordele oor ’n Christusverwerpende wêreld wees. Die omvang en geweld hiervan sal onvergelyklik in die wêreldgeskiedenis wees.
9. **Die Antichris 52**
   Die twee gesigte van die Antichris as valse vredevors en militêre diktator val saam met sy optredes tydens die eerste en tweede helfte van die verdrukking. Hy sal in die Midde-Ooste verskyn.
10. **Die skrif is aan die muur 58**
    Die onverwagte vernietiging wat Babel se koning Bélsasar getref het, het ook ’n eindtydse toepassing op alle nasies wat God se koninkryk verwerp. Die dwalende nasies sal deur ’n “skielike verderf” van Goddelike oordele oorval word terwyl hulle nog in hul eie mag en grootheid roem.
11. **Die laaste twaalf uitsprake in die Bybel 64**
    Die Bybel word in Openbaring 22 met twaalf baie belangrike stellings afgesluit oor Jesus, sy Woord, sy wederkoms en wat Hy van ons verwag om vir sy koms gereed te wees.
12. **Die wêreldwye vervulling van Israel se sewe feeste 70**
    Die profetiese toepassing van Israel se sewe groot feeste werp lig op God se raadsplan vir die verlossing van alle nasies – Jode én nie-Jode. Al die feeste word letterlik vervul.
13. **Die groot betekenis van Jerusalem 77**
    Deur die eeue heen het Jerusalem ’n belangrike betekenis as die stad van Godsopenbaring gehad, en dramatiese nuwe openbarings gaan binnekort hier plaasvind.
14. **Christelike fondamente word omgegooi 83**
    Die groot afval van die eindtyd staan in verband met die omverwerping van Christelike fondamente as voorbereidende stappe vir die openbaring en aanvaarding van die Antichris en sy koninkryk.
15. **’n Uitnodiging na die bruilof van die Lam 90**
    Die bruilof tussen die hemelse Bruidegom en sy aardse bruid word in die Bybel na analogie van die tradisionele Joodse huweliksgebruike beskryf. Interessante besonderhede blyk hieruit.
16. **Epiloog: Die noodsaaklikheid van waaksaamheid 95**

1. Die Regte Ingesteldheid op Christus se Wederkoms

Skriflesing: Markus 13:33-37

Die Here Jesus se eerste en tweede koms na die aarde verteenwoordig opeenvolgende openbarings van Hom as nederige Verlosser en magtige Koning. Saam vorm dit ŉ groot en wonderlike geheel. Hierdie twee openbarings is interafhanklik, daarom kan gereedheid vir sy wederkoms en die openbaring van sy koninkryk slegs getref word op grond van sy soendood as Verlosser aan die kruis, asook die eerbiediging van die opdrag aan sy dissipels om ŉ oes vir die koninkryk van die hemel onder alle nasies in te samel. Ons geestelike lewe begin dus by die gebeure van sy eerste koms, daarna volg ons aardse pelgrimsreis om die lig van ŉ donker wêreld en die sout van ŉ bedorwe aarde te wees, en sodoende die boodskap van Christus se eerste én tweede koms aan die ongeredde wêreld te verkondig. By sy wederkoms sal Hy die Voleinder van ons geloof wees wanneer ons Hom as Bruidegom en Koning sal sien en in al sy heerlikheid sal deel. Sy vyande sal deur hulle eie toedoen vreesbevange wees oor hulle lot.

Jesus het tweeduisend jaar gelede uit die hemel na ŉ geestelik donker wêreld neergedaal as die lig van die wêreld. Hy het na God se uitverkore volk Israel gekom wat self in duisternis geleef het, ver van die Here af. Hulle het wel ŉ uitgebreide godsdiensstelsel en tempeldiens gehad, maar geestelik was dit donker in hulle harte omdat hulle geen verhouding met die Here gehad het nie. Hulle het God se woord en sy profete weerstaan en verwerp, daarom het die Here ná Maleagi vir 400 jaar lank tot met die koms van Jesus en sy wegbereider, Johannes die Doper, geen profete na afvallige Israel gestuur nie. Die geestelike nood in God se volk was so groot dat die Bybel sê die Messias het gekom na ŉ "volk wat in duisternis wandel ... in die land van die doodskaduwee" (Jes. 9:1; Matt. 4:16-17).

Die lewelose vormgodsdiens en wettiese selfregverdiging van Israel was só diepgewortel dat die groot meerderheid van hulle vir Jesus as Messias verwerp het omdat Hy nie by hulle denke en godsdienstige gebruike ingepas het nie. Johannes sê: "Die waaragtige lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld. Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan, en die wêreld het Hom nie geken nie. Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie. Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo" (Joh. 1:9-12). Daar was dus net redding vir die minderheid wat geglo het. Hulle het oorgekom uit die duisternis van verlorenheid tot in die wonderbare lig van die Messias se koninkryk. Hy het belowe: "Ek is die lig van die wêreld; wie My volg, sal sekerlik nie in duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê" (Joh. 8:12).

Die meerderheid mense in Israel sou egter die lig weerstaan en verkies om met hulle dooie vormgodsdiens en sondige lewens voort te gaan: "En dit is die oordeel: dat die lig in die wêreld gekom het, en die mense het die duisternis liewer gehad as die lig; want hulle werke was boos" (Joh. 3:19). Dit is die ongeloof van die mensdom self, naamlik die verwerping van die enigste Verlosser van die wêreld, wat veroorsaak dat God die sondaars moet oordeel. Die primêre doel van Jesus se koms na die aarde was om die mensdom te red: "Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word" (Joh. 3:17). Indien mense egter hierdie groot saligheid veronagsaam, laat hulle God geen keuse as om hulle te oordeel nie.

Die geestelike duisternis wat tydens Christus se eerste kom in Israel én die hele wêreld geheers het, word baie duidelik verbind aan die bestaan van ŉ vyandige koninkryk van die duisternis onder die leiding van Satan. Die Here Jesus het vir misleide godsdiensleiers gesê hulle het die duiwel as vader, en hy is ŉ mensemoordenaar en leuenaar van die begin af (Joh. 8:44). Hy is ook die owerste van hierdie wêreld omdat die misleide massas in sy mag is (Joh. 14:30; 1 Joh. 5:19). Dissipels van Jesus Christus ervaar die vervolging wat van Satan se koninkryk af uitgaan, daarom moet hulle die volle wapenrusting van God aantrek sodat hulle staande kan bly teen die liste van die duiwel (Ef. 6:11).

Hierdie toestand van vyandigheid sal egter nie vir altyd voortduur nie, want tydens Jesus se wederkoms sal Hy die mag van die koninkryk van die duisternis verbreek, die Antichris en valse profeet in die vuurpoel gooi en die duiwel en sy gevalle engele in ’n put laat bind (Op. 19:19–20:3). Daarna sal Christus ’n regering van geregtigheid en vrede op aarde instel en dan van die herstelde troon van Dawid af saam met sy heiliges oor die aarde regeer. Hy belowe egter nie ’n vrederyk aan die miljoene ongeredde mense wat steeds in vyandskap teenoor Hom leef nie, daarom moet die hele wêreld eers geëvangeliseer word voordat Hy as Koning van die konings geopenbaar kan word. Dit is die rede waarom die Here Jesus se missie na die wêreld rondom twee komste sentreer – eers as Verlosser van ’n verlore mensdom, en dan as Koning oor sy vrygemaakte en gelowige onderdane.

Tussen Christus se eerste en tweede koms moet die hele wêreld geëvangeliseer word, daarom het Hy aan sy dissipels gesê: “Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook” (Joh. 20:21). Dit is ’n baie groot opdrag: “Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom” (Mark. 16:15). Die verkondiging van die evangelie van lig is dus aan die dissipels toevertrou, daarom het Jesus vir hulle gesê: “Julle is die lig van die wêreld” (Matt. 5:14). Hulle is nie self die lig nie, maar hulle moet van die lig getuig. Hierdie opdrag moet uitgevoer word totdat Jesus weer kom om as Regter en Koning rekenskap van sy diensknegte te eis oor die uitvoering van sy opdragte, en ook mense in die hele wêreld aanspreeklik te hou oor hoedanig hulle op die boodskap van sy reddende genade gereageer het.

Dit is teen hierdie agtergrond dat ons die belangrike oproep tot aktiewe diens, waaksaamheid en geestelike weerbaarheid in Markus 13:33-37 moet verstaan. Met verwysing na sy Hemelvaart het Jesus reg aan die begin van die bedeling van wêreldevangelisasie gesê: “Dit is soos ’n man wat op reis is, wat sy huis agtergelaat en sy diensknegte volmag gegee het, en vir elkeen sy werk, en aan die deurwagter bevel gegee het om te waak” (Mark. 13:34). Hierdie opdragte moet uitgevoer word met die oog op sy terugkeer wanneer sy koninkryk geopenbaar, sy diensknegte beloon en die sondaars geoordeel sal word. Baie van Christus se diensknegte besef egter nie die erns van die situasie nie, daarom sy herhaalde oproepe tot toewyding en waaksaamheid.

Die noodsaaklikheid van bekragtiging deur die Heilige Gees

Dit sou vir die klein groepie vervolgde dissipels ’n onmoontlike taak wees om die evangelie van Jesus Christus te verkondig in selfregverdigende Israel, asook in ’n ganse heidenwêreld wat onder die mag en invloed van valse godsdienste was. Dit is waarom die Here Jesus deur middel van ’n spesiale salwing van die Heilige Gees aan sy dissipels die nodige bemagtiging, of geestelike volmag, gegee het om die kruisevangelie te midde van hewige teëstand te kon verkondig: “En Hy sê vir hulle: So is dit geskrywe, en so moes die Christus ly en op die derde dag uit die dode opstaan, en bekering en vergewing van sondes in sy Naam verkondig word aan al die nasies, van Jerusalem af en verder. En julle is getuies van hierdie dinge. En kyk, Ek stuur die belofte van my Vader op julle. Maar julle moet in die stad Jerusalem bly totdat julle toegerus is met krag uit die hoogte” (Luk. 24:46-49). Hierdie krag en Goddelike inspirasie sou hulle in staat stel om oral, selfs onder die moeilikste omstandighede, getuies vir Christus te kon wees: “... julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde” (Hand. 1:8). Hierdie belofte is aan dissipels van Christus gegee wat reeds deur die Heilige Gees gewederbaar was, maar nog nie vervul en vir diens bekragtig was nie.

Die krag van die Heilige Gees verleen nie net aan ’n dissipel insig en vrymoedigheid om die evangelie te kan verkondig nie, maar stel hom ook in staat om suksesvol weerstand te kan bied teen die aanslae en misleiding van die duiwel: “Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte [dit is die krag van die Heilige Gees]. Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel” (Ef. 6:10-11). In Markus 13 het die deurwagter die belangrike opdrag om wag te hou en toe te sien dat geen vyandige persone toegang tot sy heer se besittings kry en aanvalle op sy werknemers doen nie.

Ware dissipels en meelopers

Daar is ’n groot en belangrike vraag wat elke dissipel van die Here Jesus moet beantwoord: “Het jy ná jou bekering op die Here gewag totdat jy deur sy Heilige Gees vervul en toegerus is met krag uit die hoogte?” Indien nie, dan het jy nie die krag om sy opdragte uit te voer en suksesvol teen die vyand se aanslae weerstand te kan bied nie. Sulke mense kan dalk gered wees, maar hulle is net meelopers omdat hulle nog nie vir diens bekwaam gemaak is nie. Uit die gelykenis oor die vyf wyse en vyf dwase maagde in Mattheüs 25 blyk dit dat daar in die koninkryk van die hemel baie meelopers is wat selfs ook die koms van die hemelse Bruidegom verwag, maar hoegenaamd nie daarvoor gereed is nie. Hulle probleem word duidelik geïdentifiseer: “En toe die wat dwaas was, hul lampe neem, het hulle geen olie met hulle saamgeneem nie” (Matt. 25:3).

Olie is ’n bekende simbool van die Heilige Gees, en hierdie groep dwase volgelinge van Jesus is óf naamchristene wat net ’n gedaante van godsaligheid het (2 Tim. 3:5), óf hulle is vleeslike Christene wat nog nie met die Gees vervul is nie (1 Kor. 3:1-3; Gal. 5:17). Daar moet eerstens absolute duidelikheid verkry word dat jy wél gered en wederbaar is. Daarna moet jy die uitdaging aanvaar om ‘n volle oorgawe te maak en met die Gees vervul te word, want dan alleen sal jy nie ’n kragtelose en vleeslike lewe lei nie, maar die ekstra olie van die Heilige Gees in jou hart en lewe hê. Wanneer jy wél van heiligmaking kan getuig, is jy nie volmaak nie maar aan die begin van ’n lang pad van groei en ontwikkeling na geestelike volwassenheid. Op hierdie pad moet jy waak teen stagnasie en steeds streef na meer heiligheid en groter diensbaarheid.

Elke dissipel ontvang ’n Goddelike werksvermoë

Met spesifieke verwysing na diensbaarheid, sê Jesus In Lukas 19:11-20 die volgende: “’n Man van hoë geboorte het na ’n ver land gereis om vir homself ’n koningskap te ontvang en dan terug te kom. En nadat hy tien van sy diensknegte geroep het, gee hy hulle tien ponde en sê vir hulle: Dryf handel daarmee totdat ek kom. Maar sy medeburgers het hom gehaat en ’n gesantskap agter hom aan gestuur om te sê: Ons wil nie hê dat hierdie man koning oor ons moet wees nie. En toe hy terugkom, nadat hy die koningskap ontvang het, sê hy dat daardie diensknegte aan wie hy die geld gegee het, by hom geroep moes word, sodat hy kon weet wat elkeen met handel verdien het. En die eerste het verskyn en gesê: Meneer, u pond het tien ponde wins gemaak. En hy sê vir hom: Mooi so, goeie dienskneg; omdat jy in die minste getrou gewees het, moet jy gesag hê oor tien stede. En die tweede kom en sê: Meneer, u pond het vyf ponde verdien. En hy sê ook vir hierdie een: En jy moet wees oor vyf stede. En ’n ander een kom en sê: Meneer, hier is u pond wat ek in ’n doek weggesit het.” Hy het as ’n slegte dienskneg geen loon ontvang nie.

Die man van hoë geboorte wat na ’n ver land gereis het om ’n koningskap te ontvang, verwys na Jesus Christus self. Tydens sy eerste koms was Hy ’n nederige Dienskneg en Lam van God wat sy lewe as ’n losprys vir die sonde van die wêreld afgelê het, maar met sy wederkoms kom Hy as die Koning van die konings om sy vyande te oordeel en oor die wêreld te regeer. Voor sy Hemelvaart het Hy aan elke dissipel ’n pond gegee om daarmee te werk in die uitbreiding van sy koninkryk op aarde. Hierdie pond verwys na die instaatstellende krag van die Heilige Gees, en dit word net gegee aan mense wat reeds diensknegte van Christus is.

Volgens 1 Korinthiërs 3:8 sal elke dissipel sy eie loon volgens sy eie arbeid ontvang. Dit is alles net genadeloon volgens die mate waartoe elkeen onder die leiding van die Heilige Gees vrug gedra het wat by die bekering pas. Nie almal se erns en toewyding is egter op die selfde vlak nie, daarom sal sommiges meer loon ontvang, ander minder, en sommiges selfs niks nie. Daar is ongelukkig Christene wat glad nie hierdie “pond” gebruik nie, dit in ’n doek toedraai en so aan die Here teruggee. Hulle sal voor Hom staan met leë hande, gered asof deur vuur heen (1 Kor. 3:13-15). Dit is die beeld van ’n mislukte dissipel wat nie met die Gees vervul was nie, net met sy eie dinge besig was en geen visie vir die saak van die Here gehad het nie. Om vir die Here se koms gereed te kan wees, beteken dus om op geestelike gebied aan God se doel met jou lewe te voldoen deur ook dinge te doen wat ewigheidswaarde het en sodoende skatte in die hemel te versamel sodat jy nie met leë hande daar sal opdaag nie.

Uit hierdie gelykenis is dit ook duidelik dat daar baie mense in die samelewing is wat totaal negatief teen die Here Jesus en die verkondiging van die evangelie is. Hulle sê: “Ons wil nie hê dat hierdie man koning oor ons moet wees nie” (Luk. 19:14). Diensknegte van Christus moet besef dat hulle hul werk in ’n vyandige wêreld moet doen waarin net ’n minderheid mense werklik positief op die evangelie sal regeer. Die meerderheid van hulle sal die duisternis liewer hê as die lig, omdat hulle werke boos is (Joh. 3:19). As gevolg hiervan is ware dissipels van Christus vreemdelinge en bywoners in ’n wêreld wat in die mag van die Bose lê (1 Joh. 5:19).

Ons is nie in hierdie bedeling konings wat ’n koninkryk-nou teologie verkondig nie, maar diensknegte wat die evangelie van genade moet verkondig. Dit is eers wanneer die Koning teruggekeer en sy vyande geoordeel het, dat sy koninkryk sigbaar op aarde geopenbaar sal word. Dán sal ons as konings saam met Hom regeer – dit gebeur nie nou al nie!

Twee basiese opdragte

Die feit dat die Here Jesus vir sy diensknegte hulle werk gegee het en vir die deurwagter die opdrag om te waak, beteken nie dat sekere dissipels die basiese werk in sy koninkryk moet doen, en dat ander net moet waak teen gevare en vyandige indringers nie. Hierdie twee aktiwiteite moet deur alle diensknegte uitgevoer word. Elke dissipel moet alles moontlik doen om ’n getuie van Christus se reddende genade te wees, maar terselfdertyd ook waak teen die vyand se aanvalle. Diegene wat net by die evangelie betrokke wil wees en hulle glad nie steur aan die stryd teen die Bose met al sy planne vir misleiding nie, sal gou self die slagoffers van misleiding en vleeslike versoekings wees. Elkeen van ons móét weet wat “die goeie stryd van die geloof” is (1 Tim. 6:12), sodat ons weerstand teen misleiding en versoekings kan bied.

In die Ou Testament is daar ’n treffende illustrasie van die gelyktydige uitvoering van ons twee opdragte om vir die Here te werk én teen vyandige aanslae te waak. Israel het ná hulle terugkeer uit die Babiloniese ballingskap die groot taak gehad om Jerusalem en die tempel te herbou. Die werk is egter bemoeilik deurdat Israel se vyande hulle voortdurend aangeval het terwyl hulle gebou het. Nehemia het toe opdrag gegee dat die bouers bewapen moes word om voortdurend paraat te wees vir moontlike aanvalle: “Van die bouers aan die muur het die lasdraers [diegene wat die boumateriaal moes aandra] hulle werk so gedoen dat hulle met die een hand die werk verrig het, terwyl die ander hand die werpspies vashou, en die bouers het elkeen sy swaard aan sy heupe gegord en gebou” (Neh. 4:17-18).

Ons is in dieselfde situasie en moet voortdurend weerbaar wees teen aanvalle op ons persoon, op ons sosiale en ekonomiese belange, op die bediening wat die Here aan ons toevertrou het, en ook op aanvalle teen die suiwerheid van die leerstellings wat ons verkondig. Ons moet daarop ingestel wees om die leuen teë te staan terwyl ons die waarheid verkondig. As ons ons pad suiwer wil hou, sal ons moet waak teen al die subtiele maar valse afdraaipaadjies wat aan ons gebied word – nie net op morele gebied nie maar ook op die leerstellige terrein.

Ons kan net vir die wederkoms gereed wees as ons Christus waarlik ken, al die beloftes oor sy koms reg verstaan en ook besef dat ons geestelik voorbereidings moet tref om op ’n waardige wyse voor die hemelse Bruidegom te verskyn. Dit is van geen geestelike nut om die koms van Christus hoofsaaklik ter wille van sensasie te verkondig en allerlei twyfelagtige tekens en spesifieke datums vir sy geheime koms aan te bied nie. Die spreekwoordelike “dwase maagde” sal agterbly – nie omdat hulle nie die Bruidegom verwag het nie, maar omdat hulle nie geestelik reg voorbereid was om Hom te ontmoet nie.

Elke Christen moet seker maak dat albei die basiese opdragte wat Christus aan sy dissipels gegee het, uitgevoer word. Die eerste opdrag staan in verband met die werk wat die Here aan ons gegee het m.b.t. die evangelisering van die hele wêreld. Selfs al tree net ’n minderheid van die mense deur die nou poort tot die pad van die Here toe, moet alle mense die uitnodiging tot redding ontvang. Almal van hulle is op ten minste een waarskuwing teen die gevolge van verlorenheid geregtig. Die ander opdrag, dié aan die deurwagter, staan in verband met

geestelike weerbaarheid teen aanvalle van die vyand. Elkeen van ons moet voortdurend die deur na ons eie hart bewaak, asook die deur na ons gesinslewe en die gemeentes waaraan ons behoort, sodat daar nie ongewenste elemente insluip nie. Gee vir die duiwel geen plek nie!

Waaksaamheid as die sleutel tot getrouheid

Dit is duidelik dat waaksaamheid ter wille van die onafgebroke handhawing van 'n hoë Christelike standaard 'n belangrike sleutel tot getrouheid aan Christus is. Paulus sê: "Laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê, die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof" (Heb. 12:1-2). As ons Christus altyd voor oë hou en sy wederkoms enige oomblik verwag, sal ons op elke terrein van ons geestelike lewe waaksame Christene wees. Die Bybel noem 'n groot aantal sondes en probleme waarteen ons moet waak – veral die volgende:

Waak teen sonde. Wanneer 'n Christen verlei word om sonde te doen en daardeur oorwin te word, gee dit aan hom 'n slegte gewete, dit besoedel sy lewe, bring skeiding tussen hom en die Here, ondermyn sy vrymoedigheid om vir Christus te werk, en kan hom van die pad van geregtigheid laat afdwaal indien hy die sonde nie betyds bely en laat staan nie.

Waak teen laste. Dit is dinge wat nie in sigself sonde is nie, maar wat jou van jou tyd en geld laat verkwis op dinge wat geen geestelike waarde het nie en ook nie andersins noodsaaklik is nie. Dit verwys na nuttelose aktiwiteite wat jou weghou van groter diensbaarheid aan die Here.

Waak teen veragtering in die genade. Christene wat toelaat dat sonde en onnodige laste hulle aftrek in die lewe, kan veragter in die genade en daardeur toelaat dat die duiwel hulle van genadeloon beroof wat hulle kon gekry het. Waaksaamheid en 'n sterk ingesteldheid op die wederkoms kan hierdie situasie voorkom. Die Here Jesus sê: "Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het sodat niemand jou kroon kan neem nie" (Op. 3:11). Deur jou voortgesette volharding en toewyding moet jy sorg dat jy hierdie wedloop as 'n oorwinnaar afsluit. Die groot Oorwinnaar sê: "Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom. En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee" (Op. 2:25-26).

Waak teen die verwerping van jou wederkomsverwagting. Mense wat nie Christus se koms aktief verwag nie en dit doelbewus van hulle af wegstoot, raak geestelik afvallig en vergeet maklik dat hulle aanspreeklik is teenoor Hom vir alles wat hulle doen. Hulle begin dan om vleeslik te lewe en ook arrogant teenoor ander Christene op te tree: "Maar as daardie slegte dienskneg in sy hart sê: My heer talm om te kom – en hy sy mededienskneg te begin slaan en saam met die dronkaards begin eet en drink, dan sal die heer van dié dienskneg kom op 'n dag dat hy dit nie verwag nie ... en hom 'n deelgenoot van die geveinsdes maak" (Matt. 24:48-51).

Waak teen 'n verflouing van jou wederkomsverwagting. Dit is nie noodwendig dat almal wat die belofte van die wederkoms vergeet of ignoreer, tot groot uiterstes van geestelike verval sal afdaal nie, maar daar sal nogtans negatiewe gevolge intree. In die gelykenis van die tien maagde lees ons: "En terwyl die bruidegom talm om te kom, het hulle almal vaak geword en aan die slaap geraak" (Matt. 25:5). Selfs die ware gelowiges kan toelaat dat hulle verwagting op die koms van die hemelse Bruidegom vervaag, en dit kan tot passiwiteit en selfs belangeloosheid in die diens van die Here lei. Dit is nodig dat hulle ontwaak om die erns van die situasie te besef, naamlik dat geleenthede om vir die Here te werk, vinnig verbygaan. Dit is 'n aanklag teen die wyse maagde dat selfs hulle wat die Here ken, ook geestelik aan die slaap kan raak wanneer hulle behoort te waak en te bid. Die Here Jesus wil 'n situasie van hierdie aard voorkom, daarom word die moontlikheid van sy skielike koms as 'n dringende wekroep aan sy dissipels voorgehou: "Waak dan, want julle weet nie wanneer die eienaar van die huis kom nie: in die aand of middernag of met die haangekraai of vroeg in die môre nie; dat hy nie miskien skielik kom en julle aan die slaap vind nie. En wat Ek vir julle sê, sê Ek vir almal: Waak!" (Mark. 13:35-37). Ons moet wakker, diensbaar en waaksaam wees, want die nag van God se oordele tydens die verdrukking is op hande, en dan sal die kerkbedeling verby wees.

Waak teen geestelike misleiding. In die eindtyd is daar ŉ geweldige toename in valse leerstellings wat Satanies geïnspireerd is: “Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang” (1 Tim. 4:1). Die Bybelse leer oor die wederkoms word ook geweldig aangeval, verdraai, en die kardinale aspekte daarvan ontken. Toe die dissipels aan die Here Jesus gevra het wat die tekens van sy koms is, het Hy geestelike misleiding as die heel eerste teken genoem: “Pas op dat niemand julle mislei nie. ... [Want] baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei” (Matt. 24:4, 11). Die duiwel en sy medewerkers kom dikwels in die gedaante van engele van die lig en doen hulleself as spesiale gesante van Christus voor – sodoende oorreed hulle die deurwagter om die deur vir hulle oop te maak en hulle in te nooi (2 Kor. 11:13-15). Hulle gebruik dan die geleentheid om Christene deur valse leerstellings te mislei en ontrou aan die leer van Christus te maak.

As deel van die misleiding sal daar ook baie valse gerugte oor Christus se wederkoms in omloop wees: “As hulle dan vir julle sê: Kyk, Hy is in die woestyn – moenie uitgaan nie; kyk, Hy is in die binnekamer [dalk op die TV?] – moet dit nie glo nie” (Matt. 24:26). Hierdie ander aansprake verwys na die verskyning van die Antichris. Die Here Jesus kom voor die verdrukking soos ŉ dief in die nag wanneer niemand dit verwag nie (Op. 3:3; 16:15) en sal dan sy bruid na haar hemelse woning wegvoer. Ná die sewe jaar van verdrukking kom Hy op ŉ hoogs dramatiese wyse in die openbaar, soos die weerlig wat van die ooste uitslaan en tot in die weste sigbaar is, en dan sal elke oog Hom sien (Op. 1:7). Hy sal nie iewers in die Midde-Oosterse woestyne of in mense se binnekamers verskyn nie, maar uit die hemel neerdaal en sy voete op die Olyfberg in Jerusalem sit (Sag. 14:4-5).

Waak teen die sorge van die lewe en wêreldse uitspattigheid. “Maar pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorge van die lewe nie, en dié dag julle nie skielik oorval nie. Want soos ŉ strik sal hy kom oor almal wat op die hele aarde woon. Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan” (Luk. 21:34-36). Sonde en donker gedagtes tree dikwels in wanneer die blye verwagting op die Here se koms vervaag. Sulke mense vergeet die wonderlike beloftes van sy koninkryk van geregtigheid wat op aarde gevestig gaan word, staar hulleself blind teen die donker scenario van ŉ eindtydse, goddelose wêreld, en verval dan maklik in sondige gewoontes om die onaangename werklikheid rondom hulle te probeer vergeet. Teruggevalle Christene kan hulle genadeloon verloor (2 Joh. 1:8), en in uiterste gevalle selfs hulle geloof (Heb. 3:12-14). Ons geloof moet vasberade opgebou en versterk word (Jud. 1:20), en nie deur sonde en twyfel verswak word nie.

Toegewyde dissipels van Jesus Christus is egter nie kompromiemakers en twyfelaars wat maklik kapituleer as die stryd hewig raak nie, maar is by ŉ proses van toenemende heiligheid betrokke (Op. 22:11). Wanneer die nag ver gevorder het, sal die Blink Môrester (Christus – Op. 22:16) bokant ŉ donker horison verskyn om sy getroue volgelinge weg te voer na die hemelse ivoorpaleis waar die bruilof van die Lam sal plaasvind (Ps. 45:9-10). Onder op die aarde sal die donker tyd van die Antichris se misleiding en skrikbewind kort daarna aanbreek. Dit was met verwysing hierna dat die Here Jesus gesê het ons moet waak en bid sodat geestelik waardig sal wees om die komende uur van duisternis en verdrukking te ontvlug en in hemelse heerlikheid voor die Seun van die mens gestel te word.

2. Profetiese Betekenis van die Beeld in Daniël 2

Skriflesing: Daniël 2:31-45

Dit is duidelik dat die lang tydperk van die nie-Joodse nasies se heerskappy op aarde (polities, militêr, ekonomies, moreel en godsdienstig) besig is om af te stuur op 'n ingryping deur God om die sondaars te oordeel, die tye van die nasies af te sluit, Israel se koninkryk te herstel en daarmee saam ook die koninkryk van die hemel op aarde te openbaar. Daarna sal die duisendjarige vrederyk van Christus se heerskappy verloop. Die Here wil hê dat ons ingelig moet wees oor sy plan vir Israel en die nasies, sodat ons uit 'n Bybelse oogpunt die regte perspektief op wêreldgebeure kan hê, en ook die regte wederkomsverwagting.

Die Here het in 'n droom aan Nebukadnésar die mag en opeenvolging van heidense koninkryke geopenbaar – vanaf die vernietiging van Israel se koninkryk deur die Babiloniese Ryk, tot by die wederkoms van Christus wanneer die troon van Dawid in groter heerlikheid as tevore in Jerusalem herstel sal word. Aan die einde van die tye van die nasies sal die Antichris se wêreldregering, wat die finale manifestasie van heidense mag is, deur Christus vernietig word. Dit is belangrik om daarop te let dat die profetiese scenario van die beeld ononderbroke deur verskeie chronologies fases vorder totdat Israel se koninkryk weer herstel sal word wanneer hulle Messias/Koning terugkom. Dit sal terselfdertyd die openbaring van God se koninkryk wees.

Die kerkdispensasie is deel van die tye van die nasies wanneer Israel verstrooi en hulle hoofstad onder vreemde beheer vertrap word. Die Here Jesus het gesê "...en Jerusalem sal vertrap word deur die nasies totdat die tye van die nasies vervul is" (Luk. 21:24). Die vernietiging van heidense regerings in die wêreld sal skielik en dramaties plaasvind tydens die wederkoms van Christus. Hy is die klip, of rots, wat sonder die toedoen van mensehande die beeld sal vernietig. In Openbaring staan daar: "Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid" (Op. 11:15). "Uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan, en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer" (Op. 19:15).

Nebukadnésar het 'n profetiese vergesig gehad wat tot in die eindtyd strek. Hy het egter nie sy droom verstaan nie, maar Daniël het oor Goddelike insig beskik en was in staat om dit aan hom te beskryf en te verklaar. Sy uitleg het 'n opeenvolging van heidense ryke aangedui wat as magtige koninkryke oor die destyds bekende wêreld, en dus ook oor Israel, sou regeer. Die Babiloniese Ryk was die kop van goud. Die Here het Nebukadnésar aangestel sodat uitvoering aan God se raadsplan vir die nasies deur hom gegee kon word. Alle mense is aan sy gesag onderwerp, en die Babiloniese Ryk het van 626 tot 539 v.C. regeer.

Die tweede deel van die beeld was die bors en arms van silwer. Dit het gedui op die ryk van die Meders en die Perse (die twee arms van die beeld) wat die Babiloniërs in 539 v.C. oorwin en onderwerp het. Hoewel die Medo-Persiese Ryk meer as 200 jaar lank regeer het, van 539 tot 330 v.C., wat veel langer was as die Babiloniese Ryk se 87 jaar, was dit minderwaardig teenoor die Babiloniese Ryk, soos wat silwer minder werd is as goud.

Die buik en lendene van koper stel die derde koninkryk voor, naamlik die Griekse Ryk. Alexander die Grote het die Medo-Persiese Ryk in 330 v.C. verslaan en daarna hulle hele gebied beheer. Hy het die Griekse Ryk verder oos tot in Indië uitgebrei.

Die bene van yster stel die Romeinse Ryk voor. Hulle het die Griekse Ryk in 63 v.C. verower. Hoewel die Romeinse Ryk in twee dele verdeel is, soos die twee bene van die beeld, en uiteindelik in 'n mengsel van yster en klei sal eindig, was dit nogtans een ryk. Hierdie ryk is deur sy groot krag gekenmerk, soos wat yster sterker is as brons, silwer en goud. Die Romeinse Ryk het hard en genadeloos toegeslaan en al die lande wat deel van die vorige drie ryke was, by hulle eie ryk ingelyf. Met verloop van tyd het die Romeinse Ryk sy solidariteit verloor en in 476 n.C. as 'n gesentraliseerde politieke eenheid verbrokkel en van die toneel verdwyn.

Die Romeinse Ryk is egter nooit deur ’n ander wêreldryk oorwin en vervang nie, maar het in ’n gedesentraliseerde vorm voortgegaan om sy invloed op verskeie lewensterreine oor die aarde te laat uitgaan. Ten spyte van sy politieke verbrokkeling as ’n enkele wêreldryk, het Europese lande in hulle eie reg voortgegaan om die politieke, ekonomiese en kulturele landskap van die res van die wêreld te bepaal. Heelwat later is ’n Europese taal, Engels, as wêreldtaal aanvaar. Twee belangrike beskawingspunte en magsbasisse is gevestig met die oog op die verkenning, verowering en ontwikkeling van die buitewêreld – die een in Rome in die weste en die ander een in Konstantinopel in die ooste van Europa. Op hierdie manier het die twee bene van die beeld deur die eeue heen voortgegaan om hulle invloed in die res van die wêreld te laat geld. Die dinamika van Europese kultuur was dus deurlopend die stukrag en motivering vir ’n nuwe beskawing in die wêreld.

Die westelike deel van die Romeinse Ryk was ’n belangrike groeipunt vir die Westerse beskawing en sy kapitalistiese vryemarkstelsel wat kenmerkend van die eerste wêreld is. Wes-Europese kulture, die Romeinse reg en die Christelike geloof (Katolisisme én Protestantisme) het hiervandaan verder versprei – ook na ander wêrelddele wat weens kolonisasie deur Wes-Europese lande onder hulle beheer gekom het. Die invloed van Europese kultuur was fenomenaal, en in ’n stadium het die Britse Ryk kolonies rondom die wêreld gehad – vanaf Amerika in die weste tot ver anderkant Indië in die ooste. Dit het tot die uitdrukking gelei: “The sun never sets over the British Empire.”

Die oostelike deel van die Romeinse Ryk wat uit Konstantinopel beheer is, het ook verder uitgebrei tot in Rusland en dele van Asië. Hiermee saam het die invloed van die Grieks-Ortodokse Kerk gegaan, wat gelei het tot die vestiging van die Russies-Ortodokse Kerk. Sodoende het Oos-Europa ’n groeipunt vir die tweede wêreld geword, wat later deur kommunisme oorheers is. Die revolusionêre ideologie van kommunisme is ook ’n uitvoerproduk van Europa. Karl Marx (1818-1883) was ’n Duitse filosoof wat later ook in Parys, Brussel en Londen gewoon het. Hy en sy vriend Engels het in 1847 die Kommunistiese Manifes gepubliseer, met die volgende openingsreël: “’n Gedaante spook in Europa – die gedaante van kommunisme.” Kommunisme is egter nie in Europa aanvaar en geïmplementeer nie. Die later aanvaarding van kommunisme deur Rusland, Sjina en verskeie ander lande, het daartoe gelei dat ’n groot deel van die wêreldbevolking in ’n stadium onder kommunistiese beheer was.

Die ideologiese, ekonomiese en godsdienstige verdeling van die wêreld tussen ’n eerste en tweede wêreld, het veral sterk gemanifesteer as ’n ideologiese verdeling tussen kapitalistiese en kommunistiese state. Dit het Europa ook ná die Tweede Wêreldoorlog op ’n sigbare wyse deur middel van die ystergordyn verdeel. Die oos-wes-verdeling in Europa het dus die grondslag gevorm vir ’n oos-wes-verdeling in die hele wêreld, met die gevolg dat die twee bene van die beeld in Daniël 2 ’n baie wyer toepassing verkry het. Die gevolg was ’n skerp onderskeid tussen die twee wêrelde van kapitalistiese vryheid in die weste, en beperkende, ateïstiese kommunisme in die ooste. Beide het gestreef om in eie reg die hele wêreld te oorheers, maar nie een van die twee kon heeltemal daarin slaag nie. Die twee bene van Daniël se beeld het voortgegaan om in die wêreld gesien te word, terwyl elkeen van hulle se invloed steeds verder uitgekring het – kapitalisme in ’n veel groter mate as kommunisme.

Met verloop van tyd is daar ’n sogenaamde derde wêreld tot die internasionale gemeenskap toegevoeg, wat ontstaan het uit die ontdekking en kolonisering van onbekende gebiede ver van Europa af. Die derde wêreld het egter nie ’n duidelike ideologiese identiteit van sy eie nie, aangesien dit hoofsaaklik onder die beheer van die eerste wêreld gekom het. Koloniale magte soos Brittanje, Duitsland, Spanje, Portugal, Nederland en België het hulle beskouings, gebruike en instellings baie sterk op hierdie lande afgedruk deur selfs hulle grense en name te bepaal. Sodoende het Europese lande nog ’n wyer toepassing aan die twee bene van die beeld verleen en op ’n veel groter skaal as in die verlede van die Romeinse Ryk in sy gedesentraliseerde vorm ’n wêreldryk gemaak.

Mettertyd het kommunisme, behalwe in Sjina, voor ekonomiese werklikhede geswig en tot ’n val gekom in Rusland, die groot kampvegter van hierdie radikale ideologie. Daarmee saam het die hele Unie van Sosialistiese Sowjet Republieke (USSR) ontbind toe die betrokke lande oorgeskakel het na die Westerse kapitalistiese vryemarkstelsel, demokratiese verkiesings, asook die erkenning van groter vryhede in die algemeen. Selfs in Sjina is na die kapitalistiese ekonomie oorgeskakel, maar sonder om van die politieke diktatuur van kommunisme af te sien.

Kapitalisme, saam met die vryhede wat dit in die samelewing meebring, het mettertyd die dominante mag in die wêreld geword, en dit het daartoe gelei dat ekonomiese mag ook die aansien van politieke mag en militêre vermoëns bepaal het. Die geldgod, Mammon, het sy greep stewig in alle samelewings ingeslaan, en dit het die einde van die Romeinse Ryk se rigiede oos-wes-verdeling in die wêreld meegebring. Ons staan nou op die drumpel van ’n nuwe wêreldorde wat die weg baan na die vorming van onafhanklike ekonomiese en geopolitieke magsblokke in die wêreld wat almal saam aan ’n gemeenskaplike wêreldregering kan deelneem. Dit skep die moontlikheid dat, soos in die antieke ryke, ’n enkele leier beheer oor die hele wêreld kan verkry.

Die tien tone van die beeld

Dit is hoogs betekenisvol dat die twee bene van die beeld wat Nebukadnésar gesien het, in sy finale stadium verdeel en op tien tone uitloop. Hulle is soos yster en klei wat nie tot ’n hegte eenheid saamgevoeg kan word nie, en dit impliseer dat daar onderling ’n groot mate van ideologiese, kulturele, taalkundige en godsdienstige diversiteit tussen hulle is. Dink bv. aan die verskille tussen ’n Europese Katoliek, ’n Arabiese Moslem, ’n Sjinese kommunis, ’n Indiese Hindoe en ’n Tibettaanse Boeddhis. Hierdie nasies is ook nie ewe sterk en ewe ver ontwikkel nie, want sommige van hulle is bros soos klei en ander sterk soos yster (Dan. 2:42).

Die tien tone is profeties beslis eindtyds omdat die vernietiging van die beeld in die laaste dae met die vernietiging van die tien tone in verband staan. Daniël sê: “’n klip [het] losgeraak wat die beeld getref het aan sy voete van yster en van klei en dit fyngestamp het” (Dan. 2:34). Hierdie tien tone verwys dus nie na tien historiese provinsies van die antieke Romeinse Ryk nie, maar na tien eindtydse magsblokke in die hele wêreld wat tot ’n groot mate hulle ekonomiese en politieke karakter uit Europa (die ou Romeinse Ryk) verkry het.

Die nuwe wêreldorde wat nou aan die ontstaan is, is ’n poging tot die vereniging van die eerste en tweede wêrelde wat uit die twee bene van die Romeinse Ryk voortgevloei het, asook al die verdere verdelinge wat sedertdien plaasgevind het. Die oogmerk hiermee is dat die nie-Joodse nasies van die wêreld weer ’n gesamentlike struktuur wil skep vir die beheer van die hele wêreld. Vir die volle realisering hiervan moet politieke en militêre mag weer, soos in die antieke wêreldryke, in die hande van een persoon gesentraliseer word, sodat dit op die res van die wêreld afgedwing kan word.

In moderne tye het die wêreld in ’n groot aantal onafhanklike lande verdeel geraak. Ernstige ekonomiese probleme weens oorbesteding deur regerings sowel as individue het egter daartoe gelei dat lande op ’n streeksbasis, soos bv. in Europa, besig is om ter wille van ontwikkeling en oorlewing groter ekonomiese eenhede te vorm. Daar is ook ander oorwegings vir sulke alliansies, bv. beveiliging teen moontlike oorloë en terroriste-aanvalle. Gaandeweg ontwikkel elke streek ’n sterker identiteit en politieke samehorigheid, soos gesien kan word in Europa, die Arabiese lande in die Midde-Ooste, Noord-Amerika, ens.

Dit is interessant dat die hele wêreld tans in tien ekonomiese magsblokke verdeel raak. Weens onderlinge wedywering, asook ideologiese en godsdienstige verskille tussen lande, word die begrensing van sekere van hierdie streke tans nog betwis, maar die proses is onomkeerbaar. Wanneer daar op Google gesoek word na “Ten economic regions of the world”, word verskeie bronne genoem waarin daar na hierdie tien streke verwys word. Nie almal is dit eens oor presies hoe hulle afgebaken moet word nie, maar hulle erken nogtans die feit dat daar tien sulke streke is. Die volgende is die mees waarskynlike afbakening:

1. Die Europese Unie; **2.** Noord-Amerika (VSA, Kanada en Alaska); **3.** Suid-Amerika; **4.** Australië saam met eilandstate in die suidelike Stille Oseaan; **5.** Rusland en verskeie lande in sy invloedsfeer; **6.** Sjina en omliggende lande; **7.** Indië en state in sy omgewing; **8.** 'n Suidoos-Asiatiese ekonomiese blok met Japan as leidende land; **9.** die Midde-Ooste; en **10.** Afrika soos verteenwoordig deur die Afrika-Unie.

Dit is om ander redes ook duidelik dat die tien tone van die beeld nie na die tien provinsies in die antieke Romeinse Ryk verwys nie. Die herstelde Romeinse Ryk soos deur die Europese Unie verteenwoordig, het reeds 27 lidlande en dit is baie onwaarskynlik dat hulle tot tien verminder sal word. Daar is ook geen konkrete aanduidings dat die eindtydse groep van tien uit Rome beheer sal word nie. Die tien tone is ekonomiese en geopolitieke streke in die wêreld wat óf in 'n stadium onder die direkte beheer van 'n Europese land was, óf op een of ander wyse hulle ekonomiese ontwikkeling aan die Westerse beskawing te danke het. Die VSA en Kanada was bv. in 'n stadium ook Britse kolonies en is dus 'n wesenlike deel van die Wes-Europese been van die antieke Romeinse Ryk. Die tien tone is inderdaad verteenwoordigend van die hele wêreld, daarom is dit onnodig om vrae te vra soos: "Waarom word Amerika nie in Bybelse profesieë genoem nie?" Amerika is 'n belangrike deel van die eindtydse wêreld wat na aanleiding van Europese uitbreiding geskep is, en sal voortgaan om 'n belangrike rol te speel.

In die ontluikende nuwe wêreldorde is die tien ekonomiese streke in die wêreld besig om ook nouer politieke bande met hulle bondgenote te smee, sodat hulle in 'n toekomstige wêreldregering die belange van hulle streek beter sal kan behartig. Soos wat die Europese Unie, die Arabiese Bond in die Midde-Ooste, en die Afrika-Unie elk 'n leier het, sal ander streke ook onder gepaste politieke leierskap verenig word. In sommige gevalle sal die staatshoof van die leidende land in die streek die leiding neem, soos, bv. in die gevalle van Rusland, Sjina en Indië.

Dit is interessant dat die kwessie van leierskap in die tien streke eers finaal bepaal sal word wanneer die Antichris op die toneel verskyn. Dit is 'n aanduiding dat hy leiers van sy eie keuse sal aanstel. In Openbaring 13 en 17 word die tien tone van die beeld voorgestel as tien horings op die kop van die dier (die Antichris). Johannes sê: "En die tien horings wat jy gesien het, is tien konings wat nog geen koningskap ontvang het nie, maar hulle ontvang mag soos konings een uur lank saam met die dier. Hulle het een gesindheid en sal hulle krag en mag oorgee aan die dier" (Op. 17:12-13).

Hierdie tien konings (hoofde van die tien streke) sal saam met die res van die wêreldbevolking spontaan onder die leierskap van die Antichris verenig word en in vervoering oor sy vermoëns wees: "En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan gegaan ... en die dier aanbid en gesê: "Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer?" (Op. 13:3-4). Johannes sê: "...aan hom is mag gegee oor elke stam en taal en nasie" (Op. 13:7). Moet dus nie dink dat hy net 'n Midde-Oosterse of Europese leier sal wees nie – hy sal spoedig wyer steun verwerf en 'n volwaardige wêreldleier word.

Regering van die Antichris

Later in die boek Daniël word daar weer na hierdie tien uitlopers van die Romeinse Ryk verwys, maar dan as tien horings op die kop van 'n wreedaardige dier (Dan. 7:7-8, 20-28). Dit is dieselfde dier met die tien horings waarna Johannes ook verwys (Op. 13:1; 17:3, 12, 16). In 'n historiese toepassing kan die horings verwys na provinsies in die antieke Romeinse Ryk, maar in die eindtydse toepassing daarvan, wanneer die Antichris verskyn, verwys dit beslis in 'n breër verband na tien ekonomiese streke wat onder die nasies sal bestaan. Drie van die tien horings sal deur hierdie eindtydse leier (die Antichris) ontwortel en onder sy persoonlike leierskap verenig word (Dan. 7:8), sodat sy eie magsbasis onaanvegbaar sal wees.

Volgens Daniël 11:31-45 sal een van die Antichris se titels "die koning van die Noorde" wees (noord, soos gesien vanuit Israel). In verskillende stadiums het "die Noorde" verwys na Sirië, Assirië of Babilonië (vgl. ook Jes. 10:12-14). Dit impliseer dat die Antichris uit die Midde-Ooste

sal verrys. Sirië was een van die tien provinsies van die antieke Romeinse Ryk, en is bestem om in die eindtyd weer ’n belangrike rol te vervul.

Binne die groter scenario van tien ekonomiese magsblokke in die wêreld sal die Antichris dus uit die Midde-Ooste verrys en dan hierdie streek met twee ander streke verenig om ’n baie sterk magsblok in ’n verminderde groep van agt te vorm. Die Bybel gee nie vir ons ’n aanduiding oor watter drie streke verenig sal word nie. Dit mag wees dat hy die Midde-Ooste, Europa en Noord-Amerika sal verenig. Die VSA is reeds d.m.v. NAVO by Europese en Midde-Oosterse sake betrokke, veral wat verdediging betref, en hulle is tans die mees prominente verteenwoordiger van die Westerse, Europese kultuur. Dit sal groot mag aan die Antichris verleen.

Daar gaan gewis ’n nuwe wêreldorde tot stand kom, wat sal lei tot die skepping van ’n wêreldregering met uitvoerende magte. Die Antichris sal beheer hieroor verkry, en die leiers van die tien streke sal vrywillig hulle eie gesag aan hom oordra. In navolging van die Antichris (Op. 13:5-7) sal hierdie ryk fanaties teen die koninkryk van God en die ware Christus gekant wees. Johannes sê: “Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings” (Op. 17:14).

Die Antichris se wêreldregering sal die hervatting en voortsetting wees van ’n lang tradisie van wêreldregerings wat in assosiasie met valse godsdienste opgetree het – net baie erger as ooit in die verlede. Dit is waarom hy in Openbaring 13:1-2 as ’n saamgestelde dier beskryf word met die kop van ’n leeu (Babilonies), die pote van ’n beer (Medo-Persies), die lyf van ’n luiperd (Grieks), met tien horings op sy kop (Romeins). Al hierdie ryke sal in sy wêreldregering herleef. Die vrede wat die Antichris en sy wêreldregering sal bring, sal egter van korte duur wees omdat hy die spesiale verteenwoordiger van die koninkryk van die duisternis sal wees. Hy sal vrede en eenheid net as ’n rookskerm gebruik om sy bose motiewe te verbloem. Johannes sê: “Die draak [Satan] het hom sy krag gegee en sy troon en groot mag” (Op. 13:2). Die Antichris sal in samehang met ’n alliansie van valse godsdienste regeer en alles in sy vermoë doen om die aanbidding van die ware Christus van die aarde af uit te roei (Op. 13:7; 17:3-6). Goddelike oordele sal oor hierdie ryk uitgestort word, en dit sal die skielike einde daarvan meebring.

Teen die einde van die verdrukking sal die Antichris alle mag in die stryd werp om teen Christus en sy hemelse leër te veg wanneer Hy weer kom. Daar sal selfs van demoniese misleiding gebruik gemaak word. Geeste van duiwels sal van die Antichris en valse profeet af uitgaan om die konings van die aarde aan te hits om hulle magte na Armagéddon te stuur vir hierdie groot oorlog (Op. 16:13-16). Dit sal egter ’n futiele oefening wees om te probeer veg teen Hóm wat alle mag in die hemel en op aarde het!

Vernietiging van die beeld

’n Duidelike beskrywing word gegee oor die vernietiging van die beeld van die nasies se heerskappy op aarde. ’n Klip raak sonder toedoen van mensehande los, tref die beeld aan sy tone en vergruis die hele beeld. Wanneer die koninkryke van die nasies finaal vernietig word, sal dit nie deur menslike toedoen geskied nie. Die klip (rots) wat neerdaal en dit tref, dui op die wederkoms van Christus, wat ook Israel se Messias is. Hy word dikwels in die Bybel met ’n rots vergelyk (Ps. 118:22; Jes. 8:14; 1 Pet. 2:6-8). Hierdie rots sal groot word en die hele aarde vul. Die koms van Christus, en sy verdelging van die aardse magte wat onder die leiding van die Antichris in Israel sal saamtrek, word só beskryf:

“Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was ’n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid. En sy oë was soos ’n vuurvlam, en op sy hoof was baie krone; en Hy het ’n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self. En Hy was bekleed met ’n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God. En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne. En uit sy mond gaan daar ’n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met ’n ysterstaf regeer. ... En ek het die dier en die konings van die aarde en hulle leërs

versameld gesien, om oorlog te voer teen Hom wat op die perd sit, en teen sy leër. En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy húlle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand. En die ander is gedood met die swaard wat uit die mond gaan van Hom wat op die perd sit" (Op. 19:11-15, 19-21; vgl. Sag. 14:12-13).

Dit is 'n kort en dramatiese beskrywing van die slag van Armagéddon, wat deel is van die oordele van die dag van die Here. Jesaja sê: "Kyk, die dag van die HERE kom, verskriklik, met grimmigheid en toorngloed, om die aarde 'n woesteny te maak en sy sondaars daaruit te verdelg. ... En Ek sal aan die wêreld sy boosheid besoek, en aan die goddelose hulle ongeregtigheid; en Ek sal die trots van die vermeteles laat ophou en die hoogmoed van tiranne verneder. ... En soos 'n gemsbok wat gejaag word, en soos kleinvee wat niemand bymekaar maak nie, sal hulle elkeen draai na sy volk toe en elkeen vlug na sy land toe" (Jes. 13:9-14). Die oordele van die Here sal nie net 'n einde aan sondige, menslike regerings bring nie, maar ook die wanorde en verlies aan kulturele identiteit beëindig wat deur die grootskaalse vermenging van volke teweeggebring is weens onbeheerde immigrasie.

Nadat Christus die aardse koninkryke verbrysel het, sal Hy sy ewige koninkryk in hulle plek vestig. Daniël sê: "Die klip wat die beeld getref het, het 'n groot rots geword wat die hele aarde gevul het" (Dan. 2:35). Daar sal dus 'n Christelike nuwe wêreldorde op aarde gevestig word, en dit sal blywende vrede op aarde verseker: "En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom. En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen die nasies en regspreek oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie" (Jes. 2:2-4).

Jeremia bevestig ook hierdie profesie: "In dié tyd sal hulle Jerusalem noem die troon van die HERE; en al die nasies sal daarheen saamkom vanweë die Naam van die HERE in Jerusalem; en hulle sal nie meer wandel na die verharding van hul bose hart nie" (Jer. 3:17).

Die troon van die Messias sal in Jerusalem wees waar Hy die Dawidiese koningskap sal herstel. Dit sal die vervulling wees van 'n profesie wat die engel Gabriël tweeduisend jaar gelede aan Maria gegee het ten opsigte van haar seun Jesus: "Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee" (Luk. 1:32). Wanneer Christus van hierdie troon af regeer, sal die bedeling van magshonger heidense regerings wat deurtrek is van selfsugtige motiewe en bose instellings wat hulle vyandig gemaak het teenoor Israel en die koninkryk van God, iets van die verlede wees.

Elkeen van ons het die verantwoordelikheid om 'n persoonlike keuse ten opsigte van Jesus Christus te maak. As Hy die rots en fondament is waarop ons lewens gebou is, sal ons nie in die storms van die lewe tot 'n val kom nie (Matt. 7:24-27). As ons egter die Here Jesus as Verlosser verwerp, dan bou ons ons lewens op die sand van selfmisleiding en sal onsself onder die vyande van Christus bevind vir wie Hy in die finale oordeel 'n rots van struikeling sal wees (1 Pet. 2:4-8). Elkeen wat aan Hom behoort, sal deel hê aan sy ewige koninkryk van geregtigheid en vrede wanneer Hy van die troon van Dawid af uit Jerusalem oor die hele wêreld sal regeer (Jes. 9:5-6).

3. Die Groot Teken van Israel se Herstel

Skriflesing: Esegiël 37:21-23.

'n Groot deel van die Bybel handel oor die volk Israel. In 'n baie besondere sin is dit die volk van God wat geroep is om volgens sy voorskrifte te leef, sy geregtigheid in 'n verdorwe wêreld uit te leef, en sodoende 'n teokratiese koninkryk tussen heidense nasies te vestig. Die roeping van Israel het by Abraham begin, wat die stamvader van hierdie volk is. Die Here het aan hom gesê: "Slaan tog jou oë op en kyk van die plek waar jy staan, na die noorde en suide, na die ooste en weste; want die hele land wat jy sien, sal Ek aan jou gee en aan jou nageslag tot in ewigheid" (Gen. 13:14-15). Die belofte van die land is aan Isak en Jakob herbevestig (Gen. 26:3; 28:13). Die afstammelinge van die aartsvaders het eers vir 400 jaar lank in Egipte as vreemdelinge vertoef voordat hulle die land van die belofte sou beërf (Gen. 15:13-14).

Daar was egter voorwaardes aan verbonde om die uitverkore volk van God genoem te kon word. Indien Israel nie aan hulle roeping voldoen nie, sou hulle die guns van die Here verbeur en gevolglik nie voor hulle vyande kon standhou nie. Aanhoudende ongehoorsaamheid sou swaar gestraf word. Die waarskuwings aan afvallige Israel het ook die moontlikheid van 'n lang, internasionale verstrooiing ingesluit indien hulle sondes en rebellie teen God sou voortduur: "En die HERE sal jou verstrooi onder die volke, van die een einde van die aarde tot by die ander einde van die aarde" (Deut. 28:64). "En Ek sal julle onder al die volke verstrooi en 'n swaard agter julle uittrek; en julle land sal 'n wildernis en julle stede puinhope word" (Lev. 26:33).

Dit het ongelukkig waar geword, want Israel het vir eeue lank, behalwe vir net kort tussenposes, in volhardende rebellie teen God geleef. Selfs die Babiloniese ballingskap van 70 jaar het nie die situasie wesenlik verander nie. Ná 'n geestelik mislukte bestaan van tweeduisend jaar sedert die roeping van Abraham, het Israel as volk die beloofde Messias, Jesus Christus, verwerp. Hy het in sy profetiese rede aangekondig dat daar 'n baie lang internasionale verstrooiing op Israel gewag het, wanneer die tyd van oorheersing deur nie-Joodse nasies sou voortduur: "En wanneer julle Jerusalem deur leërs omsingeld sien, dan moet julle weet dat sy verwoesting naby is. … Dit sal dae van wraak wees, sodat alles wat geskrywe is, vervul kan word. … Want daar sal 'n groot nood in die land wees en toorn oor hierdie volk. En hulle sal deur die skerpte van die swaard val en as krygsgevangenes geneem word na al die nasies, en Jerusalem sal vertrap word deur die nasies totdat die tye van die nasies vervul is" (Luk. 21:20-24).

Die oorlog teen Israel en die verwoesting van Jerusalem in 70 n.C. deur die Romeinse magte, was die begin van die lang internasionale verstrooiing van Israel wat tot diep in die 20ste eeu sou voortduur. Daar was egter nooit sprake van die permanente verwerping van Israel nie, daarom het Jesus beklemtoon dat Jerusalem net deur die nasies vertrap sou word *totdat* die tye van die nasies vervul is. Daar kom beslis 'n keerpunt in Israel se verstrooiing, daarom het God al in die Ou Testament belowe: "Maar ook dan, as hulle in die land van hul vyande is, verwerp Ek hulle nie en het Ek van hulle geen afsku, sodat Ek 'n einde aan hulle sou maak en my verbond met hulle sou verbreek nie; want Ek is die HERE hulle God. Maar Ek sal tot hulle beswil dink aan die verbond van die voorvaders wat Ek uit Egipteland voor die oë van die nasies uitgelei het om vir hulle 'n God te wees. Ek is die HERE" (Lev. 26:44-45).

Hierdie keerpunt is reeds bereik, en ons het die voorreg om dit te kan aanskou. Daar is talle beloftes oor Israel se fisiese herstel in hulle eie land as 'n voorspel tot hulle uiteindelike geestelike herstel: "Daarom, sê vir die huis van Israel: So spreek die Here HERE: …Ek sal julle uit die nasies gaan haal en julle uit al die lande bymekaar laat kom, en Ek sal julle in jul land bring. Dan sal Ek skoon water op julle giet, sodat julle rein kan word; van al jul onreinhede en van al jul drekgode sal Ek julle reinig. En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen. En julle sal woon in die land wat Ek aan jul vaders gegee het; en julle sal vir My 'n volk en Ek sal vir julle 'n God wees" (Eseg. 36:22-28). In 1948 is Israel as 'n onafhanklike volk herstel, in 1967 het hulle tydens die

Sesdaagse Oorlog die ou deel van Jerusalem herower en in 1980 is Jerusalem ten volle as Israel se hoofstad herstel.

Geestelik is die situasie heel anders. Daar was in elke geslag Jode sedert die eerste koms van Jesus net ŉ klein oorblyfsel van die volk wat met die Messias versoen was en ŉ verhouding met Hom gehandhaaf het. Die ballingskap van die volk het egter voortgeduur weens die ongeloof van die meerderheid. Tydens Israel se herstel in 1948 was die volk se geestelike toestand nog onveranderd. Messiaanse gelowiges word deur die meerderheid ortodokse Jode verag omdat hulle nie hulle redding aan die navolging van die Tora verbind nie, maar na bewering "agter die God van die heidene aanloop". Ten spyte van hulle negatiewe ervarings is die getalle van die Messiaanse Jode besig om toe te neem, en hierin kan ons duidelik die begin van Israel se geestelike ontwaking as volk sien. Dit is ŉ belangrike eskatologiese ontwikkeling, want hierdie groep volgelinge van die Messias is ŉ vroeë aanduiding van dit wat die hele volk in die toekoms sal wees – waarlik ŉ Messiaanse nasie wat versamel is rondom die Here Jesus.

Messiaanse Jode noem hulleself "vervulde Jode" en ervaar glad nie ŉ neiging om dislojaal teenoor hulle eie volk te wees nie. Die teendeel is eerder waar, want hulle het ŉ groot liefde vir hulle volk en is diep besorg oor die geestelike blindheid van die meerderheid. ŉ Vervulde Jood (*a completed Jew*) is ŉ Jood wat die hoop van Israel, naamlik die Messias, ontdek en sy lewe aan Hom oorgegee het – hy is dus ŉ Messiaanse Jood. In sy getuienis, *A completed Jew,* sê Jeff Miller: "I accepted Jesus into my life and He completed me."

Weens die ongeloof van die meerderheid, sal Israel as volk nie in die wegraping deel nie (met die uitsondering van slegs die klein groepie Messiaanse Jode) en dan deur die tyd van benoudheid vir Jakob gaan (Jer. 30:7), m.a.w. die verdrukking van sewe jaar. Die wegraping sal egter vir baie Jode ŉ aanduiding wees dat die Bruidegom gekom en sy bruid kom haal het. Jode weet baie goed dat die bruidegom in tradisionele Joodse huweliksgebruike sy bruid onverwags in die nag kom haal en dan saam met hom weggeneem het na sy vaderhuis. ŉ Gebeurtenis wat hiermee ooreenstem, behoort dus onmiskenbaar aan hulle die boodskap oor te dra dat Jesus die Messias is en dat Hy sy bruid kom haal het.

Die Here Jesus het in Matthéüs 25:1-13 aan eindtydse Israel juis so ŉ situasie beskryf, naamlik dat die hemelse Bruidegom sy getroue dissipels in ŉ donker tyd sal kom haal. Tydens Jesus se eerste koms was daar groot aanvegtinge teen Hom en sy klein groepie ware dissipels. Die nag voor sy kruisiging het Hy egter die volgende gerusstellende belofte aan hulle gemaak: "Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My. In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is" (Joh. 14:1-3).

Direk ná die wegraping, en in reaksie daarop, sal ŉ groep van 144 000 Jode vir Jesus as Messias aanneem. Hulle sal verteenwoordigend van al 12 die stamme van Israel wees en dus ŉ belangrike eerste fase van die geestelike ontwaking van die hele volk. Johannes sê: "En ek het die getal van die verseëldes gehoor: 144 000 verseëldes uit al die stamme van die kinders van Israel" (Op. 7:4). Daar is geen onduidelikheid omtrent hierdie stelling nie, en dit is eksegeties totaal onregverdigbaar om die 144 000 Joodse evangeliste op die kerk of enige ander groep mense buite Israel van toepassing te maak.

Die redding van 144 000 Jode sal nie net die begin van Israel se geestelike ontwaking wees nie, maar ook die begin van ŉ diepgaande geestelike polarisasie tussen die aanhangers van twee messiasse – die ware en die valse. Reg aan die begin van die verdrukking sal die valse messias verskyn en aan Israel die reg gee om hulle tempel te herbou. Die volk sal só beïndruk hiermee wees dat die meerderheid hom as die ware messias sal aanvaar en navolg. In reaksie hierop sal die minderheid volgelinge van die ware Messias erg vervolg word. Nog meer as in die verlede sal Messiaanse Jode in Israel verdruk en tereggestel word weens hulle geloof (Luk. 21:11-17).

’n Demoniese stryd teen Israel

Die stryd teen Israel deur die eeue heen was deel van die stryd tussen die koninkryk van God en die koninkryk van Satan. Beide hierdie koninkryke gaan in die eindtyd geopenbaar word om fisiese én geestelike heerskappy oor die wêreld te voer. Omdat daar geen naasbestaan tussen die twee koninkryke in hulle geopenbaarde vorm kan wees nie, moet die een eers plek maak vir die ander om te kan oorneem. Die teenwoordigheid van die ware Christene op aarde verhoed Satan se Antichris om geopenbaar te word en die wêreld oor te neem. Ons is sy teëhouer. Wanneer hierdie teëhouer egter deur die wegraping uit die weg geruim is, sal die Antichris geopenbaar word (2 Thess. 2:6-10).

Met die ware kerk wat van die toneel verdwyn het, sal die Antichris vir Israel probeer uitwis, wat ook ’n geroepe verteenwoordiger van God se koninkryk op aarde is. Die vyande van Israel sal aangehits word om reg aan die begin van die verdrukking ’n uitwissingsoorlog teen Israel te voer. Hulle sal sê: “Kom, laat ons hulle vernietig, dat hulle geen volk meer is nie, sodat aan die naam van Israel nie meer gedink word nie” (Ps. 83:5). Die Here sal egter tussenbeide tree en die invalsmagte op die berge van Israel verdelg (Eseg. 38:16; 39:4-5).

Met Israel wat van uitwissing gered is, sal die valse messias alles in die stryd werp om Israel geestelik te verblind en te mislei sodat hulle nie deel van die Messiaanse beweging van die 144 000 geredde Jode sal word nie. Hy sal hulle ortodokse sentimente uitbuit en hulle aanmoedig om die tempel te herbou, want dit sal verhoed dat hulle die eenmalige offer van die Lam van God op Gólgota sal aanvaar. Israel sal dan ’n formele verbond met die valse messias sluit en deel van sy politieke én geestelike koninkryk word. Die Here Jesus het hulle tydens sy eerste koms teen hierdie ernstige oordeelsfout gewaarsku: “Ek het gekom in die Naam van my Vader, en julle neem My nie aan nie. As ’n ander een in sy eie naam kom, hóm sal julle aanneem” (Joh. 5:43).

Dit is presies wat gaan gebeur. Nie net die meerderheid in Israel nie, maar die ganse misleide wêreld, sal agter die Antichris aangaan en hom openlik aanbid: “En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan gegaan ... en die dier aanbid en gesê: Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer? ... En aan hom is mag gegee oor elke stam en taal en nasie” (Op. 13:3-7). Hy sal deur feitlik die hele wêreld as koning erken en as verlosser aanbid word. Hy sal dus ’n multigodsdienstige, universele “Christus” vir alle gelowe wees. Daar is reeds misleide Jode wat vir só ’n messias van alle gelowe wag.

In 2004 is daar ’n nuwe Sanhedrin in Israel gestig om leiding oor godsdienstige sake te gee. Hulle bestaan net uit ortodokse Jode en is in werklikheid besig om die weg vir die aanvaarding van die valse messias voor te berei. Hierdie raad het in 2007 briewe aan alle regerings geskryf waarin hulle aandui dat die wêreld op ’n rampspoedige koers is. Hulle stel voor dat die tempel na aanleiding van Jesaja 2:2-4 in Jerusalem herbou word sodat God se teenwoordigheid weer ervaar kan word om vrede op aarde te verseker. Die Sanhedrin het egter die vreemde standpunt ingeneem dat die beoogde derde tempel ’n huis van gebed sal wees vir al die monoteïstiese gelowe, naamlik Judaïsme, die Christendom en Islam. Die Here se woorde in Jesaja 56:7 word as regverdiging hiervoor aangehaal: “... want my huis sal ’n huis van gebed genoem word vir al die volke.” Hierdie stelling word verkeerdelik op ’n multigodsdienstige manier vertolk om ook erkenning aan buite-Bybelse gelowe te gee. Dié Jode het selfs ’n webtuiste geopen wat die idee van “God se heilige berg” vir alle gelowe aktief bevorder, naamlik www.godsholymountain.org/. Volgens hulle beplanning sal die tempeldiens met godsdienstige aktiwiteite in nabygeleë moskees en Rooms-Katolieke aanbiddingsplekke verenig word.

Wat van die Messiaanse Jode wat nie hierdie intergeloofshervormings sal aanvaar om lojaliteit aan die valse messias te bewys nie? Hulle sal vervolg en om die lewe gebring word. Die ware Messias, Jesus, het hulle lank gelede egter teen hierdie situasie gewaarsku: “Ja, daar kom ’n uur dat elkeen wat julle om die lewe bring, sal dink dat hy ’n diens aan God bewys. En dit sal hulle

aan julle doen, omdat hulle die Vader nie ken nie en My ook nie" (Joh. 16:2-3). Moeilike tye lê nie net vir die Messiaanse Jode in die verdrukking voor nie, maar ook vir gelowiges onder alle nasies (Op. 6:9-11; 7:13-14). In Satan se geopenbaarde koninkryk onder die leiding van die Antichris sal geen erkenning hoegenaamd aan enige volgeling van die ware Messias gegee word nie, en derhalwe ook geen hulp of ondersteuning nie. Hulle sal as rebelle beskou word wat ter wille van oorlewing voortvlugtend sal wees.

Die universele messias van alle gelowe sal net vir 3½ jaar lank met hierdie titel tevrede wees, en dan daartoe oorgaan om homself in die herboude tempel in Jerusalem tot God te verklaar. Dit sal 'n geweldige skok wees vir die ortodokse Jode wat hom as hulle messias erken het, want saam met sy godslasterlike optrede van selfvergoddeliking sal hy ook verpligte afgodediens instel en 'n beeld van homself in die Allerheiligste van die tempel laat oprig. Almal wat weier om dié gruwelike beeld te aanbid, sal summier tereggestel word (Op. 13:15).

Israel is al deur Daniël gewaarsku dat die valse messias in die middel van die jaarweek van sy regering 'n einde aan die offerdiens in die herboude tempel sal bring, selfs al het die ortodokse Jode hom vroeër as messias erken: "En hy sal een week lank [van sewe jaar] met baie 'n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou; en op die vleuel van gruwels sal daar 'n verwoester wees" (Dan. 9:27). Israel sal dan nie meer aan Jahweh mag offer nie, maar net die valse messias en sy beeld as Jahweh mag aanbid. Hiermee saam sal die valse messias alle plekke van aanbidding oral in die wêreld laat sluit of verwoes.

Daniël brei verder oor hierdie skokkende optrede van die Antichris uit: "En deur hom sal leërs op die been gebring word en die heiligdom, die vesting, ontheilig, en hulle sal die voortdurende offer afskaf en die ontsettende gruwel opstel. ... En dié koning sal doen net wat hy wil en homself verhef en groot hou bo enige god" (Dan. 11:31, 36). Paulus het ook in sy beskrywing van gebeure wat in die eindtyd, tydens die dag van die Here sal plaasvind, verwys na "die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is (2 Thess. 2:4).

Hierdie verfoeilike daad sal in die middel van die verdrukking plaasvind en alle mense voor 'n radikale keuse stel om óf die Antichris as God te aanbid óf te sterf. Die Jode sal met 'n skok besef dat die "Messias" met wie hulle verbond gesluit het, 'n valse leier is wat van Satan af uitgegaan het. Hulle sal dadelik hulle verbond met hom verbreek, maar hy sal in woede hierop reageer en dadelik 'n Joodse volksmoord gelas. Hulle sal dan baie vinnig uit Jerusalem moet vlug. Die Here Jesus het hulle hierteen gewaarsku in sy profetiese rede:

"Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting [die Antichris en sy beeld] waarvan gespreek is deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom … dan moet die wat in Judéa is na die berge vlug; wie op die dak is, moet nie afkom om iets uit sy huis weg te neem nie; en wie op die land is, moet nie omdraai om sy klere weg te neem nie … en bid dat julle vlug nie in die winter of op die sabbat mag plaasvind nie. Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie" (Matt. 24:15-22). Die "groot verdrukking" sal die laaste 3½ jaar van die verdrukking van sewe jaar wees, wanneer die Antichris 'n militêre diktatuur sal instel om vinnig en genadeloos op sy teëstanders toe te slaan.

Hewige vervolging sal soos 'n donker wolk oor Israel toesak wanneer hulle hul verbond met die Antichris verbreek. Hulle sal baie haastig te voet moet vlug na die berge om voor die Antichris se agtervolgende leërs te probeer bly. Die Here Jesus sê hulle moet bid dat hulle vlug nie in die winter is wanneer ontberinge groot sal wees, dat hulle nie suiglinge sal hê wat die reis vertraag nie, en dat die vlug nie op die Joodse Sabbat sal plaasvind, wanneer daar nie meer as sowat twee kilometer geloop mag word nie (vgl. Hand. 1:12). Hulle sal so haastig moet vlug dat daar nie eers tyd sal wees om klere en padkos in te pak nie. 'n Messiaanse Jood, Arthur Katz, skryf oor hierdie tyd van oordele en groot benoudheid weens Israel se ongeloof:

“Ek het die oortuiging dat hierdie oordele baie naby is, en dat net die hand van die Here dit nog terughou. Die gewig van ons Joodse ongeloof en onbetrokkenheid by God móét ons tot ’n val bring. As Hy sy hand van ons af wegneem, sal ons in ’n kort oomblik in vernietiging en ondergang wegsink. Ons is reeds onder God se veroordeling totdat ons dié Een ontvang wat ons veroordeling op Homself geneem het, naamlik die Messias van Israel – Jesus van Nasaret. In die voortgesette verwerping van God se genadegawe verkeer alle Israeli’s onder die swaard van veroordeling, tot op dié oomblik wanneer God sy hand wegneem en die oordele nie langer sal weerhou nie. ... Ek sou liewer verkeerd bewys wou word, maar ek glo dat die huidige geslag Jode vernietiging op ’n wêreldwye skaal gaan ervaar, wat veel erger as die Nazi-era sal wees. Ons gaan geweldig gehaat, vervolg en skielik verdryf word sodat ons sal moet vlug met net die klere aan ons lyf – sonder om te weet waarheen ons gaan. Die Here het gesê Hy sal met ons in die gerig tree, maar Hy sal ook herstel. Hoe belangrik is dit nie om te weet dat dit dieselfde God is wat oordele beloof en dit vervul, wat ook herstel aan Israel beloof en dit sal vervul.”

Daniël verwys ook na hierdie donker tyd, en hoe die Here sal ingryp om ’n oorblyfsel van Israel te red: “En in dié tyd sal Migael, die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan, optree; en dit sal ’n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat ’n volk bestaan het tot op dié tyd nie; maar in dié tyd sal jou volk gered word. ... ’n Tyd, tye en ’n halwe tyd, en as hulle die mag van die heilige volk geheel verstrooi het, sal al hierdie dinge vervul word” (Dan. 12:1, 7). Die tyd, tye en ’n halwe tyd verwys na die laaste 3½ jaar van die verdrukking.

Daar word algemeen verwag dat die Jode uit Jerusalem en omstreke wes na die bergagtige gebied van die Dooie See sal vlug, dan suid langs die Dooie See af tot in die onherbergsame canyon van Petra in Jordanië. Wanneer die 3½ jaar (42 maande of 1260 dae) van die groot verdrukking amper verby is, sal die voortvlugtende Jode na die Olyfberg in Jerusalem optrek om die Messias in te wag. Dit sal ’n baie gevaarlike onderneming wees, want in daardie stadium sal die Antichris en sy internasionale magte in en om Jerusalem ontplooi wees om ook die koms van die Here Jesus in te wag: “En ek het die dier [die Antichris] en die konings van die aarde en hulle leërs versameld gesien, om oorlog te voer teen Hom wat op die perd sit [Christus], en teen sy leër” (Op. 19:19). Dit sal ’n slegte dag wees vir die vyande van God én van Israel:

“In dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; … En dit sal die plaag wees waarmee die Here die volke sal tref wat opgetrek het om teen Jerusalem te veg: Hy sal hulle vlees laat wegteer, terwyl hulle nog op hul voete staan; en hulle oë sal wegteer in hulle holtes, en hulle tong wegteer in hulle mond. En in dié dag sal ’n groot verwarring van die Here onder hulle kom, sodat die een die hand van die ander sal gryp, en die hand van die een hom sal verhef teen die hand van die ander” (Sag. 14:4, 12-13).

Te midde van ’n groot verwarring sal hierdie vyande van die aangesig van die Here Jesus af wegvlug en mekaar begin doodmaak. Die oorblyfsel van Israel sal met onbeskryflike vreugde na hulle Verlosser en Koning opsien wat so dramaties en tydig op die toneel verskyn het. ’n Groot skok wag egter op hulle wanneer hulle die spykermerke in sy hande en voete sal sien. Volgens Sagaria 13:6 sal hulle Hom na die rede hiervoor uitvra, en sy antwoord sal wees: “So is Ek geslaan in die huis van my vriende.” Onder die leiding van die Heilige Gees sal daar groot smarte en berou oor hulle kom terwyl hulle in die benoudheid van hulle harte om vergifnis sal uitroep. Hierdie gevoelvolle oomblikke word só in Sagaria beskryf:

“Oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van genade en smekinge; en hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het, en hulle sal oor Hom rouklaag soos ’n mens rouklaag oor ’n enigste seun en bitterlik oor Hom ween soos ’n mens bitterlik ween oor ’n eersgebore kind. In dié dag sal die rouklag groot wees in Jerusalem” (Sag. 12:10-11). Die oorblyfsel van Israel sal met die Messias versoen word. Hierna sal die oordeel oor die nasies voltrek word en die lank verwagte Messiasryk ’n aanvang neem met Jerusalem as hoofstad van die wêreld (Miga 4:2-3).

Die kerk se plig t.o.v. Israel

As ons self die seën van die Here wil ervaar moet ons Israel seën. Moenie haastig wees om hulle te verdoem omdat hulle Jesus verwerp en gekruisig het nie. Dit was wél ŉ daad van ongeloof aan hulle kant, maar dit was deel van God se raadsplan vir die redding van sondaars in die hele wêreld. Sonder die plaasvervangende dood van Jesus sou jy en ek nooit Christene kon word nie, daarom hou Israel se struikeling en wandade tóg vir ons ŉ groot seën in. Paulus sê: "Ek vra dan: Het hulle miskien gestruikel om te val? Nee, stellig nie! Maar deur hulle val het die saligheid tot die heidene gekom om hulle jaloers te maak. En as hulle val die rykdom van die wêreld is en hulle tekort die rykdom van die heidene, hoeveel te meer sal hulle volheid dit nie wees nie!" (Rom. 11:11-12).

Omdat Israel vir Jesus verwerp en gekruisig het, het die saligheid tot ons, die nie-Joodse volke, gekom. Israel is in sy gevalle toestand dus ŉ bron van seën vir ons! Die Here sê dat hulle in hul geestelik herstelde toestand, in die komende vrederyk, nog ŉ groter seën vir die wêreld sal wees. Jesaja 27:6 sê dat hulle in die vrederyk die hele wêreld vol vrugte sal maak.

Uit enige oogpunt beskou, is ons nét erkentlikheid, seën, voorbidding en onderskraging aan Israel verskuldig. Ons moet hulle jaloers maak op die wyse waarop ons die God van Abraham, Isak en Jakob deur die Messias, Jesus Christus, dien. Ons moet bid vir die vrede van Jerusalem as ons ook in ons eie land in vrede wil leef (Ps. 122:6).

Die rede waarom alle gelowiges ernstig en toegewyd vir Jerusalem moet intree, is omdat die stad histories én profeties ten nouste aan Israel en die Christendom verbonde is. Die Here Jesus het Homself hier as Messias-Koning geopenbaar, aan die kruis gesterf om versoening vir ons sondes te doen, op die derde dag uit die dood opgestaan en na die hemel opgevaar. Tien dae ná sy Hemelvaart is die Heilige Gees oor 120 getroue, biddende dissipels in Jerusalem uitgestort. Dit was die geboortedag van die Christelike kerk. Van Jerusalem af is die boodskap van verlossing na die eindes van die aarde uitgedra (Hand. 1:8).

Dit is ook na Jerusalem, op die Olyfberg, dat die Messias aan die einde van die groot verdrukking sal terugkeer om die oorblyfsel van Israel te red, die nasies te oordeel en sy koninkryk op aarde te vestig. In antwoord op die gebede van die heiliges, en in ooreenstemming met sy heilige wil, sal die Messias Jerusalem tot die wêreldhoofstad verhef – die stad van die groot Koning! (Ps. 48:3). Dan sal die Here Jesus, die seun van Dawid, die wêreld in die vrederyk uit Jerusalem regeer (Jes. 9:5-6). Bid jy hiervoor en beywer jy jouself vir die aanbreek van hierdie heerlike dag?

"O Jerusalem, Ek het wagte op jou mure uitgesit wat gedurigdeur die hele dag en die hele nag nie sal swyg nie. O julle wat die Here herinner aan sy beloftes – moenie rus nie en laat Hom nie met rus nie, totdat Hy Jerusalem bevestig en maak tot ŉ lof op aarde!" (Jes. 62:6-7; kyk ook Jes. 52:1-2). Ons moet ook, soos die Jode in ballingskap by die riviere van Babel, hartstogtelik daarna uitsien om in Jerusalem te wees en die Here se toekomstige openbaringe in heerlikheid hier te aanskou: "As ek jou vergeet, o Jerusalem, laat my regterhand dan homself vergeet! Laat my tong kleef aan my verhemelte as ek aan jou nie dink nie, as ek Jerusalem nie verhef bo my hoogste vreugde nie" (Ps. 137:5-6).

Daar is groot seëninge van die Here wat nog tydens die komende vrederyk in aardse Jerusalem geopenbaar gaan word wanneer Israel met die Messias versoen is. Die verlossingswerk wat in Jerusalem gedoen is, is egter net ŉ poort na die nuwe Jerusalem waar die Here Jesus tans vir ons plek berei. Die nuwe Jerusalem sal uit die hemel op die nuwe aarde neerdaal. Die aardse én hemelse Jerusalem is dus ten nouste verweef met ons ewige toekoms in die Here.

4. Die Russiese Inval in Israel

Skriflesing: Esegiël 38:1-16; 39:1-7

Die Bybel profeteer ŉ groot eindtydse oorlog wat teen Israel gevoer sal word deur ŉ alliansie van lande onder die leierskap van Rusland. Die blote skaal van hierdie militêre operasie is ŉ aanduiding dat dit as ŉ "finale oplossing" vir die Joodse vraagstuk nagestreef sal word met die oog op die vervanging van die staat van Israel deur ŉ Islamitiese kalifaat wat uit Jerusalem beheer sal word. Indien hierdie scenario ŉ werklikheid word, sal Israel se hoop verydel wees om in beheer van Jerusalem te bly terwyl hulle wag op die verskyning van hulle Messias op die Olyfberg om sy vyande te oordeel en die troon van Dawid in Jerusalem te herstel. Die koninkryk wat Islam beoog, verskil heeltemal van die een waarin Israel ŉ sentrale posisie beklee, en Moslemstate is bereid om hulle rykdom en politieke invloed te deel met ŉ supermoondheid soos Rusland as dié hulle sou help om hulle doel te bereik – vinnig en beslissend deur oorweldigende militêre mag.

Volgens Esegiël 38 en 39 gaan verskeie lande in die Midde-Ooste, Oos-Europa en Noord-Afrika onder die aanvoering van Rusland ŉ geweldige aanslag op Israel loods om dié land tot ŉ val te bring en van die wêreldkaart af uit te wis. Na aanleiding van die etimologie van volks- en plekname wat in hierdie twee hoofstukke gebruik word, kan daar in die meeste gevalle ŉ konkrete verband met moderne volke en lande aangedui word – in elk geval wat die belangrikste rolspelers in die alliansie betref:

Die land Magog. Volgens die register van nasies in Génesis 10 was Magog ŉ kleinseun van Noag (v. 1-2). Die afstammelinge van Magog het ten noorde van die Kaukasusgebergte in die huidige Rusland gewoon, en is die belangrikste antieke volk waaruit die moderne Russe afgestam het.

Die vors van Ros, Meseg en Tubal. Ros, of Rus, was een van die stamme wat van Magog afgestam het, en hulle het lank in die omgewing van die Wolga gewoon. Meseg en Tubal was jonger broers van Magog (Gen. 10:2) en het ook in die gebied van die huidige Rusland gevestig. Meseg was die stigter van die Moski, en van dié naamwoord is "Moskou" afgelei. Tubal is die stamvader van die Tibereni wat langs die Swart See gewoon het.

Die agterhoeke van die Noorde. Moskou, die hoofstad van Rusland, is reg noord van Jerusalem "in die agterhoeke van die noorde" geleë. Onmiddellik noord van Israel was Assirië, die land van "die koning van die Noorde" (vgl. Dan. 11:40). Rusland word egter onderskei as geleë in die agterhoeke van die Noorde.

Die profesie in Esegiël 38 en 39 het duidelik op "die laaste dae" betrekking en is dus nie in Ou-Testamentiese tye vervul nie. Dit is ook nie ŉ simboliese of allegoriese beskrywing nie, want dit verwys uitdruklik na ŉ aanval op die herstelde volk Israel, wie se land "gedurigdeur as ŉ puinhoop gelê het" (Eseg. 38:8). Israel is in 1948 uit hulle internasionale ballingskap herstel, en dit was ook eers in die 20ste eeu dat Rusland ŉ supermoondheid geword het wat ander lande kan bewapen en leiding kan neem om ŉ groot oorlog te voer.

Israel het sedert 1948 aansienlik uitgebrei en ook ŉ baie sterk weermag opgebou. Esegiël beskryf die herstelde Israel as ŉ land wat ooplê, sonder poorte of mure, waarin almal veilig woon. As gevolg van al die bedreigings van vyandige nasies rondom hulle, en duisende radikale Palestyne in hulle midde, voer die Israeli's egter nie regtig ŉ veilige bestaan nie. Dit is wél so dat Israel nie, soos in antieke tye, mure rondom hulle stede bou vir veiligheid nie. Die talle kibboetse lê ook oop na alle kante toe. Volgens ŉ Messiaanse Jood, Arnold Fruchtenbaum, beteken die woord "veiligheid" (Heb. *betach*) in Eseg. 38 ŉ "valse gerustheid en veiligheid" wat gebaseer is op ŉ oormatige vertroue in Israel se militêre mag om aanvalle af te slaan. Die skielike en onverwagte Russiese inval sal dus vir die Israeli's ŉ groot skok en ontnugtering wees, en selfs hulle oordeelsvermoë aantas m.b.t. die identiteit van die Messias.

Esegiël noem die volgende bondgenote wat saam met Rusland ’n inval in Israel sal doen om die land van Joodse besetting te bevry:

Persië. Die naam van Persië is in 1935 eers na Iran verander. Ná die Islamitiese rewolusie onder die leiding van die Ajatolla Khomeini in 1979, het hierdie land uitgesproke anti-Israels geraak en het sowel politieke as godsdienstige leiers in Iran openlike oproepe vir die uitwissing van die Joodse staat gedoen. Rusland het ’n militêre verbond met Iran gesluit, en verskaf ook wetenskaplike en tegnologiese hulp aan hulle op die gebied van kernnavorsing. Israel en verskeie ander lande vrees dat Iran beplan om kernwapens te vervaardig om Islam se vyande uit te wis. Iran finansier en bewapen terroristegroepe soos Hisbolla in Libanon en Hamas in Gasa, wat beide daartoe verbind is om Israel tot ’n val te bring.

Put is die Hebreeuse naam vir Libië. Hierdie Islamitiese land het in anargie verval nadat kolonel Gaddafi se bewind tydens ’n rewolusie tot ’n val gekom het. Die strydende Islamitiese faksies in Libië het een ding in gemeen, en dit is hulle gemeenskaplike haat vir Israel.

Kus is die oorspronklike Hebreeuse naam vir Ethiopië. Ná die val van Haile Selassie se bewind in 1974 het Ethiopië eers ’n kommunistiese en later ’n Islamitiese staat geword. Antieke Kus het egter wyer grense gehad en sluit ook die huidige Soedan in. Dit is duidelik dat daar in Noord-Afrika verskeie Moslemstate is wat sterk kandidate is vir ’n Russiese alliansie teen Israel met die oog op die stigting van ’n Islamitiese kalifaat in die Midde-Ooste

Togarma en *Gomer.* Hierdie twee antieke volke het gebiede in Klein Asië, Oos-Europa en die voormalige Sowjet-Unie bewoon, en dit is nie duidelik met watter van die moderne volke in hierdie gebiede hulle ’n verwantskap het nie. Daar is verskeie moontlikhede, soos Turkye en Moslemstate in die voormalige USSR. Dit sal egter mettertyd duidelik word watter lande almal aan die Russiese koalisie sal deelneem. Esegiël praat in elk geval benewens Gog se vyf bondgenote van nog “baie volke saam met jou” (Eseg. 38:6), sonder om hulle te identifiseer. Dit is dus duidelik dat ’n groot groep lande – heelwaarskynlik Moslemstate wat almal op Israel se vernietiging ingestel is – onder Rusland se aanvoering aan hierdie gepoogde uitwissingsoorlog sal deelneem.

Die leierskaprol van Rusland is nie net aan hulle sterk weermag en gevorderde wapentuig te danke nie, maar is so beskik omdat die Here hulle wil straf. Die Here sê: “Kyk, Ek het dit teen jou, o Gog” (Eseg. 39:1). Die rede vir die Goddelike toorn teen Rusland is omdat hulle ’n groot rol gespeel het in die aanstigting van Jodehaat, en ook sedert Israel se herstel in 1948 aansienlike hoeveelhede wapens aan die vyande van die Joodse staat voorsien het. Verder het hulle militêre opleiding aan militantes uit Arabiese state verskaf. Hulle huiwer selfs nie om kerntegnologie aan Israel se grootste vyand (Iran) te verskaf en sodoende Israel se voortbestaan te bedreig nie. Die strafmaatreëls teen Rusland is die begin van ’n uitgebreide reeks oordele van die Here tydens die komende verdrukking, en dit versterk die verwagting dat hierdie inval net ná die wegraping sal plaasvind.

Wat godsdiens betref is die Russe wel nie self in groot getalle tot die Moslem-geloof geneë nie, maar hulle besef dat as hulle Islam se eskatologiese drome help verwesenlik van die stigting van ’n wêreldoorheersende kalifaat in die Midde-Ooste, Rusland self ook groot mag, invloed en dalk olierykdomme in dié strategiese wêrelddeel sal verkry. Godsdienstig gesproke is Rusland in ’n soort niemandsland. Hulle is nie meer van staatskant af amptelik tot die bevordering van ateïsme verbind soos tydens die meer as 70 jaar van kommunistiese oorheersing nie, maar (behalwe vir relatief klein groepies evangeliese Christene) ken hulle nie die ware Christendom nie. Sedert hulle nuutgevonde vryheid in 1990 het groot groepe Russe by die Russies-Ortodokse Kerk aangesluit, maar die evangeliese karakter van hierdie kerk is twyfelagtig.

In ’n artikel in *The Economist* van 31 Okt. 2015, getiteld *Russians feel less positive towards religion now than they did in 1990,* word onder meer gesê: “Over the quarter-century since the collapse of the Soviet system, Russian feelings about religion have changed a lot. In Soviet

times, the state expected and encouraged citizens to be atheists. Now a loose affiliation to a religious faith has become the national default mode; a plurality of Russians tell pollsters they are Russian Orthodox, while significant minorities identify with Islam, Buddhism or Judaism. But a survey published a few days ago showed [that] … the general effect of religion on human welfare is viewed in much bleaker terms than in 1990. The proportion of people who think religion does more good than harm to society has slumped from 61% to 36% while the share detecting more harm than good has risen from 5% to 23%."

Rusland is baie duidelik vir selfsugtige oorwegings van magsuitbreiding by die stryd in die Midde-Ooste betrokke, en sal duidelik geen probleem hê om Israel op te offer as hulle voordeel daaruit kan trek nie. Hulle besef egter nie dat hulle daardeur 'n antichristelike koninkryk in die Midde-Ooste sal help vestig wat regstreeks in stryd is met God se koninkryk en Israel se rol in daardie koninkryk nie. Vir hierdie daad van rebellie gaan Rusland gestraf word. Die Here sê dat Gog met hake aan sy kakebene uit sy land getrek sal word om aan dié oorlog deel te neem. Hulle sal dus deur omstandighede gedwing word om nie meer net 'n onregstreekse rol te vervul nie maar hulle Arabiese en ander bondgenote fisies te gaan help in die oorlog teen Israel. Wanneer hulle wél tot hierdie bose stap oorgaan, sal Rusland en sy bondgenote 'n rampspoedige afspraak met die noodlot in Israel hê. Die Here sê aan Gog: "Op die berge van Israel sal jy val, jy en al jou leërs en die volke wat saam met jou is" (Eseg. 39:4).

'n Gevaarlike bondgenootskap met Islam

Rusland besef nie dat 'n militêre en politieke bondgenootskap met enige van die faksies van Islam nie net 'n daad van opposisie teen Israel en die God van die Bybel is nie, maar ook 'n bondgenootskap met die koninkryk van die duisternis. Enigeen wat hierby betrokke raak, bevorder radikale Islam se oogmerke en verhaas net sy eie ondergang. Rusland het reeds hierdie gevaarlike grens oorskry, en as gevolg daarvan hake in sy kakebeen gekry waardeur hy al hoe dieper by 'n onheilige oorlog ingetrek word. Die noodlottige besluit wat hulle geneem het, was om 'n militêre verdrag met Iran en Sirië te sluit wat hulle verplig om hulp te verleen in die geval van enige aanvalle teen hierdie twee lande. Meer nog, dit betrek Rusland ook by die ondermynende geweldpolitiek wat hierdie lande voer – nie net teen Israel en sy bondgenote nie, maar ook teen ander faksies van Islam. Die binnegevegte in Islam is baie ernstig en het na bloedige burgeroorloë gelei. Verskeie Arabiese state het al sulke oorloë gevoer, maar die heel grootste een van almal word tans in Sirië gevoer, en Rusland is reeds diep daarby betrokke.

Die twee groot godsdienstige faksies in Islam is die Soenniete wat meer as 80% van alle Moslems verteenwoordig, en 'n magtige minderheidsgroep van die Sjiïete wat hoofsaaklik in Iran, Irak en Sirië gevestig is, met kleiner groepe in baie ander lande. *Sunnah* beteken *Tradisie* en verwys na die feit dat hierdie groep 'n versameling tradisies (die *hadiths*) het wat volle erkenning op dieselfde vlak as die Koran geniet. Hulle erken al die *kalifs* wat as opvolgers van Mohammed heersers in die Moslem wêreld was, terwyl die Sjiïete die eerste drie *kalifs* as indringers beskou wat wederregtelik hulle posisies verkry het, en wie se leerstellings ook verwerp word. Daar is 'n bitter stryd tussen die Soennies en Sjiïete.

Volgens die Sjiïtiese weergawe van Islam het die 12de afstammeling van Mohammed, wat as die 12de Imam of die Mahdi bekend staan, in die jaar 941 verdwyn en homself sedertdien by die put Jamkaran in Iran skuilgehou. Die Sjiïete glo dat hy sal terugkom wanneer die wêreld vol onderdrukking, oorloë en tirannie is, en dat hy as die Imam Mahdi dan aan die hoof van 'n Islamitiese wêreldstaat sal staan. Iran voer 'n verbete ideologiese (en beplande militêre) stryd teen al die teëstanders van Islam – dit sluit in die eerste plek Israel in, maar ook alle nie-Moslemstate, veral lande soos Amerika en sy bondgenote wat Israel ondersteun en ook militêre aanvalle op Islamitiese teikens doen. Iran glo dat die stryd teen Islam se vyande moet eskaleer, selfs al loop dit op 'n wêreldoorlog uit, en hiervoor het hulle die steun van Rusland verkry, al besef Rusland nie regtig waarvoor hulle hulself inlaat nie. Iran is die grootste aanstigter van terrorisme teen Israel, en verskaf deurlopend geld en wapens aan groepe soos Hisbolla in

Libanon en Hamas in die Gasa-gebied van Israel. Hierdie groepe is al van etlike duisende vuurpyle voorsien om aanvalle op Israel te doen, en dit gaan steeds onverpoosd voort. Sirië is ’n belangrike deurgangspunt vir logistieke hulp aan die terroriste aan Israel se grense. Nietemin gaan Rusland voort om hierdie rewolusionêre minderheidsregering in Sirië te ondersteun en te verdedig.

Die binnegevegte in Islam is net so gewelddadig en gekompliseerd as hulle stryd teen die nie-Islamitiese wêreld. President Bashar al-Assad van Sirië is aan die hoof van ’n minderheid Sjiïete in ’n oorwegend Soennitiese land. Al die opposisiegroepe is Soenniete, en word deur Rusland as terroriste beskou wat aangeval moet word – ook die meer gematigde opposisie teen Assad se bewind. Aan die mees radikale kant van die opposisie in Sirië is die Islamitiese Staat (IS) wat reeds groot dele van Sirië en Irak se grondgebied beset en tot ’n groeiende Islamitiese staat verklaar het.

Rusland het verskeie aanvalle op vestings van IS-militantes gemaak, maar IS het hard teruggeslaan en in Oktober 2015 ’n bom geplant in ’n Russiese passasiersvliegtuig wat op ’n vlug was tussen Sharm El-Sheikh in Egipte en St. Petersburg in Rusland. Die vliegtuig het in die Sinai-Skiereiland neergestort en al 224 insittendes is dood. Hierdeur is Rusland dieper ingetrek in die konflik tussen strydende partye in Islam, en het hulleself tot grootskaalse weerwraak verbind. Rusland raak net al hoe meer in die moeilikheid, want hulle bombardeer die vestings van alle opposisiegroepe in Sirië – ook dié wat deur Amerika gesteun en bewapen word om Assad te probeer onttroon. Dit plaas Amerika en Rusland ook op ’n weg van konfrontasie.

Die veelvuldige *jihads* (“heilige oorloë”) wat Islam onderling veg, en ook teen almal buite Islam, is die tema van verskeie boeke deur bekende skrywers soos die Messiaanse Jood, Joël Rosenberg. Sommige daarvan is fiksieverhale maar dit is op baie moontlike scenario’s gebaseer. Die volgende is ’n reeks van drie boeke oor Iran se *jihad* teen Israel en Amerika, naamlik *The twelfth Imam, The Tehran initiative,* en *Damascus countdown.* Hierbenewens het Rosenberg ook *The last jihad* en *The Ezekiel option* geskryf waarin die Russiese inval van Esegiël 38 en 39 uitgebeeld word. ’n Ander skrywer, Joel Richardson, het onder andere die volgende baie insiggewende boeke geskryf: *The Islamic Antichrist, Mideast Beast: The Scriptural case for an Islamic Antichrist,* en *When a Jew rules the world.* Laasgenoemde boek is ook in Afrikaans vertaal en deur FaithEquip in Kaapstad uitgegee (*Wanneer ’n Jood die wêreld regeer;* vir inligting, sien www.faithequip.co.za/). In hierdie boek beskryf Richardson die gevare van Jodehaat en vervangingsteologie, en wys ook op die bedeling van ware vrede wat sal aanbreek nadat die antichristelike stryd teen Israel verby is, die Messias teruggekeer en die troon van Dawid in Jerusalem herstel is.

Op hierdie oomblik is ons egter nog in die hitte van die stryd, en die intensiteit daarvan is besig om verder toe te neem. Rusland, Amerika en baie ander lande is ongelukkig besig om groot oordeelsfoute te begaan deur betrokke te raak by enige van die partye in die interne Islamitiese *jihad*. Benewens die stryd tussen Soenniete en Sjiïete is daar ook onder die Soenniete groeperings wat hoogs antagonisties en selfs vyandig teenoor mekaar is. Die Wahabiete in Saoedi Arabië en die Moslem Broederskap in Egipte is van die grootste groeperings in die Midde-Ooste. Daar is egter ekstremistiese Soennie-groepe soos Al-Qaeda en die Islamitiese Staat wat op fundamentele Islamitiese hervormings aandring soos die streng toepassing van die *sharia*-wette. Dit sluit onder meer die teregstelling van bekeerlinge uit Islam na ander gelowe in, die steniging van ontrou vrouens, en die verbod op die oprigting van enige kerke of tempels van ander gelowe in die hele grondgebied van ’n Moslemland.

Kunsmatige eenheid in Islam

Die enigste kans vir verenigde optrede in Islam is wanneer hulle deur ’n gemeenskaplike vyand van buite bedreig word, soos bv. Israel of Amerika. Wanneer daar in Esegiël 38 en 39 na Rusland se bondgenote gekyk word, in elk geval dié wat genoem word, dan is dit duidelik dat dit

Sjiïtiese én Soennitiese Moslems in Oos-Europa, Klein Asië, die Midde-Ooste én Noord-Afrika insluit. Die klem gaan dus heeltemal verskuif van die interne Moslem faksiegevegte na die eksterne stryd teen ’n vyand van buite. Die gemeenskaplike oogmerk van die vestiging van ’n Moslem kalifaat met Jerusalem as hoofstad, wat onder die beheer van ’n afstammeling van Mohammed sal staan, sal in elk geval tydelike eenheid van doelstelling onder die strydende partye skep. Almal van hulle verwag die koms van hierdie magtige militaris, “verlosser” en toekomstige wêreldleier.

’n Ingryping deur God

Die uitslag van die Russies-Islamitiese inval in Israel sal hoogs verrassend, onverwags en uiters dramaties wees. Die een oomblik sal Israel nog deur uitwissing in die gesig gestaar word terwyl die invalsmagte uitbrei en die land soos ’n wolk oordek, dan sal die Here skielik die invallende leërs op die berge van Israel verdelg. Vuur sal uit die hemel neerdaal (Eseg. 39:4-6) en daar sal ’n baie groot aardbewing voorkom (Eseg. 38:19-23). Almal sal kan sien dat dit ’n ingryping deur God is en hulle sal aan Hom die eer vir die oorwinning gee. Dit sal Israel sewe maande lank neem om die lyke van hulle vyande te begrawe, en hulle sal sewe jaar lank met die oorlogsbuit vuur maak. Israel sal waarskynlik die wapens en toerusting in vuuroonde gooi om dit te smelt en dan die yster vir die vervaardiging van landbou- en industriële gebruike aan te wend.

Die Here sê dat Hy op hierdie wyse sy naam aan Israel én die nasies bekend sal maak sodat hulle gebroke verhouding met Hom herstel kan word:

“En Ek sal my heerlikheid onder die nasies bring, en al die nasies sal my strafgerig sien wat Ek voltrek het, en my hand wat Ek op hulle gelê het. En die huis van Israel sal weet dat Ek die HERE hulle God is, van dié dag af en verder. En die nasies sal weet dat die huis van Israel vanweë hulle ongeregtigheid in ballingskap gegaan het; omdat hulle teen My troubreuk begaan het, het Ek my aangesig vir hulle verberg en hulle in die hand van hul teëstanders oorgegee, sodat hulle almal deur die swaard geval het. Volgens hulle onreinheid en hulle oortredinge het Ek met hulle gehandel en my aangesig vir hulle verberg. Daarom, so sê die Here HERE: Nou sal Ek die lot van Jakob verander en My ontferm oor die hele huis van Israel en ywer vir my heilige Naam. En hulle sal hul smaad vergeet en al hul ontrou wat hulle teen My begaan het, as hulle in hul land veilig woon en daar niemand is wat hulle verskrik nie. As Ek hulle terugbring uit die volke en hulle versamel uit die lande van hulle vyande, sal Ek My in hulle as die Heilige laat ken voor die oë van baie nasies. En hulle sal weet dat Ek, die HERE, hulle God is, daaraan dat Ek hulle in ballingskap laat gaan het na die nasies, maar hulle weer versamel het in hulle land en dáár niemand meer uit hulle agter laat bly het nie. En Ek sal my aangesig nie meer vir hulle verberg nie, omdat Ek my Gees oor die huis van Israel uitgegiet het, spreek die Here HERE” (Eseg. 39:21-29).

Dit is opvallend dat belangrike fases in Israel se eindtydse herstel dikwels met groot oorloë saamval. Tydens die Eerste Wêreldoorlog is Israel se grondgebied van Turkse (Islamitiese) beheer bevry en het ’n Britse mandaatgebied geword. Dit het die weg gebaan na die oordra van die grond aan Israel sodat Jode weer daar kon vestig. In die Tweede Wêreldoorlog is Israel as volk van hulle internasionale ballingskap verlos en te midde van groot benoudheid gedwing om na die land van hulle vaders te vlug vir oorlewing. Direk ná die komende Russiese inval in Israel, en spesifiek in die lig van God se ingryping, sal Israel en die nasies weer die oppergesag van God erken. Godsdiens sonder die Messias, Jesus, is egter nie ware godsdiens nie en lei gewoonlik net na ritualistiese uitdrukkings van geloof. Wanneer die Messias aan die einde van die verdrukking tydens die hoogtepunt van die slag van Armagéddon terugkeer, sal die oorblyfsel van Israel en die nasies eers waarlik gered en met God versoen word.

Geloof in God sal nietemin feitlik wêreldwyd bely word ná die Goddelike ingryping in Israel. Dit sal ’n duidelike verskuiwing in ingesteldheid meebring van ’n sekulêre wêreldbeskouing af waarin die bonatuurlike dimensie ontken is, na ’n ingesteldheid waarin Goddelike dade ten volle erken

word. Geloof in God sonder die uitdruklike erkenning van Christus se posisie as Middelaar tussen God en die mens is egter nie ’n ware, Bybelse geloof nie.

Ernstige misleiding

Satan gaan op ’n listige manier die vernietiging van die groot invalsmag in Israel tot die voordeel van sy eie koninkryk uitbuit om sodoende die steun van die meerderheid mense op aarde te behou. Hy sal dit doen deur die Antichris en die valse profeet as wêreldleiers en die beskermhere van ’n multigodsdienstige nuwe wêreldorde te openbaar, maar dit kan slegs gebeur nadat die Antichris se teëhouer, die ware kerk, tydens die wegraping van die aarde af weggeneem is (1 Thess. 4:16-17). Die skielike ontwaking van spiritualiteit na aanleiding van Israel se wonderbaarlike uitredding sal dan deur die duiwel gebruik word om geloof in die valse god van alle gelowe, asook ’n valse, universele christus, in mense se harte te vestig (vgl. 2 Kor. 4:4).

Die Antichris sal daarna streef om soveel as moontlik voordeel uit die situasie te verkry en daarop aanspraak maak dat hy deur sy optrede ’n derde wêreldoorlog afgeweer het, dat hy Israel van gewisse ondergang gered het, en dat hy ’n dreigende ineenstorting van die wêreldekonomie voorkom het. As bevestiging van sy aanspraak dat hy ’n spesiale gesant van God is, sal hy en sy tweede in bevel, die valse profeet, skouspelagtige tekens en wonders doen waardeur hulle selfs die vuur sal naboots wat God uit die hemel laat neerdaal het om Israel se vyande te verdelg. Johannes sê van die valse profeet: “Hy oefen al die mag van die eerste dier [die Antichris] uit voor sy oë, en maak dat die aarde en die wat daarop woon, die eerste dier aanbid. ... En hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense” (Op. 13:12-13).

Die Antichris sal daarop aanspraak maak dat hy vrede tussen alle nasies kan skep – ook tussen Moslems en Jode. Hy sal Jerusalem tot ’n internasionale stad verklaar en die Tempelberg ’n aanbiddingsplek vir alle gelowe maak. Die Jode sal hulle tempel daar herbou, en dit sal naas Islam se moskees funksioneer, wat almal volle erkenning sal geniet. Israel sal só dankbaar wees omdat die “Messias” gekom en hulle van verdelging uitgered het, dat hulle dadelik ’n verbond met hierdie valse “Messias” sal sluit (Dan. 9:27; Joh. 5:43). Dieselfde sal deur Islam en alle ander gelowe gedoen word: “En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan gegaan. En hulle het die draak [die valse god van hierdie wêreld] aanbid wat die dier mag gegee het, en die dier aanbid en gesê: Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer?” (Op. 13:3-4).

Die nadraai van die Russiese inval in Israel sal dus nie die openbaring van God se koninkryk onder die leiding van die ware Messias wees nie, maar die openbaring van Satan se koninkryk onder die leiding van die valse messias. Daar sal nog ’n wêreldoorlog moet volg voordat Israel en die nasies van die geestelike misleiding van ’n valse messias bevry sal word om die ware Messias te ontvang, te aanbid en na te volg. Sagaria sê: “In dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant” (Sag. 14:4).

Wanneer die Messias sy voete op die Olyfberg sit, sal die berg in twee split en groot skeure in die berg veroorsaak. Die voortvlugtende Jode sal hierin skuiling soek terwyl hulle opkyk na die Messias wat sy hande seënend oor hulle uitgestrek hou. Tot hulle groot skok en verbasing sal hulle merke in sy hande sien en dan besef dat dit Jesus van Nasaret is wat deur Israel se voorvaders aan ’n kruis vasgespyker is. Hulle sal bitterlik oor Homween, hulle sonde bely en volle vergifnis verkry (Sag. 12:10-11; 13:1-2).

Op daardie dag sal die vyande van Israel geoordeel word. die Antichris en valse profeet sal lewend in die poel van vuur gegooi word (Op. 19:19-20). Die gruwelike afgodsbeeld van die Antichris sal ook verdelg word saam met alle ander afgode wat in Jerusalem en ook op enige ander plek in die wêreld aanbid is. Hierna, tydens die vrederyk, sal net Christus aanbid word en die kennis van die Here sal die aarde oordek soos die waters die seebodem (Jes. 11:9). Al die nasies sal die Here in Jerusalem kom aanbid en hulle sal nie meer wandel na die verharding van

hul bose hart nie (Jer. 3:17). Dit geld natuurlik ook vir Rusland en al die Moslemlande wat in ’n stadium saam met hom probeer het om Israel uit te delg. Die geestelike karakter van die Midde-Ooste sal ook drasties verander. Jesaja sê:

“In dié dag [van die Here tydens die vrederyk] sal daar ’n grootpad wees van Egipte na Assirië, en Assiriërs sal in Egipte kom en Egiptenaars in Assirië; en Egipte sal saam met Assirië die HERE dien. In dié dag sal Israel die derde wees naas [saam met] Egipte en Assirië, ’n seën in die midde van die aarde, omdat die HERE van die leërskare hom geseën het, met die woorde: Geseënd is my volk Egipte en my maaksel Assirië en my erfdeel Israel!” (Jes. 19:23-25). Dit is net Jesus wat ’n groot en blywende verskil kan maak in die lewens van individue én nasies.

Die duiwel speel natuurlik ’n groot rol as die verleier van die nasies om geestelike misleiding en afgodediens te bevorder. Wanneer hy ná die vrederyk losgelaat word, sal daar weer ’n oorlog teen Jerusalem en God se koninkryk gevoer word – nog veel groter as die komende Russiese inval in Israel: “En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word; en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see. En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind” (Op. 20:7-9).

Interessant genoeg sal hierdie laaste rebellie weer in die gebied van die huidige Rusland gestig word – Gog in die land Magog. Dit is die land waar die eerste kommunistiese diktatuur met sy staatsbeleid van ateïsme op 1 Mei 1917 gestig is. Daardie bose ideologie het onbeskryflike ellende en dood vir miljoene mense gebring – veral vir Jode en Christene. Intussen het kommunisme geval, maar nou vat Rusland hande met radikale Islam in Iran en Sirië wat ewe vyandig teenoor die Christendom en Israel is.

Wanneer gaan die volke van die wêreld – ook die vrye wêreld in die Weste – leer waar hulle heil geleë is? Post-Christelike Europa is op dieselfde pad wat weg van die enigste Vredevors af lei, dit is waarom alle nasies in die eindtyd teen Jerusalem, en dus ook teen die koninkryk van God, gaan optrek waar die Here hulle sal oordeel (Sag. 12:2-3; 14:12-13). Dit is dus nie net Rusland wat op die verkeerde pad is nie maar breedweg, met die uitsondering van klein evangeliese groepe, die hele wêreld. Dit is waarom ’n tyd van oordele vir die wêreld tydens die verdrukking van sewe jaar onafwendbaar is:

“Want kyk, in dié dae en in dié tyd wanneer Ek die lot van Juda en Jerusalem verander, sal Ek al die nasies versamel en hulle na die dal van Jósafat laat aftrek, om daar met hulle ’n strafgerig te hou ter wille van my volk en my erfdeel Israel wat hulle onder die nasies verstrooi het, en my land wat hulle verdeel het” (Joël 3:1-2). Die Verenigde Nasies is feitlik eenparig in hulle standpunt dat die grondgebied van Israel én die stad Jerusalem tussen Israel en die Palestyne verdeel moet word, en in dié opsig is hulle regstreeks in stryd met die wil van God.

In eindtydse profesieë, veral dié wat op Israel betrekking het, waarsku die Here nie net vir Rusland teen samewerking met Israel se vyande nie, maar Hy waarsku alle nasies in die wêreld teen sondige bondgenootskappe en optredes wat net tot hulle eie ondergang kan lei. Aan die ander kant is daar beloftes van ryke seën vir diegene wat vir Israel seën en ook die Woord van God eerbiedig wat van Israel af oor die hele wêreld uitgegaan het. Net diegene wat getrou bly aan God, sy Seun en sy Woord, sal erfgename van sy hemelse koninkryk wees.

5. Redes vir die Wegraping

Skriflesing: 1 Thessalonicense 4:13-18

In enige boodskap oor die eindtyd moet daar baie duidelike melding gemaak word van die wegraping, omdat hierdie gebeurtenis ŉ voorvereiste is vir die openbaring van die Antichris en die uitstort van Goddelike toorn oor die goddeloses. Soos in die tyd van Noag en Lot, moet gelowiges en ongelowiges van mekaar geskei word voordat die goddeloses geoordeel kan word. Die belofte van die wegraping gee aan Christene ŉ positiewe toekomsverwagting – ŉ konkrete en onbetwisbare hoop op Goddelike ingryping en seën om na uit te sien in ŉ andersins donker toneel van komende oordele oor ŉ goddelose wêreld. Die ongereddes word gewaarsku dat daar uiters moeilike tye op hulle wag indien hulle nie gereed en waardig is om van die planeet aarde af weggevoer te word nie.

Die volgende redes vir die wegraping word in die Bybel genoem:

1. Dit is ŉ ontmoeting met Christus

Wanneer die Here Jesus sy bruidsgemeente kom haal, sal dié wat in Christus gesterf het uit hulle grafte opgewek word, en diegene wat nog lewe in ŉ oogwink met verheerlikte liggame beklee word (1 Kor. 15:51-53). Daarna sal ons almal saam weggevoer (of weggeraap) word, die Here tegemoet in die lug (1 Thess. 4:16-18).

Mense wat nie in die wegraping glo nie, moet vir hulleself uitmaak hoe anders as net deur die wegraping alleen hulle van die aarde af weggevoer kan word om die Here Jesus in die lug te ontmoet. Só is Jesus ná sy eerste koms na die hemel "weggeruk". Ons lees in Openbaring 12:5 van ŉ vrou, Israel, wat ŉ manlike kind gebaar het, dit is Jesus, "en haar kind is weggeruk na God en sy troon". Paulus sê dat hy tot in die derde hemel "weggeruk" is (2 Kor. 12:2), en net so sal ons ook aan die einde van die kerkbedeling "weggeruk" of "weggevoer" word. In al hierdie gevalle word dieselfde werkwoord gebruik, naamlik *harpazo* in Grieks, wat beteken "om vinnig weggeruk te word" van een plek na ŉ ander – ook van die aarde af na die hemel.

Die hemelse Bruidegom kom by hierdie geleentheid soos ŉ dief in die nag om sy bruid te kom haal (Op. 16:15). Sy openbare koms wanneer elke oog Hom sal sien, sal eers plaasvind aan die einde van die sewe jaar lange verdrukking wat ná die wegraping verloop (Op. 1:7). Tydens die wegraping sal Hy nie tot op die aarde kom nie, maar sy bruid in die lug ontmoet en haar daarna saamneem hemel toe. Diegene wat agterbly, sal met ŉ skok ontdek dat al die ware Christene skielik spoorloos verdwyn het! Dissipels van Jesus sal dan in die hemel wees, in die heilige teenwoordigheid van die Koning van konings, en eers ná die donker dae van die verdrukking saam met Hom terugkeer (Sag. 14:4-5; Kol. 3:4).

2. Dit bevorder ŉ Christus-verwagting

Dit is belangrik om daarop te wys dat ŉ voorverdrukkingwegraping by gelowiges ŉ Christus-verwagting skep en nie ŉ Antichris-verwagting nie. Ons wag vir die hemelse Bruidegom en nie vir die mens van sonde nie. Die hele 70ste jaarweek van Daniël 9 is deel van Israel se heilsgeskiedenis, en sal ingelui word deur ŉ verbond wat Israel en die nasies met die valse messias sal sluit. Christene wat verkeerdelik in ŉ wegraping in die middel of na aan die einde van die verdrukking glo, verskuif hulle aandag weg van die Here Jesus af en bestee soms baie geld, tyd en energie om strategieë in plek te kry vir oorlewing gedurende die komende verdrukking. Sommige van hulle ruim selfs ontvlugtingsplekke weg van die groot stede af in, omdat hulle nie in ŉ wegraping voor die uitstorting van Goddelike toorn glo nie. Die Bybel sê egter dat ons die Seun van God uit die hemele moet verwag, naamlik "Jesus wat ons van die toekomstige toorn verlos" (1 Thess. 1:10).

Die belofte van die wegraping vestig ons aandag op die skielike en onverwagte koms van Christus vir sy bruid. Daar is geen uitdruklike tekens wat hierdie gebeurtenis direk voorafgaan

nie – minste van alles die verskyning van die Antichris. Ons moet onsself besig hou met voorbereidings wat daarop ingestel is om ’n heilige lewe voor die Here te lei, terwyl ons voortgaan om mense te nooi om die lank bestaande uitnodiging na die bruilof van die Lam te aanvaar. Wanneer die huis van die Here vol is, sal Hy uit die hemel neerdaal met geklank van die basuin van God. Daarna sal al die tekens van die tye wat op Christus se sigbare verskyning aan die einde van die verdrukking dui, finaal in vervulling gaan. Dit sal ’n tyd van natuurrampe en oorloë wees soos nooit tevore nie (Matt. 24:6-7).

3. Dit is ’n ingryping deur God

“Die Here self sal van die hemel neerdaal … en ons sal … in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug” (1 Thess. 4:16-17). Die bonatuurlikheid van die wegraping, naamlik die wegvoering van miljoene Christene, sal só duidelik ’n Goddelike ingryping wees dat geen wetenskaplike verklarings daarvoor aangebied sal kan word nie. Die Here kan inderdaad deur sy almag al sy kinders in ’n enkele oomblik opwek, verander en van die aarde af wegvoer. Hy sal diegene wat aan Hom behoort, wegneem en al die ander op die aarde agterlaat:

“In daardie nag sal daar twee op een bed wees; die een sal aangeneem en die ander verlaat word. Twee vroue sal saam maal; die een sal aangeneem en die ander verlaat word. Twee sal op die land wees; die een sal aangeneem en die ander verlaat word” (Luk. 17:34-36). Die “aanneem” van sommiges sal tydens die wegraping plaasvind. Die “verlaat” van die ander dui daarop dat ongelowiges en misleide mense sal agterbly om die donker dae van die Antichris se skrikbewind in die groot verdrukking te beleef.

Die skokeffek van die wegraping kan nouliks oorbeklemtoon word. In die vernietigende tekens hierna sal die Here se hand ook duidelik gesien kan word, veral in die groot oordele oor ’n afvallige mensdom (Op. 6:12-17). Deur die dramatiese effek van die wegraping sal die Here ’n ernstige boodskap aan ’n multigodsdienstige en afvallige mensdom rig, naamlik dat hulle enigste hoop daarin geleë is om weer na sy Woord terug te keer en dit ernstig op te neem. Die wegraping sal die mat heeltemal uittrek onder die moderne vergeestelikingsteologie waarin Bybelse uitsprake nie letterlik opgeneem word nie maar tot vae beeldspraak, allegorie of simboliek gereduseer en sodoende ongedaan gemaak word.

Ná die wegraping sal die meerderheid mense weens die verhardheid van hul harte wél deur die krag van die dwaling mislei word, maar miljoene ander sal nuwe begrip kry vir die waarheid van die Bybel en die Here soek, ongeag die verwerping en vervolging wat hulle getuienis in ’n antichristelike nuwe wêreldorde tot gevolg sal hê.

4. Dit is die verkryging van ’n opstandingsliggaam

Die wegraping staan duidelik in verband met die eerste opstanding wanneer al die ware gelowiges verheerlikte liggame sal verkry. Miljoene van dié wat weggeraap gaan word, is reeds dood, daarom moet hulle eers onverganklike nuwe liggame kry. Op daardie selfde oomblik sal die lewende gelowiges verheerlikte liggame kry en sonder die dood van verganklikheid tot onverganklikheid verander word. Paulus verduidelik hierdie belofte só aan ’n Christelike gemeente: “Kyk, ek deel julle ’n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in ’n oomblik, in ’n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word. Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word” (1 Kor. 15:51-53).

Aan die Filippense word gesê: “Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus, wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam” (Fil. 3:20-21; vgl. 1 Joh. 3:2). Die eerste opstanding word as “die opstanding van die regverdiges” beskryf (Luk. 14:14), en ook as “die opstanding van die lewe” (Joh. 5:29). Johannes sê: “Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van

God en van Christus wees en saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank" (Op. 20:6). Dit verwys na die duisendjarige vrederyk wanneer die opgestane en verheerlikte gelowiges in die regering van Jesus Christus opgeneem sal word. Die goddeloses sal nie deel hê aan die eerste opstanding en die wegraping nie, daarom sê Johannes verder: "En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie" (Op. 20:5). Hulle sal deel hê aan die tweede opstanding, wat ook genoem word "die opstanding van die veroordeling" (Joh. 5:29), en voor die groot wit troon tot die ewige dood veroordeel word (Op. 20:11-15).

5. Dit is 'n skeiding tussen nominale en ware Christene

Behalwe die skeiding wat die wegraping sal teweegbring tussen geredde en ongeredde mense in die wêreld, sal dit ook binne die verband van die Christelike kerk self 'n skeiding tussen wedergebore en vormgodsdienstige lidmate tot gevolg hê. Die dwase maagde sal agtergelaat word wanneer die Bruidegom kom, al het hulle ook hulleself as 'n deel beskou van die groep wat aan die Bruidegom behoort, en selfs op sy koms gewag. Die afwesigheid van die olie van die Heilige Gees in hulle lewe dui op die feit dat hulle nie weergebore en Geesvervuld is nie (Matt. 25:6-10).

Baie van hulle sal eers ná die wegraping 'n eerlike ondersoek na hulle geestelike status doen, en dan agterkom dat daar geen aanduiding van die Heilige Gees se wederbarende krag in hulle lewens is nie. Hoewel hulle tydens die verdrukking steeds hulle lewens aan die Here kan oorgee, sal die Bruidegom nie by wyse van 'n tweede wegraping die deur vir hulle oopmaak nie – selfs al bid hulle daarvoor en begeer dit met hulle hele hart. Hulle sal buite in die koue moet bly, die donker dae van die verdrukking in die gesig staar en bereid moet wees om as martelare vir hulle geloof te sterf – dit alles weens hulle eie nalatigheid.

Hoeveel miljoene kerklidmate bevind hulleself nie in die bootjie van 'n selfmisleidende, dooie vormgodsdiens nie! Hulle redeneer dat aangesien hulle uitverkies is, en d.m.v. die doop in 'n ewige verbond aan God verbind is, hulle nie 'n ondervinding van wedergeboorte hoef te hê nie. Die Here Jesus het egter aan een van hierdie uitverkore verbondskinders gesê: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie" (Joh. 3:3). Dit is net die herskeppingswerk van die Here wat jou lewe kan verander – nie kerklike ritualisering nie!

Maak seker dat jy nie tydens die wegraping die slagoffer van 'n dooie vormgodsdiens sonder wedergeboorte is nie, want dan sal jy beslis agterbly wanneer die Here Jesus sy bruidsgemeente kom haal (Joh. 14:2-3; Heb. 4:1). 'n Voorwaarde vir redding is 'n eerlike belydenis van jou sonde (1 Joh. 1:9), tesame met geloof in Jesus Christus as jou Verlosser en Saligmaker (Hand. 16:31).

6. Dit is die einde van 'n dispensasie

Die wegraping beëindig die bedeling van die kerk op aarde, omdat die ware kerk dan van die aarde af na die hemel toe weggevoer sal word. Net die valse kerk en die valse godsdienste wat deur die gees van die Antichris mislei is (1 Joh. 4:1-6), sal in die wêreld agterbly. Ons is tans baie naby aan die einde van die kerkbedeling op aarde. Die Bybel beskryf hierdie tydperk as 'n tyd van groot afvalligheid en demoniese aktiwiteite (1 Tim. 4:1). Satan werp alles in die stryd om die kerk te vervals en die maagde wat vir die koms van die Bruidegom moet wag, te mislei en aan die slaap te sus. Die Here Jesus het ons gewaarsku: "Pas op dat niemand julle mislei nie. Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei" (Matt. 24:4-5). Moenie onnadenkend meegesleur word deur valse voorstellings van Jesus en valse idees dat die wêreld nog honderde jare in sy verdorwe toestand kan voortbestaan nie.

7. Dit skep die geleentheid vir die Antichris om geopenbaar te word

Die wegraping word regstreeks met die openbaring van die Antichris in verband gebring: "… julle weet wat hom teëhou sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word. Want die verborgenheid van die

ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is; en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak, hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan" (2 Thess. 2:6-10).

Die ware kerk van Christus wat 'n tempel van die Heilige Gees is, staan die openbaring van die Antichris teë; daarom kan hy eers ná hulle wegname geopenbaar word. Die Heilige Gees in die kerk is sterker as die gees van misleiding wat in die wêreld werk (1 Joh. 4:4). Wanneer die evangeliese Christene skielik weggeneem word, verdwyn die lig van die wêreld en breek die uur van die duisternis aan. Dan kan die mens van sonde sonder teëstand geopenbaar word. Die wegraping móét dus plaasvind voordat die Antichris sy verskyning kan maak!

Om mense dus op die wegraping voor te berei, behels 'n geestelike ingesteldheid van getrouheid aan die ware Christus en ook die aktiewe verwerping van die komende Antichris. Jy moet 'n teëhouer wees wat standpunt teen antichristelike denkwyses inneem.

8. Dit is 'n motivering vir standvastigheid in 'n tyd van afvalligheid

Die koms van die Bruidegom vind plaas in 'n tyd waarin dit geestelik gesproke donker is. Die einde van die kerkbedeling is 'n tyd van groot afvalligheid en goddeloosheid. Die relatief klein groepie Christene sal skyn soos ligte te midde van 'n krom en verdraaide geslag. Soos in die dae van Noag en Lot sal die aarde vol gewelddadigheid, materialisme en seksuele perversie wees.

Ongelukkig sal hierdie gees van sondigheid en immoraliteit ook sy tol onder Christene eis. Hulle sal in hulle waaksaamheid verslap deur geestelike standaarde aanhoudend afwaarts aan te pas: "En omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel" (Matt. 24:12). Baie sal so 'n lae profiel hou dat hulle in algehele passiwiteit verval. Die Here Jesus het hierteen gewaarsku en aan gelowiges die verwagting van sy skielike koms as 'n motivering vir standvastigheid gegee: "Waak dan, want julle weet nie wanneer die eienaar van die huis kom nie: in die aand of middernag of met die haangekraai of vroeg in die môre nie; dat hy nie miskien skielik kom en julle aan die slaap vind nie. En wat Ek vir julle sê, sê Ek vir almal: Waak!" (Mark. 13:35-37).

Die boodskap oor die komende wegraping is dat die kerkbedeling na sy einde spoed, en dat ons moet volhard op die pad van heiligmaking: Petrus sê: "Terwyl al hierdie dinge dan vergaan, hoedanig moet julle nie wees in heilige wandel en godsvrug nie? – julle wat die koms van die dag van God verwag en verhaas" (2 Pet. 3:11-12).

9. Dit is 'n ontvlugting uit die rampgebied van Goddelike oordele

Die teks in Lukas 21:36 stel dit onomwonde dat die wegraping 'n ontvlugting uit oordele is. Die Here sê: "Waak dan, en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan." Die woord *ontvlug* beteken om buite die rampgebied te bly – nie om behoue déúr dit te gaan soos die Nuwe Afrikaanse Bybel verkeerdelik sê nie. Net soos in die dae van Noag en Lot, móét die regverdiges eers in 'n plek van veiligheid gestel word voordat die Goddelike toorn oor 'n Christusverwerpende wêreld uitgestort sal word.

Die komende oordele van die verdrukking is 'n vaste Bybelse feit wat letterlik in vervulling sal gaan, en net so letterlik sal daar vir die kinders van God 'n ontvlugting uit die oordele wees. Ons moet dié belofte aanvaar en hiervoor gereed wees. Die verdrukking van sewe jaar moet nie verwar word met die verdrukking wat Christene nog altyd as gevolg van hulle geloof in 'n sondige wêreld ervaar het nie. Die eindtydse verdrukking is God se oordele oor 'n Christusverwerpende wêreld. Die ware gelowiges is glad nie hiervoor bestem nie: "Want God het ons nie bestem tot toorn nie, maar om die saligheid te verkry deur onse Here Jesus Christus" (1 Thess. 5:9; vgl. Joh. 5:24).

10. Dit is ’n oproep om voor die regterstoel van Christus te verskyn

Die behoefte om vir die wegraping gereed te wees, spruit uit die vaste afspraak wat alle gelowiges het om rekenskap van hulle lewens te gee voor die regterstoel van Christus. Dit sal gebeur direk nadat ons ons finale bestemming in die hemel bereik het. Die vooruitsig op die wegraping konfronteer gelowiges baie duidelik met die verantwoordelikheid om te verskyn voor dieselfde Here wat aan sy dissipels die opdrag gegee het om die evangelie van redding te verkondig en daardeur hulle plig te vervul om die lig van ’n donker wêreld en die sout van ’n bedorwe aarde te wees. Ons Verlosser sal ook ons Koning en Regter wees.

Een van die uitdruklike redes vir die wegraping sal dus wees om ons op te roep om voor die regterstoel in die hemel te verskyn. Paulus sê: “Ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad” (2 Kor. 5:10). Aan die kerk in Rome sê hy: “So sal elkeen van ons dan vir homself aan God rekenskap gee” (Rom. 14:12). Die Here Jesus sê: “En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees” (Op. 22:12).

Hierdie oordeel is nie daarop ingestel om die gelowiges van die ongelowiges te skei nie, want slegs gelowiges sal voor Christus verskyn sodat hulle plig m.b.t. dissipelskap beoordeel kan word – m.a.w. wat hulle gedoen het nadat hulle tot bekering gekom het. Suksesvolle dissipels sal beloon word terwyl lui, vleeslike diensknegte betig sal word omdat sommige van hulle met leë hande voor die Here sal verskyn (Luk. 19:20-23).

11. Dit is ’n reis na die hemelse bruilof

Ná haar verskyning voor die regterstoel van Christus word die bruid met haar hemelse Bruidegom verenig om nooit weer van Hom geskei te word nie. Die brandende begeerte na die wegraping is dus terselfdertyd ’n verlange om by die bruilof van die Lam te wees en in ’n hemelse ivoorpaleis na Hom toe gelei te word in veelkleurige gewade wat met gouddraad geborduur is (Ps. 45:10, 14-16), “toeberei soos ’n bruid wat vir haar man versier is” (Op. 21:2).

Jesus Christus is nie net ons verlossing nie, maar ook ons heiligmaking: “Christus [het] ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord, sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees” (Ef. 5:25-27). Het jy Christus al vir heiligmaking vertrou? Dit is aan die bruid van die Lam “gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges” (Op. 19:8). Is jy ’n rein kanaal waardeur die Heilige Gees kan vloei?

12. Dit is ’n reis na ons ewige tuiste

Die Here Jesus het beloof dat Hy sal terugkom om sy bruid te kom haal en na haar hemelse tuiste te neem. Voor sy Hemelvaart het Hy gesê: “Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is” (Joh. 14:2-3). Hierdie woning in die hemel is só wonderskoon dat dit nie in menslike woorde beskryf kan word nie. Die Bybel sê: “Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van die mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet” (1 Kor. 2:9). Johannes sê die nuwe Jerusalem het pêrelpoorte, strate van deurskynende goud, en ’n muur rondom wat van die kosbaarste edelgesteentes gebou is (Op. 21:9-21). Om na só ’n plek weggevoer te word, is inderdaad ’n blye vooruitsig!

13. Dit lei na die aanvaarding van ons regterlike en koninklike posisie

Die verheerlikte Christene sal ná die wegraping saam met Christus die wêreld oordeel (1 Kor. 6:2) en daarna as konings saam met Hom op aarde regeer. In Openbaring 4 en 5 word die verheerlikte kerk voorgestel as 24 ouderlinge: “Toe sing hulle ’n nuwe lied en sê: U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers” (Op. 5:9-10).

14. Dit is ’n vaste versekering van seën vóór die oordele

’n Finale argument ten gunste van ’n voorverdrukkingwegraping, is die feit dat die boek Openbaring dispensasioneel en chronologies geskryf is. Eers word die kerkbedeling in Openbaring 2 en 3 beskryf, dan word die toneel in Openbaring 4 en 5 na die hemel verskuif waar ons die verheerlikte kerk aantref net ná hulle wegvoering van die aarde af. Hulle word as 24 ouderlinge uit alle nasies voorgestel. In Openbaring 6 tot 19 word die sewe jaar lange verdrukking beskryf wat deur die sigbare koms van Christus beëindig sal word. In Openbaring 20 word die duisendjarige vrederyk van Christus beskryf, en in Openbaring 21 en 22 die nuwe hemel en aarde wat ná die eindoordeel aan die einde van die millennium geskep sal word.

Ons is tans in Openbaring 3 in die sewende en laaste kerkperiode, kort voor die einde van die kerkbedeling. Die geestelik lou, afvallige en materialistiese kerk van Laodicéa is tans oorheersend in die wêreld. Binnekort sal die ware kerk deur middel van basuingeklank opgeroep word hemel toe. Dit is net die getroue dissipels van die Here Jesus wat die belofte gekry het dat Hy hulle sal kom haal nadat Hy in die hemel vir hulle plek gaan berei het (Joh. 14:2-3). Nie almal wat hulleself as Christene beskou is waarlik gered nie, daarom kan nie almal van hulle op die belofte van die wegraping aanspraak maak nie.

Die volgorde van eindtydse gebeure, waarin gelowiges eers beveilig en geseën word voordat die goddeloses geoordeel word, word ook deur Christus in ’n gelykenis bevestig. In Lukas 19:11-27 sê Hy dat wanneer Hy as Koning terugkeer, Hy sy diensknegte sal versamel om aan hulle loon vir hulle arbeid te gee. Nadat Hy dit gedoen het, sal Hy Hom tot sy vyande wend en hulle oordeel omdat hulle geweier het om Hom as Koning en Verlosser te aanvaar.

’n Belofte om jou geestelik op te hef!

Besef jy hoe aktueel die wegraping vir elke Christen is, hoe dramaties die gebeure is wat daarmee saamhang, en hoe oor en oor die moeite werd dit is om hiervoor gereed te wees? Die Christendom sal geestelik verarm raak as hierdie belofte en al die verantwoordelikhede wat dit meebring, nie met groot oortuiging verkondig word nie. Sonder die Bybel se profetiese perspektief op die eindtyd sal ons onseker wees oor wat die toekoms inhou, in die duisternis van onkunde rondtas en nie ons prioriteite reg bepaal nie (2 Pet. 1:19).

Terwyl ons die naderende voetstappe van die Here Jesus kan hoor, moet ons baie seker maak dat ons inderdaad aan Hom behoort, anders sal Hy by ons verbygaan wanneer Hy sy kinders kom haal. Die ongeredde naamchristene wat nooit ’n ontmoeting met die Here Jesus gehad het nie, en net ’n gedaante van godsaligheid het, sal tevergeefs eendag voor die groot wit troon op hulle kerklike ampte, wonderwerke en bevrydingsbedienings roem:

“Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here, sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is. Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons dan nie in u Naam gepreek nie, deur u Naam duiwels uitgedryf en deur u Naam baie wonders gedoen nie? Dan sal Ek openlik vir hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My af, julle wat die wet van God oortree” (Matt. 7:21-23 NAB). Baie van hierdie misleiers is ongeredde predikante wat selfs in Jesus se naam gepreek het.

Dit hoef egter nie so te wees nie. As ons harte deur die wedergeboorte verander is en ook deur die vervulling met die Heilige Gees brandend vir die Here is, sal ons waardig wees om die hemelse Bruidegom te ontmoet wanneer Hy aan die einde van die kerkbedeling kom. Hy het aan sy dissipels gesê: “Laat julle heupe omgord wees en julle lampe aan die brand. En julle moet wees soos mense wat op hulle heer wag. … Gelukkig is daardie diensknegte vir wie die heer wakker sal vind as hy kom. Voorwaar Ek sê vir julle, hy sal hom omgord en hulle aan tafel laat gaan en hulle kom bedien. En as hy in die tweede of die derde nagwaak kom, en dit so vind – gelukkig is daardie diensknegte” (Luk. 12:35-38). Wees elke dag gereed vir sy skielike koms!

6. Die Regterstoel van Christus

Skriflesing: Romeine 14:10-12; 1 Korinthiërs 3:8-16

Ná die wegraping word die verheerlikte kerk as 24 ouderlinge in die hemel voorgestel (Op. 4 & 5). Hulle het almal krone op hulle hoofde, wat daarop dui dat hulle voor die regterstoel van Christus genadeloon ontvang het: “En rondom die troon was daar 24 trone, en op die trone het ek die 24 ouderlinge sien sit, bekleed met wit klere; en hulle het goue krone op hulle hoofde gehad” (Op. 4:4). Proff. Walvoord en Zuck (*The Bible Knowledge Commentary,* bl. 943) sê die volgende oor hierdie krone: “The crowns were similar to those given victors in Greek games (*stephanos*), in contrast with the crown of a sovereign ruler (*diadema*). The crowns seem to indicate that the elders had been judged and rewarded.”

Petrus sê die tyd is daar dat die oordeel in die huis van die Here moet begin (1 Pet. 4:17). Dit verwys na die oordeel oor die werke van gelowiges. Dit is waarom die Here Jesus sê: “Kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees” (Op. 22:12). Wanneer die Here kom, kom Hy om sy diensknegte te beloon en daarna die sondaars te straf: “U toorn het gekom en die tyd van die dode om geoordeel te word en om die loon te gee aan u diensknegte, die profete, en aan die heiliges en aan die wat u Naam vrees, klein en groot, en om die verderwers van die aarde te verderf” (Op. 11:18).

Die goue krone wat die verheerlikte kerk sal kry, kom in werklikheid die Lam toe, daarom word dit voor sy voete neergelê: “... [toe] val die 24 ouderlinge neer voor Hom wat op die troon sit, en aanbid Hom wat tot in alle ewigheid lewe, en werp hulle krone voor die troon en sê: U is waardig, o Here, om te ontvang die heerlikheid en die eer en die krag…” (Op. 4:10-11). Hy alleen is waardig om die eer te kry vir dit wat sy getroue diensknegte op aarde bereik het. Dit is deur die instaatstellende krag van die Heilige Gees dat hulle vir die Here Jesus kon werk. Nogtans vra dit veel toewyding, gehoorsaamheid en volharding van hulle kant af, maar die genademiddels om hulle taak op aarde te kan verrig, kom alles van die Here af.

Hoewel die regterstoel-oordeel van Christus nie pertinent in Openbaring bespreek word nie, word dit as ’n gegewe aanvaar, en is dit baie duidelik dat dit nét ná die wegraping sal plaasvind. Aan die martelaarsgemeente van Smirna sê Jesus: “Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee” (Op. 2:10). Daar is dus ’n spesifieke kroon wat hulle sal kry. Aan sy getroue getuies in afvallige Thiatíre sê Hy: “Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom. En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee” (Op. 2:25-26). By sy wederkoms sal Hy hulle dus beloon en in sy koninkryk aanstel.

Aan die getroues in die dooie Sardis gemeente beloof Hy: “Wie oorwin, sal beklee word met wit klere” (Op. 3:5). Aan sy geliefde diensknegte wat Hom te midde van groot armoede en probleme in Filadelfia dien, sê Hy: “Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie” (Op. 3:11). Hulle moet daarteen waak om terug te val. Deur hulle volharding tot aan die einde toe moet hulle waardig bly om krone te kan ontvang.

Oor hierdie gees van volharding op die pad van die Here het Johannes voor sy verbanning na Patmos aan die gemeentes geskryf: “En nou, my kinders, bly in Hom, sodat ons vrymoedigheid kan hê wanneer Hy verskyn en nie beskaamd van Hom weggaan by sy wederkoms nie” (1 Joh. 2:28). Dit het toe al vir Johannes duidelik geword dat ernstige probleme en geestelike veragtering in Christelike gemeentes ingetree het. Die tweede geslag Christene was in die meeste gevalle nie meer op standaard nie. Baie van die oueres was nie oorwinnaars nie en het ook veragter in die genade (Heb. 12:15). In só ’n toestand sal hulle hul genadeloon verbeur, daarom die duidelike vermaning: “Wees op julle hoede, dat ons nie verloor wat ons deur arbeid verkry het nie, maar ’n volle loon ontvang (2 Joh. 1:8).

Die kinders van die Here het onteenseglik ’n groot verantwoordelikheid om vir Christus se skielike koms en ons verskyning voor sy regterstoel gereed te wees!

Die afspraak

Alle Christene het ’n afspraak voor die regterstoel van Christus, of hulle goeie diensknegte was of nie. Sommige sal loon ontvang, terwyl ander met leë hande daar sal staan. Die feit is dat die Here se diensknegte rekenskap van hulleself sal moet gee. Paulus sê aan die gemeente in Korinthe: “Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad” (2 Kor. 5:10).

Die woord “kwaad” kan ook met “nutteloos” vertaal word. Daar gaan baie werke van mense wees wat op dié dag nutteloos gaan blyk te wees omdat dit geen geestelike waarde het nie. Die Here Jesus sê aan elke gemeente: “Ek ken jou werke…” Hy gaan elkeen volgens sy werke vergeld, of dit goed is of nutteloos. Aan die Christene in Rome rig Paulus dieselfde boodskap: “… ons sal almal voor die regterstoel van Christus gestel word. … So sal elkeen van ons dan vir homself aan God rekenskap gee” (Rom. 14:10, 12).

Paulus verduidelik aan die Korinthiërs in veel meer detail hoe die werke van gelowiges aan God se vuurproef onderwerp sal word. Hieruit blyk dit duidelik dat dit geloofswerke is wat ná bekering gedoen word omdat dit op die Rots, Jesus Christus, gebou word. Die werke van sommige Christene sal egter verwerplik wees omdat dit vleeslik is. In die lig hiervan toon Paulus aan dat ons as medewerkers van God ’n besliste taak het om in sy koninkryk te verrig. Ons moet egter oppas hoe ons op die fondament van bekering bou – nie in die krag van die vlees nie, maar in die krag van die Heilige Gees. Uit 1 Korinthiërs 3:8-16 is ’n paar sake baie duidelik:

- Die fondament van bekering, wat die begin van ’n nuwe lewe in Christus is, moet éérs in ons lewe gelê word voordat ons vir die Here kan begin werk.
- Ná ons bekering het ons ’n opdrag om vir die Here te werk deur ons lig in die wêreld te laat skyn en sy getuies te wees. Ons moenie ’n nuttelose bestaan voer nie, maar medewerkers van God wees in die uitbreiding van sy koninkryk op aarde.
- Dit is nie vanselfsprekend dat ons altyd net aanvaarbare werke onder die leiding van die Heilige Gees sal doen nie, omdat ’n Christen ook nuttelose dinge in die krag van die vlees kan doen (1 Kor. 3:1-3). Dié werke is die hout, hooi en stoppels wat nie ewigheidswaarde het nie en vir God verwerplik is.
- Aan diegene wat onaanvaarbare werke in die vlees doen, word die vraag gevra: “Weet julle nie dat die Gees van God in julle woon nie?” Hulle moet hulle lewens aan die beheer van die Heilige Gees oorgee en in sy krag die Here begin dien. Dit is standaard Christenskap.

Die Here Jesus het in ’n gelykenis in Lukas 19:11-27 ook na die dag verwys wanneer sy diensknegte rekenskap van hulle lewens sal moet gee. Hy sê dat Hy aan elkeen van hulle ’n pond gegee het wat op die instaatstellende krag van die Heilige Gees dui, m.a.w. ’n Godgegewe werksvermoë in sy koninkryk.

Wanneer Hy as Koning terugkom, sal Hy heel eerste sy diensknegte ontbied om loon toe te ken ooreenkomstig die arbeid wat hulle verrig het. Aan dié een wat met sy pond tien ponde wins verdien het, sal Hy sê: “Mooi so, goeie dienskneg; omdat jy in die minste getrou gewees het, moet jy gesag hê oor tien stede” (Luk. 19:17). ’n Ander een kry gesag oor vyf stede, en die een wat sy pond in ’n doek toegedraai het en met leë hande voor sy Heer verskyn, word sterk verwyt. Hy kry geen loon nie, alhoewel hy een van sy Heer se diensknegte was.

Die grondslag van beoordeling

Die Here het voor sy regterstoel ’n afspraak met diegene wat aan Hom behoort. Uit die aard van die saak gaan hulle nie op grond van die aanwesigheid of afwesigheid van geloof in hulle lewe beoordeel word nie. Hulle is almal uit genade gered, deur die geloof, en dit is ’n gawe van God. Omdat hulle almal glo, is die grondslag van hulle beoordeling iets anders, nl. werke van geloof. Dit is die werke wat uit ’n lewende geloof móét voortvloei. Jakobus sê: “Want soos die liggaam

sonder gees dood is, so is ook die geloof sonder die werke dood" (Jak. 2:26). 'n Lewende geloof is soos 'n goeie boom wat weens sy aard vrugte móét dra.

Paulus stel dit in Efésiërs 2:8-9 duidelik dat ons deur geloof gered word, *sonder* werke. Niemand kan dus sy saligheid verdien deur daarvoor te werk nie. Redding is 'n genadegawe van God. Nadat 'n persoon egter gered is en 'n gelowige geword het, word dit van hom verwag om 'n lewe van godsvrug en goeie werke te lei. In die teks net ná redding uit geloof sonder werke, sê Paulus: "Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel" (Ef. 2:10).

Ons is tot 'n lewe van goeie werke geroep wat God vir ons voorberei het, want ons moet vrugte dra wat by die bekering pas. As daar nie vrugte in ons lewe is nie, is dit 'n duidelike bewys daarvan dat ons 'n dooie geloof het. 'n Loot wat vrug dra, word skoongemaak sodat dit meer vrug kan dra. Ons lewens moet gereinig en deur die Gees vervul word, sodat ons meer vrug kan dra. Die loot wat geen vrug dra nie, word afgekap. Hy voldoen nie aan sy roeping nie, en is soos die saadjies wat in die vlak grond of tussen die dorings beland het (Matt. 13:3-23). Só 'n persoon het nog nie grondig verander nie en moet homself eerlik voor die Here verootmoedig.

Uit hierdie agtergrond behoort dit duidelik te wees dat die Here ons nie gaan beloon vir dit wat ons vír Hom gedoen het nie, maar net vir dit wat Hy déúr ons gedoen het. Ons is werktuie in sy reddende regterhand. Wat ons doen, moet deur die krag van sy Heilige Gees wees. Ek moet nie my eie kop volg nie, maar die Here raadpleeg en ken in al my weë. As ek wil praat, moet ek deur Bybelstudie en gebed eers die boodskap by die Here kry, sodat ek kan sê: "So spreek die Here."

My lewe moet ook rein en heilig wees, anders sal die Here my nie gebruik nie. Die Here gebruik nie vleeslike en wêreldgesinde mense as sy medewerkers nie. As hulle nie na hulle eerste liefde terugkeer nie, neem Hy hulle kandelaar van hulle af weg, soos wat Hy dit ook van 'n hele gemeente af kan wegneem wat Hom mishaag (Op. 2:4-5). In dié geval sal Hy 'n ander persoon of 'n ander gemeente kry wat Hom met 'n opregte hart sal dien.

Krone

Die Here sê dat Hy sy kinders se werke ken, en aan hulle genadeloon sal gee wanneer Hy weer kom. Kort nadat ons met die wegraping en die eerste opstanding ons verheerlikte liggame gekry het, sal ons ook by die regterstoel van Christus krone vir getroue diens kry. Ons moet onsself beywer om dié weke te doen wat vir die Here behaaglik is en waarvoor Hy ook krone sal toeken. Dan weet ons dat ons lewe op aarde nie tevergeefs was nie, maar deur die krag van die Heilige Gees werke opgelewer het wat waarde vir die Here se koninkryk het. Ons sal dan ook die stem van die Here hoor wat sê: "Mooi so, goeie en getroue dienskneg. Oor weinig was jy getrou, oor veel sal Ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou Heer."

Die volgende krone word aan die oorwinnaars beloof:

Die onverwelklike kroon vir 'n heilige lewe

Heiligmaking het basies met twee sake te doen, naamlik reiniging en afsondering vir diens. Wanneer 'n Christen homself in 'n volle oorgawe aan die volkome beheer van die Heilige Gees oorgee, moet hy twee reaksies verwag: Eerstens sal hy oortuig word van sonde en vleeslikheid in sy lewe, wat hy sal moet bely en laat staan (Spr. 28:13; 1 Joh. 1:8-9). Die Gees van God is die Gees van heiligheid. Hy kan nie volle beheer oor 'n lewe neem wat nog nie van alle ongeregtigheid gereinig is nie. Paulus sê: "Laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring" (2 Kor. 7:1).

Tweedens moet 'n Christen homself onvoorwaardelik vir die saak van die Here diensbaar stel. Paulus het die atlete se strawwe oefenprogramme in Griekeland gesien en gesê: "Elkeen wat aan 'n wedstryd deelneem, onthou hom in alles – hulle nogal om 'n verwelklike krans te ontvang, maar ons 'n onverwelklike" (1 Kor. 9:25). Beywer jy jouself om die onverwelklike kroon vir 'n heilige en diensbare lewe te kry? Paulus het dit konsekwent gedoen. Hy het gesê: "Ek kasty my

liggaam en maak dit diensbaar" (1 Kor. 9:27). Benewens die aflegging van sonde en vleeslikheid moet ons ook streng Christelike dissipline handhaaf en onsself nie deur halfhartige toewyding en pligsversaking laat oorkom nie.

Die kroon van roem vir sielewenners

Die groot taak wat Christus aan sy dissipels opgedra het, is dié van wêreldevangelisasie. Toe Hy ná sy opstanding in die bovertrek aan die dissipels verskyn het, het Jesus gesê: "Vrede vir julle! Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook" (Joh. 20:21). Later het Hy die opdrag aan hulle herhaal: "Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom" (Mark. 16:15).

Dit sou beslis nie maklik wees om die boodskap van die Here Jesus se reddende genade in 'n vyandige wêreld te verkondig nie, daarom het die Here die krag van die Heilige Gees aan sy kerk belowe: "Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde" (Hand. 1:8).

Vir diegene wat ander mense na Christus toe lei, word die kroon van roem beloof. Paulus sê in sy brief aan die gemeente van Thessalonika: "Wie anders as julle is ons hoop of blydskap of kroon van roem in die teenwoordigheid van onse Here Jesus Christus by sy wederkoms?" (1 Thess. 2:19). So sal alle ander mense wat verlore siele na Jesus toe lei, ook die kroon van roem voor die regterstoel ontvang.

Die kroon van heerlikheid vir getroue herders

Die geestelike versorging en opbouing van die gemeente is 'n baie belangrike aspek van Christelike dienswerk wat deur die Here self bepaal is. In Openbaring verwys Christus op 'n buitengewone wyse na die sewe gemeentes en hulle predikante: "Die verborgenheid van die sewe sterre wat jy in my regterhand gesien het, en die sewe goue kandelaars: die sewe sterre is die sewe engele van die sewe gemeentes, en die sewe kandelaars wat jy gesien het, is die sewe gemeentes" (Op. 1:20).

'n Predikant moet soos 'n helder skynende ster in die Here se regterhand wees. 'n Ster (bedoelende 'n planeet) het geen lig in homself nie, maar dit weerkaats die sonlig op die aarde. So ook moet 'n prediker 'n afskynsel van die lig van die Son van Geregtigheid in 'n donker wêreld wees. Hy is nie self die lig nie, maar hy getuig van die lig (vgl. Joh. 1:8).

Verder word die predikant met 'n engel vergelyk. "En van die engele sê Hy wel: Hy wat van sy boodskappers winde maak en van sy dienaars vuurvlamme" (Heb. 1:7). Die predikant is dus 'n boodskapper wat met 'n boodskap van God na die gemeente gestuur word; ook is hy 'n dienaar van die gemeente én van God. Hy moet die gemeente bedien met die brood van die lewe en ten volle gebruik maak van die veelvuldige genadegawes van die Here.

Petrus sê dat die prediker ook 'n herder is wat die kudde moet lei. Hy moet dit nie met murmurering doen nie, en ook nie met die oog op selfverryking nie. Hy moet nie 'n harde en ongenaakbare meester wees nie, maar 'n navolgenswaardige voorbeeld stel en waak oor hulle belange. As hy dit nougeset doen, sal die Here aan hom die kroon van heerlikheid gee: "Hou as herders toesig oor die kudde van God wat onder julle is, nie uit dwang nie, maar gewilliglik; nie om vuil gewin nie, maar met bereidwilligheid; ook nie as heersers oor die erfdeel nie, maar as voorbeelde vir die kudde. En wanneer die Opperherder verskyn, sal julle die onverwelklike kroon van heerlikheid ontvang" (1 Pet. 5:2-4).

Dit is duidelik dat predikers 'n swaarder oordeel as ander mense sal ontvang as hulle nie hul werk doen soos wat die Here dit van sy geroepenes en gesante verwag nie: "Moenie baie leermeesters wees nie, my broeders, omdat julle weet dat ons 'n groter oordeel sal ondergaan" (Jak. 3:1). Leermeesters staan onder die verpligting om die volle raad van God te verkondig, insluitend die boodskap van die wederkoms. Die Here sal ook ongeredde mense se bloed van

hulle hande eis. Aan die ander kant sal hulle ryklik beloon word as hulle getroue herders was wat hulleself daaraan toegewy het om in alle geestelike behoeftes van mense te voorsien.

Weens die groot verval van die laaste dae het getroue en bekwame herders wat die woord van die waarheid reg sny, baie skaars geword. Die meerderheid sal ter wille van populariteit, en ook onder die beïnvloeding van hulle kollegas wat valse profete is, die weg van kompromie volg en 'n maklike maar valse evangelie verkondig. Paulus het duidelik teen hulle gewaarsku: "Daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels" (2 Tim. 4:3-4).

Maak seker dat jy in jou gemeente met die onvervalste melk van die Woord bedien word, en saam met jou leraar met vrymoedigheid voor die regterstoel van Christus sal kan verskyn. As dit nie die geval is nie, moet jy so gou as moontlik onder die vormgodsdienstiges uitgaan (2 Tim. 3:5) en jou by ware gelowiges voeg.

Die kroon van die lewe vir Christen-martelare

Aan elkeen wat sy lewe ter wille van sy geloof aflê, word die kroon van die lewe beloof. Die Here sê vir die martelare: "Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee" (Op. 2:10). Deur die eeue heen was daar getroue diensknegte van die Here Jesus wat bereid was om ten koste van hulle veiligheid, hulle werk, hulle gesinne, en selfs hulle eie lewe, die vlam van geloof in 'n vyandige wêreld omhoog te hou. Hulle het die volle implikasies van Christus se woorde besef toe Hy gesê het: "Kyk, Ek stuur julle soos lammers onder die wolwe" (Luk. 10:3). Ook het Hy gesê: "In die wêreld sal julle verdrukking hê" (Joh. 16:33).

Hoe ís Christene die afgelope byna 2000 jaar nie op verskillende maniere vervolg, verdryf, bespot, geïntimideer en in strafkampe aangehou nie, terwyl miljoene die hoogste prys vir hulle geloof betaal het. Die Here sal hulle spesiaal beloon omdat die geloof in Christus só kosbaar is dat hulle geen aardse mag gevrees het om daarvan te getuig nie.

By die kategorie van martelare is ook ingesluit diegene wat 'n swaar kruis van beproewing in hulle lewe moes dra. Volgens Jakobus 1:12 sal hulle beloon word as hulle getrou bly. Daar is baie mense wat gestrem is, of gestremde kinders het, wat siek of verlam is, wat onderdruk, misken of verwerp word, of wat dalk werkloos, arm, honger of sonder huisvesting is. Hulle word almal bemoedig om die geloof te behou en op hulle moeilike weg te volhard. Sommige van hulle kry uitkoms in hierdie lewe en ander nie. Die hoofsaak is dat hulle tot die einde toe getrou moet bly en wag op die volmaaktheid wat ons eendag in die hiernamaalse lewe sal hê (2 Kor. 4:16-18; Heb. 11:35).

Die kroon van geregtigheid vir dié wat sy koms liefhet

Om die Here se koms lief te hê, vereis 'n ingesteldheid op dinge wat geestelike waarde vir God se koninkryk het. Jy moet skatte in die hemel bymekaarmaak waar mot of roes nie verniel en waar diewe nie inbreek en steel nie. As jy sê dat jy die Here Jesus se koms liefhet, dan sê jy dat Hy jou Koning is, dat jy by die vestiging en uitbreiding van sy koninkryk betrokke is, en dat jy uitsien na die dag wanneer Hy as Koning openbaar sal word. Jou toekomsverwagting is gebaseer op die versugting dat die Here se koninkryk gou sal kom.

Intussen is jy 'n vreemdeling en 'n bywoner op aarde omdat jou ewige tuiste nie hier is nie. Paulus het die goeie stryd van die geloof gestry terwyl hy die koninkryk van Christus in 'n heidense wêreld gevestig het. Kort voordat hy weens sy geloof tereggestel is, het hy opnuut sy sterk verwagting na die koms van Jesus en sy koninkryk van geregtigheid uitgespreek: "Ek het die goeie stryd van die geloof gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou. Verder is vir my weggelê die kroon van die geregtigheid wat die Here, die regverdige Regter, my in dié dag sal gee; en nie aan my alleen nie, maar ook aan almal wat sy verskyning liefgehad het" (2 Tim. 4:7-8).

Wanneer die dag van die Here begin ("in dié dag…") gaan Hy krone as genadeloon aan sy getroue diensknegte toeken. Terselfdertyd sal Hy sy toorn oor ŉ goddelose wêreld uitstort sodat die sondaars ook kan maai wat hulle gesaai het. Aan dié wat aan die Here behoort, openbaar Hy homself in heerlikheid en maak ons deelgenote van sy koninkryk van geregtigheid. Dan sal ons almal verheerlikte liggame kry en as burgers van die hemelse koninkryk saam met Christus regeer: "Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus, wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam" (Fil. 3:20-21).

Omdat die afspraak van gelowiges voor die regterstoel van Christus so uiters belangrik is, moet ons absoluut seker maak dat ons nie dalk geweeg en te lig bevind sal word nie, maar met vrymoedigheid rekenskap van onsself sal kan gee. Nie een van ons wil tog met leë hande voor die Here Jesus verskyn weens vleeslikheid, halfhartigheid en ŉ gebrekkige toewyding nie. Dit is die rede waarom die Here vooraf aan ons sê vir watter krone ons onsself moet beywer, en daardeur word die vrae wat ons sal moet beantwoord, duidelik geïmpliseer. Ons kan dus met ŉ vaste vertroue voorberei om rekenskap van onsself voor sy regterstoel te gee, omdat ons presies weet waaroor dit sal gaan:

- *Die onverwelklike kroon vir ŉ heilige lewe:* Het jy uitvoering gegee aan die opdrag tot heiligmaking en vervulling met die Heilige Gees? "Want dit is die wil van God: julle heiligmaking" (1 Thess. 4:3).
- *Die kroon van roem vir sielewenners:* Het jy van Christus getuig en siele vir sy koninkryk gewen? "... hy wat siele win, is wys" (Spr. 11:30).
- *Die kroon van heerlikheid vir getroue herders:* Was jy ŉ getroue herder wat nie uit selfsugtige oorwegings gearbei het nie, maar tot eer van die Here? (1 Pet. 5:2-3).
- *Die kroon van die lewe vir Christen-martelare:* Was jy bereid om verwerping en verdrukking ter wille van Christus te verduur? Hy sê dat ons salig is as ons ter wille van die geregtigheid ly (1 Pet. 3:14).
- *Die kroon van geregtigheid vir dié wat sy koms liefhet:* Het jy ŉ aktiewe wederkoms-verwagting gehad, jouself vir dié koninkryk beywer en skatte in die hemel bymekaar gemaak? Dan sal dit jou gebed wees dat die Here se koninkryk sal kom (Matt. 6:10).

Indien al die kinders van die Here hulleself vir die verhewe doelstellings van God se koninkryk beywer, sal die wêreld geestelik en moreel nie so ŉ donker plek wees as wat dit nou is nie. As ons op ŉ waardige en toegewyde wyse God se geregtigheid uitleef en daarvan getuig, sal ons tot ŉ groter mate die lig van ŉ donker wêreld en die sout van ŉ bedorwe aarde kan wees. Wanneer die tyd van wêreldevangelisasie verbygaan, breek die tyd van rekenskap aan, en dit begin in die huis van God by sy diensknegte.

Nadat die kinders van Here hulle verheerlikte liggame ontvang het, en ook krone vir getroue diens voor die regterstoel van Christus, sal hulle rondom die troon van die Lam hulle plekke inneem om saam met Hom die wêreld in geregtigheid te oordeel (1 Kor. 6:2). Dan sal die sewe seëls van die boekrol van God se oordele in die hemel gebreek word, en sal die Antichris skielik as ŉ valse vredevors op die toneel verskyn. Omdat sy teëhouer dan weg is, sal hy homself met groot misleiding kan openbaar.

7. Geestelike Dae en Nagte in die Geskiedenis

Skriflesing: Mattheus 4:16-17; Johannes 1:1-10; 3:19-21; 8:12; Ef. 5:8.

Geestelike lig en duisternis is realiteite van die menslike bestaan op aarde, omdat daar twee koninkryke is wat daarna streef om mense se lojaliteit te verkry – God se koninkryk van lig en Satan se koninkryk van duisternis. Elke mens moet in sy eie lewe 'n keuse hieroor doen. Dit is opvallend dat wanneer die totale menslike geskiedenis in oënskou geneem word, daar geestelik gesproke 'n duidelike patroon van opeenvolgende dae en nagte onderskei kan word. Hierdie tydperke van afwisselende lig en duisternis staan in verband met tye van geestelike herstel of toenadering tot die Here, gevolg deur tye van groot geestelike afvalligheid. Op 'n kleiner skaal gaan alle volke en individue deur sulke tydperke, omdat almal van hulle keuses tussen die lig van God se teenwoordigheid en die duisternis van sonde en ongeregtigheid moet doen. Afhangende van hoe hierdie keuses uitgeoefen word, tree daar sekere gevolge vir almal van hulle in. Kom ons kyk nou in 'n breë verband na sulke dae en nagte in die hele menslike geskiedenis. Dit sal aan ons beter begrip gee vir die toenemende duisternis van die eindtyd.

Die dag van die skepping. God het die mens goed gemaak, en volkome geluk het in die Tuin van Eden geheers waar Adam en Eva in die lig van die Here se teenwoordigheid gewandel het. Hulle het egter 'n vrye wil gehad, daarom het die moontlikheid bestaan dat hulle wel kon sondig deur God se gesag en voorskrifte te minag en só die duisternis bo die lig te verkies.

Die nag van die sondeval. Adam en Eva is deur Satan mislei om aan God ongehoorsaam te wees. Daardeur het hulle 'n gevalle, sondige natuur gekry wat weg van God af geneig het. Hierdeur het Satan aansienlike mag gekry, want hy het die god van 'n verdorwe, God-verwerpende mensdom geword (Rom. 5:12; 2 Kor. 4:4). As gevolg van die sondeval is die eerste mense uit die paradys verdryf om 'n moeitevolle bestaan daarbuite te voer. Die aarde is ook deur die sondeval getref en het dorings en distels voortgebring, asook baie plae en peste, soos wat geestelike duisternis oor die gevalle mens en sy leefwêreld toegesak het.

Die dag van nuwe moontlikhede. God het die geestelik gevalle mense nie as slawe van sonde aan hulle eie lot oorgelaat nie, maar aan hulle deur hul gewete 'n aanvoeling tussen reg en verkeerd laat behou en aan hulle die moontlikheid gebied om deur offers en gebede met God te kommunikeer en die weg van geregtigheid te bewandel. Die Here het vir Kain gesê: "Is daar nie verheffing as jy goed doen nie? En as jy nie goed doen nie – die sonde lê en loer voor die deur, en sy begeerte is na jou; maar jý moet daaroor heers" (Gen. 4:7). Mense kon dus wilsbesluite neem en die goeie bo die kwaad verkies en sodoende in die lig wandel te midde van die duisternis rondom hulle. Hulle kon hulleself egter ook verder teen die Here verhard en sodoende die pad van duisternis en sonde bewandel wat mense al hoe verder van die Here af weglei.

Die nag van die sondvloed. Die neiging tot sonde het sodanig die oorhand gekry dat alle mense op aarde, met die uitsondering van net Noag en sy gesin, geheel en al van die Here afvallig geraak en as gevolg daarvan in totale geestelike en morele verdorwenheid beland het. Die Here het gesien "dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en dat al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was" (Gen. 6:5). Hulle geestelike verduistering het só erg geraak dat die Here hulle deur 'n groot vloed van die aarde af uitgedelg het (Gen. 6:6-13). Deur hierdie sondaars se eie toedoen het dit vir hulle nag geword.

Die dag van Israel se roeping. Ná die sondvloed het daar weer 'n nuwe geslag mense uit Noag en sy gesin voortgekom. Die Here het volgens Génesis 9:1-17 met Noag en sy seuns 'n verbond gesluit en hulle geseën. Gaandeweg het goddeloosheid egter só toegeneem dat die Here vir Abraham uit die heidendom geroep het om vir Homself 'n volk tot stand te bring wat afgesonderd van die heidene sou leef. Deur hulle sou die lig van die Here in 'n donker wêreld skyn omdat Hy Homself aan hulle sou openbaar. Abraham, Isak en Jakob was die stamvaders van hierdie volk, waaruit die Verlosser van die mensdom in die volheid van die tyd gebore sou word.

Die nag van Israel se lang slawerny in Egipte. Grootskaalse geestelike afvalligheid het egter ook in die volk van God voorgekom, en dit het tot die nag van hulle vierhonderd jaar lange slawerny onder die juk van die heidense Egiptenare gelei. Hier het hulle geleer om afgode te dien terwyl hulle gaandeweg al hoe meer deur die vyande van God onderdruk en verneder is.

Die dag van Israel se bevryding en vestiging in die Beloofde Land. Met Israel se uittog uit Egipte, nadat die paaslam geslag en die bloed aan hulle deurposte gesprinkel is, het hulle weer die lig van God se teenwoordigheid betree. Onder Moses se leierskap en deur die gebooie wat hulle by Sinai gekry het, is hulle geleer om in God se weë te wandel, die Beloofde Land in besit te neem en 'n teokratiese regering te vestig waarin God regeer. Hoewel nie almal van hulle die Here van harte gedien het nie, het Israel onder leiers soos Moses en Josua, profete soos Samuel, en konings soos Dawid, Salomo, Hiskia, Asa en Josia tot groot hoogtes uitgestyg.

Die nag van die Assiriese en Babiloniese ballingskap. Mettertyd het goddeloosheid totaal die oorhand in Israel gekry en is 'n groot groep van die noordelike tienstammeryk in die 8ste eeu v.C. as krygsgevangenes na Assirië weggevoer, terwyl die ballingskap van die suidelike ryk van Juda in die 6de eeu voor Christus plaasgevind het. Jerusalem en die tempel is verwoes en Israel het as ballinge tussen hulle vyande gebly. Die duisternis van die heidendom het die oorhand gekry.

Die dag van Israel se herstel uit die ballingskap. 'n Tyd van geestelike herstel het weer vir Israel uit die ballingskap aangebreek, en hulle het ook die stad Jerusalem en die tempel herbou. Die Pasga is in Jerusalem gevier en die volk het hulleself opnuut aan die Here toegewy. Die lig van hierdie dag van geestelike herstel het egter spoedig weer gekwyn en in duisternis geëindig.

Die nag van Israel se vervreemding van God. Die volk van God het geestelik só verval dat hulle mettertyd heeltemal van die Here vervreemd geraak het. Maleági was die laaste profeet wat die Here in die Ou Testament na sy volk gestuur het, en toe hulle na hom ook nie wou luister nie, het die Here se stem stil geraak in Israel en was daar vir die daaropvolgende 400 jaar nie 'n profeet wat God se woord aan die volk verkondig het nie. Dit het geestelik vir hulle nag geword omdat hulle van die enigste bron van lig en lewe wegbeweeg het.

Die dag van die Messias se koms. Met die koms van die Messias het die lig van Here weer helder oor Israel geskyn: "Die volk wat in duisternis sit, het 'n groot lig gesien, en die wat sit in die land van die skaduwee van die dood, vir hulle het 'n lig opgegaan" (Matt. 4:16). Lukas het die Messias beskryf as "die opgaande Lig uit die hoogte ... om te skyn oor die wat in duisternis en doodskaduwee sit, om ons voete na die pad van vrede te rig" (Luk. 1:78-79). Hy het die koninkryk van God aan Israel verkondig, en daarna sy lewe as 'n soenoffer vir die sondes van die hele wêreld aan die kruis afgelê. Voor sy Hemelvaart het Hy aan sy dissipels opdrag gegee om die boodskap van sy reddende genade in Israel uit te dra, en daarvandaan verder tot aan die uiterste van die aarde. Die lig van Jesus Christus moes dus deur sy dissipels oral op aarde skyn.

Die nag van Israel se internasionale verstrooiing. Israel het weens hulle wettiese vormgodsdiens en die verhardheid van hulle harte as volk die Messias verwerp en daardeur die pad van geestelike duisternis en swaarkry verkies. Hierdie nag in hulle volksgeskiedenis het in die jaar 70 n.C. tot die verwoesting van Jerusalem en die internasionale verstrooiing van Israel gelei. Dié toestand het tot in die 20ste eeu voortgeduur toe Israel in 1948 weer na hulle land teruggebring is as 'n voorbereiding vir hulle geestelike herstel wanneer die Messias weer kom. Oor hierdie lang tyd van verstrooiing het die Here Jesus vir hulle gesê: "[julle] sal deur die skerpte van die swaard val en as krygsgevangenes geneem word na al die nasies, en Jerusalem sal vertrap word deur die nasies totdat die tye van die nasies vervul is" (Luk. 21:24). Hy het ook na sy wederkoms en toekomstige versoening met die volk Israel verwys toe Hy vir hulle gesê het: "Julle sal My van nou af sekerlik nie sien nie totdat julle sal sê: Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!" (Matt. 23: 39; vgl. Ps. 118:26).

Die dag van Israel se eindtydse herstel. Ten spyte van Israel se lang internasionale verstrooiing het God volgens Levitikus 26:44-45 nooit sy verbond met hulle as volk verbreek nie.

In Esegiël 37:21 staan daar: "... en sê vir hulle: So spreek die Here HERE: Kyk, Ek gaan die kinders van Israel haal tussen die nasies uit waarheen hulle getrek het, en Ek sal hulle van alle kante bymekaar laat kom en hulle bring in hul land." Hierdie proses het met Israel se onafhanklikwording in Mei 1948 begin, en het 'n belangrike verdere stadium bereik toe die ou deel van Jerusalem in die 1967-oorlog herower en die hele stad in Augustus 1980 tot Israel se ewige en onverdeelbare hoofstad verklaar is. Die doel met hulle fisiese en staatkundige herstel is dat hulle ook geestelik as God se volk in hulle land sal herleef. Jesus se Messiasskap word egter nog steeds deur die herstelde Israel verwerp, met die gevolg dat die volle lig en vrede van God nog nie oor hulle deurgebreek het nie. Inteendeel – die glans van hulle onafhanklikwording in 1948 en die groot oorwinnings wat hulle sedertdien in oorloë teen vyandiggesinde Arabiese state behaal het, verdof vinnig terwyl Jodehaat internasionaal besig is om tot groot hoogtes op te bou. Daar was al verskeie oproepe vir Israel se uitwissing uit Iran.

Die nag van die benoudheid van Jakob. Die geestelik verharde Israel sal, terug in hulle land, deur 'n besonder donker tyd van verdrukking en benoudheid gaan sodat 'n oorblyfsel van die volk gered kan word. Jeremia sê: "Wee, want die dag is groot, sonder weerga! En dit is 'n tyd van benoudheid vir Jakob; maar hy sal daaruit verlos word" (Jer. 30:7). In Esegiël 22:19-22 staan daar: "Daarom, so sê die Here HERE: Omdat julle almal skuim geword het, kyk, daarom sal Ek julle binne-in Jerusalem bymekaarmaak. Soos silwer en koper en yster en lood en tin binne-in 'n smeltoond bymekaargemaak word om daarteen 'n vuur aan te blaas en dit te smelt, so sal Ek julle bymekaarmaak in my toorn en in my grimmigheid en julle ingooi en smelt … en julle sal weet dat Ek, die Here, my grimmigheid oor julle uitgegiet het." In Sagaria 13:8-9 word gesê: "En in die ganse land, spreek die Here – twee-derdes sal daarin uitgeroei word, sal sterwe, maar een-derde daarin oorbly. Dan sal Ek die derde deel in die vuur bring en hulle smelt soos 'n mens silwer smelt en hulle toets soos 'n mens goud toets. Hulle sal my Naam aanroep, en Ek sal hulle verhoor. Ek sê: Dit is my volk! En hulle sal sê: Die Here, my God!"

Die dag van die geestelik herstelde Israel in die Messiasryk. Daar is vaste Bybelse beloftes oor Israel se eindtydse geestelike herstel nadat die bedeling van wêreldevangelisasie tot sy einde gekom het. Paulus sê: "Want ek wil nie hê, broeders, dat julle hierdie verborgenheid nie moet weet nie, sodat julle nie eiewys mag wees nie: dat die verharding ten dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die heidene ingegaan het; en so sal die hele Israel gered word, soos geskrywe is: Die Verlosser sal uit Sion kom en sal die goddelooshede van Jakob afwend" (Rom. 11:25-26). Op grond van hulle opregte berou sal die Here Jesus al die volk se sondes vergewe – dit is die hele oorblyfsel wat die groot verdrukking sal oorleef. Die lig van God se koninkryk sal dan van Jerusalem af, waar die Messias sal regeer, oor die hele aarde skyn en al die nasies sal in dié lig wandel (Jes. 2:1-4; 27:6; Jer. 3:17).

Dit is die wisselende ervarings van Israel deur die eeue heen en, volgens die Bybel, ook dit wat in die toekoms met hierdie volk gaan gebeur. Nou moet ons na die eerste koms van Christus terugkeer, want die volgelinge van die Here Jesus onder die nie-Joodse volke het hulle eie ervarings gehad en was geestelik op 'n heel ander pad as dié van Israel.

Die dag van die vroeë Christelike kerk. Johannes sê van die Here Jesus: "Die waaragtige lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld" (Joh. 1:9). Ná die uitstorting van die Heilige Gees het die Christelike kerk vinnig in die destyds bekende wêreld uitgebrei. Die Here is gedien en groot getalle mense het tot bekering gekom. Hulle het die vlam van geloof te midde van 'n vyandige wêreld omhoog gehou en sodoende die lig van die wêreld geword. Hoewel die meeste mense steeds die duisternis liewer gehad het as die lig (Joh. 3:19), het die duisternis die lig nie oorweldig nie (Joh. 1:5). Die aanslag teen die lig het egter gaandeweg toegeneem.

Die nag van die donker Middeleeue. Met verloop van tyd het daar as gevolg van valse leerstellings en kompromie met die heidenwêreld groot veragtering in die Christelike kerk ingetree. Dit wat Paulus ten opsigte van die Efésiërs gesê het, het redelik algemeen voorgekom:

“Ek weet dit, dat ná my vertrek wrede wolwe onder julle sal inkom en die kudde nie sal spaar nie. Ja, uit julle self sal daar manne opstaan wat verkeerde dinge praat om die dissipels weg te trek agter hulle aan” (Hand. 20:29-30). Namate valse leerstellings en ’n baie groot valse kerk in Rome die oorhand gekry het, is die ware dissipels van die Here Jesus toenemend vervolg, verdryf en selfs doodgemaak. As gevolg hiervan het die donker Middeleeue in die wêreld aangebreek wat van nagenoeg die 6de eeu af tot in die 16de eeu voortgeduur het. Daar word selfs na hierdie tydperk van wydverspreide vervolging, misleiding en afdwaling as Satan se millennium verwys, toe die koninkryk van die duisternis wye beheer op aarde verkry het.

Die dag van die groot herlewings. Met die Kerkhervorming vroeg in die 16de eeu is die geestelike mag van die duisternis nog nie heeltemal op kerklike terrein verbreek nie. Dit was eers tydens die herlewingsdienste wat vroeg in die 18de eeu begin het, het daar wél wêreldwyd ’n nuwe dag vir die Christendom aangebreek het. Verskeie sendingorganisasies is in die lewe geroep, en miljoene mense is met die evangelieboodskap bereik. Hierdie herlewings het vir omtrent twee eeue lank voortgeduur, tot vroeg in die 20ste eeu, toe ’n dooie vormgodsdiens weer gaandeweg die oorhand begin kry het in baie kerke. Die Protestante het ook mettertyd opgehou om te protesteer teen geestelike dwalings en self van die lig van die evangelie begin afwyk.

Die nag van die laaste dae se geestelike verval. In die tweede helfte van die 20ste eeu was daar oral tekens van grootskaalse teologiese verval en die skepping van ekumeniese organisasies ter ondersteuning van ’n humanistiese, koninkryk-nou teologie. Ernstige dwalings soos die verwerping van Skrifgesag, die letterlike vervulling van Bybelse profesieë en die Godheid van Jesus, het die kerklike toneel begin oorheers. Die gevolg hiervan is dat kleiner evangeliese kerke ’n groot stryd ervaar om by die Bybel te bly, die Here se Naam en sy Woord nie te verloën nie, en te midde van die heersende gees van kompromie en afvalligheid volgehoue groei te toon. Die sekulêre wêreld het op die verswakte leerstellige posisie van groot kerke gereageer deur die Christendom en die Bybel uit regerings se grondwette te skryf, en gevolglik ook uit skole en ander openbare instellings te verban. Dit alles laat die geestelike duisternis verdiep en verhoog ook die stryd van die evangeliese Christene aansienlik.

In hierdie tyd van grootskaalse verval en misleiding verhef die mensdom homself deur middel van die wetenskap en die moderne tegnologie tot ’n posisie van heerskappy waarin hy self sy eie wêreld van vrede en sosiale geregtigheid skep. Selfs die teologie word aan hierdie nuwe transformasiebeweging dienstig gemaak om te help om ’n humanistiese koninkryk van vrede, eenheid en welvaart op aarde te skep. In die proses word die Bybel só eensydig toegepas dat dit moet lyk of dit God se koninkryk is wat op aarde neerdaal en hier geopenbaar word. Geestelike leiers in dié beweging draai ’n blinde oog na die toenemende geestelike duisternis wat oor die misleide massas toesak, en weier selfs ook om God se oordele oor sondaars te verkondig. Die realiteit van eindtydse oordele is slegte nuus vir die nuwe wêreldorde waarmee hulle besig is. Hulle wil baie graag sê: “Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie,” en luister dus nie na die Here Jesus nie wanneer Hy vir hulle sê: “Omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug” (Op. 3:16-17). Te midde van toenemende geestelike misleiding en duisternis in ’n wêreld wat op God se oordele afstuur, sal die Here die ware gelowiges kom haal omdat hulle nie vir sy oordele bestem is nie – dit is diegene wat end-uit teen al die misleiding en afvalligheid weerstand bied en op die smal pad volhard.

Die dag van die ware kerk se verheerliking. Die stryd sal vir die weergebore kinders van die Here verby wees wanneer die hemelse Bruidegom hulle kom haal en na hulle woning in die hemel wegvoer (1 Thess. 4:16-17). Dan sal ewige heerlikheid vir hulle in die Here se teenwoordigheid aanbreek, waar die lig van sy geregtigheid vir altyd sal skyn.

Die nag van die verdrukking. Dit sal geestelik skielik pikdonker op aarde word wanneer diegene wat soos ligte geskyn het, deur die Here weggeneem is. Dan sal die Antichris as die mens van sonde en seun van die verderf geopenbaar word. Die ongeredde nasies met hulle

afvallige kerke sal dan saam met die ongeredde Israel deur die verdrukking gaan. In die eerste helfte van die verdrukking sal hulle saam met die Antichris, wat deur alle gelowe as God se gesant aanvaar en aanbid sal word (Op. 13:3-4), 'n nuwe wêreldorde van eenheid en harmonie vestig. Die misleide mensdom sal wêreldwyd in afgodery verval en hulle eie "god" aanbid (2 Thess. 2:4), maar dit sal die Here se toorn oor hulle bring. Hulle sal nie alleen onder die Antichris se diktatuur ly nie, maar ook weens hulle sondes deur God geoordeel word. In die Ou Testament staan daar oor hierdie donker tyd wat kom: "Wat sal tog die dag van die Here vir julle wees? … Is die dag van die Here nie duisternis en geen lig nie, ja, donkerheid sonder 'n ligstraal?" (Amos 5:18, 20). "Dié dag is 'n dag van grimmigheid, 'n dag van benoudheid en angs, 'n dag van woestheid en verwoesting, 'n dag van duisternis en donkerheid, 'n dag van wolke en wolkenag" (Sef. 1:15). Dit sal die einde van die koninkryk wees waaraan die misleide mensdom nou reeds bou. Daar is geen toekoms vir enige mens buite die Here Jesus nie, daarom sal die mensdom se eie planne in duisternis en oordele eindig.

Die dag van die vrederyk. In die vrederyk, onder die bewind van Christus, sal die koninkryk van lig op aarde geopenbaar word, met Jerusalem as wêreldhoofstad en Jesus, die ware lig van die wêreld, op die troon van Dawid. Die nasies wat die duisternis van die groot verdrukking oorleef het, sal na Jerusalem optrek om in die geestelike seën van die Messias te deel. Die Here sê van Jerusalem: "Staan op, word verlig; want jou lig kom, en die heerlikheid van die HERE gaan oor jou op. Want kyk, die duisternis sal die aarde oordek en donkerheid die volke; maar oor jóú sal die HERE opgaan, en sy heerlikheid sal oor jou gesien word. En nasies sal trek na jou lig, en konings na jou stralende opgang" (Jes. 60:1-3; vgl. Sag. 8:20-22).

In daardie tyd sal net die Here gedien word: "... want die aarde sal vol wees van die kennis van die Here soos die waters die seebodem oordek" (Jes. 11:9). Satan en sy demone sal nie daar wees om mense tot sonde te verlei nie, omdat hy in 'n diep put gebind sal wees. Johannes sê: "En ek het 'n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en 'n groot ketting in sy hand. En hy het die draak gegryp – die ou slang wat die duiwel en Satan is – en hy het hom gebind duisend jaar lank, en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie. Daarna moet hy dan 'n kort tydjie ontbind word" (Op. 20:1-3). In hierdie geseënde tyd sal die verheerlikte kerk wat tydens Christus se wederkoms saam met Hom in heerlikheid aan die wêreld geopenbaar sal word (Kol. 3:4), oor die wêreld regeer (Op. 2:25-27; 5:9-10). Dan eers sal die koninkryk van God ten volle geopenbaar wees.

Die nag van die laaste groot rebellie en die eindoordeel. Die dag van die vrederyk eindig ook in 'n nag, en dit sal die nag van Satan se laaste groot rebellie teen die koninkryk van God wees nadat hy uit die put losgelaat is: "En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word; en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see. En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind. En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid" (Op. 20:7-10). Daarna sal die eindoordeel plaasvind, wanneer die sondaars van alle eeue tot die ewige poel van vuur verdoem sal word: "En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp" (Op. 20:15). Hierdie nag sal sonder einde vir die goddeloses voortduur.

Die dag van die ewigheid. Ná die eindoordeel en die verbranding van die huidige hemel en aarde sal die Here 'n nuwe hemel en aarde skep waarin geregtigheid sal woon. "Daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan. En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut" (Op. 21:4-5). Die nuwe Jerusalem sal op die nuwe aarde neerdaal en in ewige ligglans gehul

wees: “En die stad het die son of die maan nie nodig om in hom te skyn nie, want die heerlikheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp.” (Op. 21:23).

Die finale keuse

Vir sommige mense, dit is dié wat die smal weg van God se geregtigheid bewandel, gaan dit in die Here Jesus se teenwoordigheid vir ewig dag word. Vir ander, dit is die meerderheid wat steeds die breë weg van sonde bewandel, gaan dit vir ewig nag word in ’n plek van pyniging waar hulle met kettings van duisternis gebind sal wees. Wandel jy in die lig van die Here se aangesig, of wandel jy in duisternis? Die tyd raak min om uit die duisternis van sonde na die Here se wonderbare lig oor te kom (1 Pet. 2:9).

In die huidige tyd, aan die einde van die kerkdispensasie, is die duisternis van geestelike misleiding en dwalings besig om te verdiep. Dit is alles deel van die klimaatskepping vir die openbaring van die Antichris en die begin van die groot verdrukking. Wat die situasie veral ernstig maak is die verbete pogings om die Christelike kerk te vervals en deel van die koninkryk van die duisternis te maak. Sedert Lucifer se val uit die hemel was dit sy doel om in die plek van God te regeer en aanbid te word, in die plek van die ware godsdiens valse gelowe in die wêreld te vestig waarin afgode as gekamoefleerde demone aanbid word (1 Kor. 10:19-20), in die plek van die ware Christus ’n valse christus (die Antichris) as verlosser en koning aan die wêreld te bied, en in die plek van die Heilige Gees ’n groot aantal valse profete uit te stuur om mense geestelik te mislei en ook te bemagtig om die duiwel se werke te doen. Die valse profete is almal wolwe wat hulle slagoffers in skaapsklere mislei (Matt. 7:15). Wanneer die Antichris geopenbaar word, sal daar ook ’n leidende valse profeet optree wat aan die hoof van al die valse godsdienste in die wêreld sal staan, en wat aan die misleide massas sal sê dat die Antichris in werklikheid “die universele Christus van alle gelowe” is, en dat net hy aanbid moet word.

Ons leef nou in die tyd waarvan die Heilige Gees ons ernstig gewaarsku het: “Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang” (1 Tim. 4:1). Al hierdie valse, duiwelse leringe is daarop ingestel om die Christelike kerk ontrou aan die ware Christus te maak en aan die Antichris uit te lewer. Dit is die rede waarom die Bybel as ’n betroubare openbaringskanaal van God ontken en op gelyke vlak met die heilige boeke van ander gelowe geplaas word – veral ook die Koran; waarom die Godsbegrip só verander word dat die Drie-enige God van die Bybel nou die universele God van alle gelowe word; en waarom die ware Christus só vervals word dat Hy ’n historiese Jesus word wat nie God is nie, nie maagdelike gebore is nie, nie uit die dood opgestaan het en nie vir ons sonde gesterf het nie. Ware Christene sal ten volle moet besef dat die kerk én die wêreld in ’n proses verval is, daarom moet hulle Jesus se waarskuwing oor die eindtyd nóg ernstiger opneem: “Pas op dat niemand julle mislei nie” (Matt. 24:4).

Hoe meer al die valse leringe posvat, hoe meer neem die geestelike duisternis toe, en dit is altyd bevorderlik vir ’n toename in immoraliteit. Die Bybel noem immorele dade “die onvrugbare werke van die duisternis” (Ef. 5:11). As dit nie bestraf en gekeer word nie, sal allerlei sondige dade, ook geweld, soos kwaadaardige gewasse in die samelewing begin toeneem. Die psalmis sê die afvallige volk het God gesmaad, die heiligdomme verwoes en “die donker plekke van die land is vol wonings van geweld” (Ps. 74:20). Groot duisternis wag op alle mense wat die rug op God draai, want Hy is die enigste Gewer van lig, lewe, vrede en veiligheid.

Ons is in dieselfde situasie, want mense draai in toenemende getalle die rug op God en gaan skaamteloos in ’n sondekultuur op waarin alles wat immoreel, sondig en vuil is, aanvaarbaar is. Die gevolg hiervan is verslegtende omstandighede op alle lewensterreine. Die Here gaan egter binnekort in hierdie situasie ingryp, want die ware Christene sal ná die wegraping sy aangesig in heerlikheid aanskou, terwyl die sondaars en teruggevallenes in ’n groot verdrukking sal beland – ’n tyd van geestelike duisternis en oordele sonder gelyke. Steeds geld die aanbod tot redding egter, want: “Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word” (Rom. 10:13).

8. Die Verdrukking van Sewe Jaar

Skriflesing: Mattheus 24:3-8, 21; Lukas 21:25-36.

Die Here het aan Israel in Daniël 9:24-27 ŉ tydlyn van 70 jaarweke gegee – dit is tydperke van sewe jaar elk – wat sal verstryk tussen die woord om Jerusalem te herbou en die openbaring van God se koninkryk wanneer Israel fisies én geestelik ten volle herstel sal wees. Van hierdie 70 jaarweke (dit is 490 profetiese jare van 360 dae elk) het presies 69 verloop tussen die toestemming wat Israel in 445 v.C. tydens die Babiloniese ballingskap gekry het om Jerusalem te herbou, en die kruisiging van die Messias in 32 n.C. Daar bly dus net een jaarweek van sewe jaar lank in Israel se heilsgeskiedenis voor die millennium oor – dit sal die verdrukking wees.

Israel se verwerping van die Messias het daartoe gelei dat hulle tydlyn onderbreek is, omdat die Messias hulle as volk tydelik ter syde geskuif en aan die dissipels opdrag gegee het om die hele nie-Joodse wêreld te gaan evangeliseer. Daar is geen aanduiding van presies wanneer hierdie tyd, wat ook as die tye van die nasies of die kerkbedeling bekend staan, verstreke sal wees nie. Dié tydperk sal deur die wegraping afgesluit word, en daarna sal Daniël se 70ste jaarweek ŉ aanvang neem – dit sal die verdrukking wees, of die tyd van benoudheid vir Jakob (Jer. 30:7). Dit is om hierdie rede dat Openbaring dikwels na die twee helftes van ŉ jaarweek verwys, wat elkeen 42 maande, 1260 dae of 3½ jaar lank sal wees. Die jaarweke in historiese tye was eksakte tydperke van sewe jaar elk, daarom sal die laaste jaarweek ook net so eksak verloop van die oomblik af dat die valse messias met Israel ŉ verbond sluit (Dan. 9:27). Aan die einde van dié jaarweek sal die ware Messias kom, die oorblyfsel van Israel sal met Hom versoen word en hulle sal as ŉ geestelik ontwaakte volk die vrederyk beërf.

Die gebeure van die sewe jaar lange verdrukking kan in twee duidelike groepe verdeel word. Gedurende die eerste 3½ jaar sal daar onder die Antichris se leiding ŉ valse vrede en eenheid op aarde heers, wat met ŉ uiterste vorm van geestelike misleiding deur middel van ŉ valse, multigodsdienstige geloof gepaard sal gaan. Die grondslag van wêreldeenheid sal ten diepste godsdienstig wees, gebaseer op die valse aanname dat alle gelowe dieselfde God aanbid en as gevolg hiervan ook dieselfde, universele christus moet aanhang, navolg en aanbid. Die Antichris sal dus self aan die hoof van die alliansie van wêreldgodsdienste staan en saam met Lucifer, die god van hierdie wêreld, die hele mensdom in ŉ diep geestelike verblinding inlei sodat hulle glad nie in die ware evangelie sal glo nie (2 Kor. 4:4). Openbaring 13:8 sê dat alle mense die Antichris sal aanbid, behalwe net die relatief klein groep ware Christene.

In die middel van die verdrukking sal die Antichris volgens Openbaring 13:3 en 12 ŉ dodelike wond ontvang, waarskynlik in ŉ sluipmoordaanslag, maar wonderbaarlik uit die dood opgewek word. Hy sal dan ŉ gedaanteverwisseling van ŉ valse vredevors tot ŉ gewelddadige en magshonger diktator ondergaan en genadeloos op al sy teëstanders toeslaan. Groot oorloë sal op baie plekke gevoer word. Hy sal homself ook, soos Lucifer voor sy val, met God gelykstel en almal laat teregstel wat weier om hom as God te aanbid. Terselfdertyd sal hy ŉ ekonomiese diktatuur instel en slegs aan diegene die reg tot koop- en verkoop verleen wat ŉ eed van getrouheid aan hom aflê en hom ook aanbid.

Behalwe dat die Here die rebelse mensdom aan hierdie tiran se dwingelandy sal oorgee, sal Hy self ook groot oordele oor die aarde beskik sodat die goddeloses gestraf kan word. Uit hierdie vreeslike oordele sal net ŉ klein oorblyfsel van Israel en die nasies gered word. Die laaste 3½ jaar van die verdrukking word as die “groot verdrukking” beskryf. Die Here Jesus het vir die Jode wat Hom verwerp het, gesê dat hierdie tyd sal aanbreek wanneer die Antichris die tempel ontheilig deur ŉ afgodsbeeld van homself daarin op te rig. Jesus het hulle beveel om dan vinnig vir hulle lewe te vlug, “want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie” (Matt. 24:21-22). Die hele wêreldbevolking sal teen die einde van die groot verdrukking op die randjie van algehele uitwissing te staan kom.

Die sewe seëls

Die oordele van die Here begin by die oopmaak van die sewe seëls in die hemel. Die eerste vier seëls dui op verskillende verskyningsvorme van die Antichris, naamlik as valse vredevors (die wit perd), militêre diktator (die rooi perd), rantsoeneerder van lewensmiddele (die swart perd), en die doodsengel wat soveel as moontlik mense sal probeer verdelg (die vaal perd). Die vyfde seël verwys na die christenmartelare wat tydens sy skrikbewind sal sterf: “En toe hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van dié wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuienis wat hulle gehad het. En hulle het met ’n groot stem uitgeroep en gesê: Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons dood op die bewoners van die aarde nie? En aan elkeen van hulle is wit klere gegee; en aan hulle is gesê dat hulle nog ’n klein tydjie moes rus totdat ook hulle medediensknegte en hulle broeders wat nog gedood sou word soos hulle, voltallig sou wees” (Op. 6:9-11).

Die sesde seël beskryf die groot rampe en plae wat in die verdrukking oor die aarde sal kom, en wat duidelik as oordele van die Here erken sal word. Toestande sal na die einde toe só haglik raak dat die sondaars deur groot benoudheid oorweldig sal word. Hulle sal vreesbevange berge toe vlug omdat hulle sal besef dat dit die Here se toorn is wat oor die aarde en sy bewoners uitgestort word, en dat daar vir hulle geen ontkoming is nie:

“En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was ’n groot aardbewing; en die son het swart geword soos ’n harige sak, en die maan het geword soos bloed; en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos ’n vyeboom wat deur ’n groot wind geskud word, sy navye laat afval; en die hemel het weggewyk soos ’n boek wat toegerol word en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit; en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle versteek in die spelonke en in die rotse van die berge, en vir die berge en rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?” (Op. 6:12-17).

Brandende hemelliggame sal oral op die aarde val. Dit kan komete, meteore of brokstukke daarvan wees, m.a.w. meteoriete, of ook asteroïdes, wat met verwoestende gevolge die aarde sal tref. Terselfdertyd sal groot aardbewings plaasvind, asook ernstige lugbesoedeling, sodat die sonlig verduister sal word. Mense sal nie in die stede waarin hoë geboue omval, kan oorleef nie. Hulle sal paniekbevange na die berge vlug en besef dat die vreeslike dag van die Here se toorn aangebreek het. Nogtans sal die meeste van hulle – soos die Egiptenare tydens die tien plae wat oor hulle land uitgestort is – hulle harte verhard en hulle nie bekeer nie.

Die sewe basuine

Die sewende seël kondig die sewe basuine aan: “En die eerste engel het geblaas, en daar het hael en vuur gekom met bloed gemeng, en dit is op die aarde gegooi. En ’n derde van die bome het verbrand, en al die groen gras het verbrand. En die tweede engel het geblaas, en iets soos ’n groot berg wat brand met vuur, is in die see gegooi. En ’n derde van die see het bloed geword, en ’n derde van die lewende skepsele in die see het gesterwe, en ’n derde van die skepe het vergaan. En die derde engel het geblaas, en ’n groot ster wat soos ’n fakkel brand, het uit die hemel geval, en dit het geval op ’n derde van die riviere en op die waterfonteine. En die naam van die ster word genoem Alsem; en ’n derde van die waters het als geword, en baie mense het gesterwe van die water, omdat dit bitter geword het. En die vierde engel het geblaas, en ’n derde van die son is getref en ’n derde van die maan en ’n derde van die sterre, sodat ’n derde van hulle donker sou word en die dag vir sy derde deel nie lig sou gee nie, en die nag net so” (Op. 8:7-12).

Hieruit is dit duidelik dat groot dele van die see sowel as varswaterbronne, bome, gras en ook die lig van die son, maan en sterre met vernietigende gevolge getref sal word. Die brandende ster wat op die aarde val, asook die voorwerp wat soos ’n brandende berg in die see val, kan

moontlik meteoriete, asteroïdes of brokstukke van ’n komeet wees wat in die aarde se atmosfeer weens hitte aan die brand slaan en daarna die aarde tref. Van hierdie rampe kan egter ook mensgemaak wees, bv. kernmissiele wat buite beheer raak en op verskillende plekke in die see of op land val, ontplof en verwoesting saai. Behalwe die ernstige skokgolwe wat geboue vir kilometers ver sal platvee, sal daar ook groot brande ontstaan. Ontploffings in die see sal golwe veroorsaak, soos die *tsunami* van Desember 2004, waardeur eilande en kusgebiede oorstroom sal word. Duisende skepe sal ook vergaan en seediere vrek.

Die vyfde en sesde basuine kondig geweldige rampe oor die mensdom self aan – die een plaag deur pyniging en die ander een deur die dood. In Openbaring 9:1-11 word vreemde insekte beskryf wat soos harige sprinkane lyk met sterte soos skerpioene, gesigte soos dié van mense, met lang tande en iets soos krone op hulle koppe. Hulle sal uit ’n put opstyg waaruit ook rookwolke kom wat die sonlig sal verduister. Hierdie diertjies sal die mense met hulle angels steek en vyf maande lank pynig sodat hulle sal wens hulle sterf. Die dood sal egter vir hulle wegvlug. Sommige verklaarders meen dat dié diertjies demone kan wees wat mense sal treiter. Hulle herkoms uit die put van die afgrond suggereer duidelik só ’n moontlikheid.

In Openbaring 9:13-19 word die sesde basuin aangekondig. Dit is ’n beskrywing van hoe die konings van die Ooste, dit is Sjina en sy bondgenote, ook vir die oorloë van die groot verdrukking gemobiliseer sal word. Byna ’n kwart van die totale wêreldbevolking is Sjinese. Die sluimerende reus van Sjina sal eers in die groot verdrukking militêr tot aksie oorgaan en dan sy skrikwekkende vernietigingswerk aanrig. ’n Mag van 200 miljoen Asiate sal oor die Eufraatrivier trek en die Midde-Ooste, asook die Westerse wêreld, binneval. Hulle sal ’n baie groot slagting aanrig en ’n derde van alle mense op aarde doodmaak:

“En [die stem uit die altaar] het aan die sesde engel met die basuin gesê: Maak die vier engele los wat gebind is by die groot rivier, die Eufraat. Toe is die vier engele losgemaak wat gereed gehou was vir die uur en dag en maand en jaar, om ’n derde van die mense dood te maak. En die getal van die leërs van perderuiters was twee maal tienduisend maal tienduisend [dit is 200 miljoen]; en ek het hulle getal gehoor. En só het ek in hierdie gesig die perde gesien en die wat op hulle sit, met vuurrooi en blou en swawelgeel borsharnasse. En die koppe van die perde was soos leeukoppe, en uit hulle bekke het vuur en rook en swawel uitgegaan. Deur hierdie drie plae is ’n derde van die mense gedood” (Op. 9:14-18).

Die Eufraatrivier is die skeiding tussen Oos en Wes. Die groot eindtydse vyand van Israel én die vrye wêreld kom van oorkant die Eufraat. Vier engele is hier gebind tot op die jaar, maand, dag en uur wanneer hulle losgelaat sal word om met die behulp van hierdie Oosterse vyande ’n derde van alle mense dood te maak. Dié vier engele is demone, omdat goeie engele nooit gebind word nie. Hulle sal 200 miljoen soldate tot hulle beskikking hê. Die vreemde beskrywing van oorlogsperde met vuur en rook wat uit hulle bekke gaan, is nie doelbewuste simboliese taal nie, maar die gevolg van die feit dat Johannes met sy woordeskat van die eerste eeu nie oor begrippe beskik het om moderne oorlogwapens mee te beskryf nie. Moontlik het hy tenks met moderne wapentuig gesien en dit was die enigste manier waarop hy dit kon beskryf. Daar is verskeie aanduidings in Openbaring dat kernwapens in die oorloë van die groot verdrukking gebruik sal word, omdat buitengewone verwoesting aangerig sal word.

Grootskaalse geestelike verhardheid sal tydens die apokaliptiese plae van Openbaring onder die mense op aarde voorkom: “...en hulle het die Naam van God gelaster wat mag het oor hierdie plae, en hulle het hul nie bekeer om Hom heerlikheid te gee nie” (Op. 16:9).

Die sewe skale

Wanneer die sewende basuin blaas, word die geweldigste oordele van alle tye oor die aarde aangekondig. Die konings van die aarde sal onder die invloed van demoniese misleiding en aanhitsing na Armagéddon optrek om in die dal van beslissing deur die Here verdelg te word. Die kragte van die hemel sal ook geskud word soos nooit tevore nie, dan sal die Seun van die

mens in groot krag en heerlikheid kom. Hy sal gerig hou met sy vyande, die ryk van die Antichris totaal vernietig en self die koningskap oor die hele wêreld op sy skouers neem:

“En ek het ’n groot stem uit die tempel aan die sewe engele hoor sê: Gaan gooi die skale van die grimmigheid van God op die aarde uit. Toe gaan die eerste een weg en gooi sy skaal op die aarde uit, en kwaai en bose swere het aan die mense gekom wat die merk van die dier gehad het en sy beeld aanbid het. En die tweede engel het sy skaal op die see uitgegooi, en dit het bloed geword soos van ’n dooie, en al die lewende wesens in die see het gesterwe. En die derde engel het sy skaal uitgegooi op die riviere en op die waterfonteine, en dit het bloed geword. En ek het die engel van die waters hoor sê: Regverdig, Here, is U wat is en wat was, U, die Heilige, omdat U hierdie oordeel uitgevoer het; want hulle het die bloed van heiliges en profete vergiet, en U het aan hulle bloed gegee om te drink, want hulle het dit verdien…

“En die vierde engel het sy skaal op die son uitgegooi, en daaraan is dit gegee om mense met vuur te skroei. En die mense is geskroei met ’n groot hitte, en hulle het die Naam van God gelaster wat mag het oor hierdie plae, en hulle het hul nie bekeer om Hom heerlikheid te gee nie. En die vyfde engel het sy skaal uitgegooi op die troon van die dier, en sy koninkryk is verduister, en hulle het hul tonge gekou van pyn; en hulle het die God van die hemel gelaster oor hulle pyne en oor hulle swere, en het hulle nie bekeer van hul werke nie.

“En die sesde engel het sy skaal uitgegooi op die groot rivier, die Eufraat, en sy water het opgedroog, sodat die pad van die konings wat van die Ooste af kom, reggemaak kon word … En hulle het hul versamel op die plek wat in Hebreeus genoem word Armageddon.

“En die sewende engel het sy skaal uitgegooi in die lug, en ’n groot stem het uit die tempel van die hemel gekom, van die troon af, wat gesê het: Dit is verby! En daar het stemme gekom en donderslae en bliksemstrale, en daar het ’n groot aardbewing gekom soos daar nog nie gewees het vandat die mense op die aarde was nie – so ’n geweldige groot aardbewing. En die groot stad is in drie dele verdeel, en die stede van die nasies het geval. En die groot Babilon is in gedagtenis gebring voor God, om haar te gee die beker met die wyn van die grimmigheid van sy toorn. En alle eilande het gevlug, en berge is daar nie gevind nie; en groot hael, omtrent ’n talent swaar [dit is 50 kilogram], het uit die hemel op die mense geval; en die mense het God gelaster oor die plaag van die hael, omdat sy plaag ontsettend groot was” (Op. 16:1-21).

Die eerste skaal is ’n oordeel wat op mense gerig word en dit tref die aanhangers van die Antichris. Die bose swere kom op almal wat die merk van die dier ontvang het en sy beeld aanbid. Dit is al die misleides wat ’n verbond met Satan se verteenwoordiger, die Antichris, gesluit het om sy nommer ter wille van ekonomiese oorlewing en in ruil vir hulle siele te aanvaar. Hulle sal die Antichris aanbid en voor die wederkoms reeds die vergelding van die Here in hulle liggame ontvang wat hulle deur Satan laat merk het.

Die tweede skaal tref al die oseane van die wêreld – nie net ’n derde daarvan soos in die geval van die basuine nie. Die water daarvan sal soos bloed word en al die seediere laat vrek. ’n Ramp van hierdie omvang sal die mensdom van ’n belangrike voedselbron ontneem, hongersnode veroorsaak, pessiektes deur ontbindende seediere in die hand werk, mense van die kusgebiede af laat wegvlug en seevaart haas onmoontlik maak. Die derde skaal word op die riviere en fonteine uitgegooi en sal die water daarvan in bloed laat verander. Sodoende sal oorlewingskanse op land ook drasties verminder word en miljoene mense en diere ’n gewisse dood in die gesig laat staar. Die vierde skaal word op die son uitgegooi en sal ongekende hittegolwe meebring. Groot uitbarstings sal op die son voorkom, en moontlik sal die osoonlaag in daardie stadium omtrent vernietig wees. Behalwe vir die toenemende hitte sal skadelike ultravioletstrale sere en velkanker veroorsaak by mense wat aan direkte sonstrale blootgestel word.

Die vyfde skaal word oor die wêreldryk van die Antichris uitgegiet, en hul dit in totale duisternis. Mense sal angsbevange in die duisternis rondtas terwyl die oordele van God oor hulle uitgestort

word, en God laster oor al die plae omdat hulle reeds hulle siele aan Satan verkoop het deur die merk en nommer van die dier te ontvang. Sulke mense sal dan nie meer onder sonde-oortuiging kan kom om gered te word nie, omdat hulle reeds die krag van die dwaling ontvang het om die leuens van Satan te glo (2 Thess. 2:11).

Die sesde skaal word oor die Eufraatrivier uitgegooi en laat dit opdroog sodat die Oosterse nasies droogvoets daardeur kan trek om ook by Armageddon aan daardie groot oorlog van die Almagtige God deel te neem. Onder demoniese misleiding sal ’n reuse leër van 200 miljoen Asiatiese soldate optrek soos skape na die slagpale toe om deur die vernietigende oordele van God getref te word. Gedurende hulle opmars sal hulle egter ’n derde van alle mense verdelg, soos wat in Openbaring 9:14-19 beskryf word. Dink daaraan dat daar nouliks 200 miljoen mense op aarde was toe Johannes hierdie profesie geskryf het. Vandag kan Sjina alleen 200 miljoen soldate mobiliseer indien hy al sy weerbare seuns en mans oproep.

Die sewende skaal het die grootste aardbewing tot gevolg wat daar nog ooit op aarde was. Die stede van die nasies sal val en in baie dele van die wêreld, veral in Israel, sal die landskap grootliks deur die aardbewings verander word. Die groot skudding van die aardbewings sal Jerusalem in drie dele verdeel en die stad Babilon totaal vernietig. Die aardbewings sal ook met ongekende haelstorms gepaard gaan. Vir haelstene van 50 kilogram om te val, beteken dit dat daar geweldige hoë temperature moet wees sodat die vog deur die stygende warm lug tot buitengewone hoë hoogtes opgevoer kan word. Die voorkoms van sulke hittegolwe word in Openbaring 16 bevestig. Jesaja sê hieroor: “En die lig van die maan sal wees soos die lig van die son, en die lig van die son sal sewevoudig wees, soos die lig van sewe dae, op die dag as die HERE die breuk van sy volk verbind en die wond gesond maak wat aan hulle geslaan is” (Jes. 30:26). Daar sal rampe van ’n ongekende omvang plaasvind.

Die dag van die Here kom!

Verskeie Ou-Testamentiese profete het profesieë oor die dag van die Here opgeteken. Dit sal ’n tyd van oordele en verskrikking wees wanneer die kragte van die hemel geskud word, maar in dié tyd sal die Here ook ’n oorblyfsel van Israel en die nasies red. Mense sal enersyds deur skroeiende hitte en droogtes geteister word, en andersyds deur verstikkende duisternis en die gerammel van geweldige aardbewings. Die sondaars wat hulle harte verhard het, sal saam met hulle handewerk verbreek word en op die puinhoop van ’n verwoeste aarde beland: “Kyk, die dag van die HERE kom, verskriklik, met grimmigheid en toorngloed, om die aarde ’n woesteny te maak en sy sondaars daaruit te verdelg. Want die sterre van die hemel en sy Orions sal hulle lig nie laat skyn nie; die son is duister by sy opgang, en die maan laat sy lig nie skyn nie. En Ek sal aan die wêreld sy boosheid besoek, en aan die goddelose hulle ongeregtigheid; en Ek sal die trots van die vermeteles laat ophou en die hoogmoed van tiranne verneder. En Ek sal sterwelinge skaarser maak as fyn goud, en mense as goud van Ofir. Daarom sal Ek die hemel laat sidder, en die aarde sal wyk uit sy plek met gebeef, vanweë die grimmigheid van die HERE van die leërskare en vanweë die dag van sy toorngloed” (Jes. 13:9-13).

Daar is baie meer sulke ernstige waarskuwings oor die oordele van die dag van die Here opgeteken, sodat mense nie die werklikheid daarvan ligtelik opsy moet skuif nie. Die ontsettende omvang van die verwoesting, die redes daarvoor, naamlik ’n uiters sondige geslag mense soortgelyk aan dié in die tyd van Noag en Lot, asook die feit dat dit oordele van God is, word telkens beklemtoon. Aan die einde van die groot verdrukking sal Jesus Christus terugkom aarde toe om sy heerskappy hier te vestig met Jerusalem as hoofstad van die vrederyk. Dan eers sal alle oorlogwapens vernietig word (Jes. 2:4) en vrede op aarde heers. Op die oomblik is die nasies egter besig om geestelik en moreel verder te verval en deur hulle eie toedoen groot en haas onoplosbare probleme en konflikte te skep. As gevolg van die toenemende spanning tussen baie nasies is dit by hulle ’n hoë prioriteit om wapens van massavernietiging te ontwikkel en op te gaar, met die gevolg dat die wêreld op ’n tydperk van ongekende oorloë en verdrukking afstuur, waarin niemand se lewe ontsien sal word nie.

Hoewel die oordele van die sewe seëls, die sewe basuine en die sewe skale eers in die sewe jaar van die verdrukking uitgestort sal word, is dit duidelik dat die wêreld reeds in die finale aanloopfase na daardie verskriklike tyd is. Wat nou gebeur, is net tekens van die naderende oordele wat aan die kom is. Hierdie tekens moet nie ligtelik opgeneem en onderskat word nie, want hulle is bedoel om die mensdom te waarsku oor dit wat binnekort gaan gebeur. Die toename in natuurrampe soos aardbewings, ontwrigte weerpatrone en stygende seevlakke as gevolg van aardverwarming en die smelt van ys in die poolstreke, asook die vermeerdering van komete, asteroïdes en meteoriete wat 'n bedreiging vir die aarde skep, hou vir ons 'n besliste en baie ernstige boodskap in. Daar kom 'n verdrukking en natuurrampe soos wat daar nog nooit was nie, omdat die rebellie teen God soveel groter afmetings as in die verlede aanneem.

Die grootste natuurramp tot op datum was die *tsunami* wat op 26 Desember 2004 in Suidoos-Asië voorgekom het. Die Engelse woordeboek beskryf 'n *tsunami* as "a long high sea wave caused by underwater earthquakes or other disturbances." Missiele wat in die see ontplof, of groot meteoriete wat in die see val, sal ook sulke reuse golwe veroorsaak. Dit is 'n uitgemaakte saak dat daar weer sulke groot aardbewings, en selfs groteres, sal plaasvind. Volgens die Bybel sal daar aardbewings voorkoms wat só erg is dat bergreekse omver gewerp, eilande onder die see verdwyn en alle hoë geboue op die aarde sal val (Eseg. 38:18-20; Op. 16:18-21). Voorwerpe soos brandende berge sal uit die lug kom en met verwoestende gevolge in die see val (Op. 8:8-9). Dit is opvallend hoe baie van hierdie natuurrampe met die see te doen het.

Wat kan die mens doen om homself teen sulke rampe te verweer? Feitlik niks nie! "Daar sal ... benoudheid van nasies in hulle radeloosheid [wees] wanneer see en branders dreun, en mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom. Want die kragte van die hemele sal geskud word" (Luk. 21:25-26). In hierdie toestand van radeloosheid sal die nasies ook in 'n groter mate verenig word, omdat die rampe almal sal tref en hulle mekaar se hulp ter wille van oorlewing dringend nodig sal hê. Hierdeur sal die proses van globalisme en 'n antichristelike wêreldregering verder bevorder word. Dit sal tot internasionale verset teen God lei, asook lastertaal teen Hom, omdat die mense sal besef dat Hy hulle oordeel (Op. 16:11, 21).

In 'n tyd van dreigende oordele nét voor die verwoesting van Jerusalem en die Babiloniese ballingskap van Israel, het die Here vir Barug gesê: "Kyk, wat Ek gebou het, breek Ek self af; en wat Ek geplant het, ruk Ek self uit; en dit betref die hele aarde. En sou jý vir jou groot dinge soek? Soek dit nie; want kyk, Ek bring onheil oor alle vlees, spreek die Here" (Jer. 45:4-5). Ons is in 'n soortgelyke maar baie ernstiger situasie. Die hele wêreld stuur op 'n tyd van verdrukking en goddelike oordele af soos wat daar nog nooit was nie. Dit is nie nou die tyd om groot aardse belange na te streef en Mammon te dien nie, maar om jou op 'n toekoms in die hemel voor te berei, skatte daar bymekaar te maak en ongeredde mense teen die naderende oordele van God te waarsku.

Omdat die oordele nie vir die kinders van die Here bedoel is nie, het ons 'n opdrag om gereed te maak om dit deur middel van die wegraping te ontvlug: "Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan" (Luk. 21:36). Net diegene wat die Seun van God uit die hemel verwag en ook geestelik gereed is om voor Hom te verskyn, sal die komende oordele deur middel van die wegraping ontvlug (1 Thess. 1:10; 5:9).

9. Die Antichris

Skriflesing: Openbaring 13:1-7

Die gebeure wat in Openbaring 6 tot 19 beskryf is, speel almal binne die tydsbestek van slegs sewe jaar af. Uit Israel se oogpunt staan hierdie tyd as die “sewentigste jaarweek” bekend, soos in Daniël 9:24-27 beskryf is. In die Nuwe Testament word dit die “verdrukking” en die “groot verdrukking” genoem (Matt. 24:21, 29; Op. 7:14). Dié sewe jaar word in twee helftes van 3½ jaar (42 maande of 1 260 dae) elk verdeel, soos onder meer uit Daniël 9:27, Openbaring 11:2-3, 12:6 en 13:5 blyk.

Die eerste helfte van die verdrukking sal deur ’n valse vrede, asook deur politieke, maatskaplike, ekonomiese en godsdienstige inisiatiewe vir die vereniging van die mensdom onder die leierskap van die Antichris gekenmerk word. Wanneer sy vredes- en eenheidspogings egter misluk, sal hy hom in die oorblywende 3½ jaar tot die ongeëwenaarde gebruik van geweld wend en sodoende die bloedigste diktatuur instel wat die wêreld nóg geken het. Die honderde miljoene slagoffers wat sy bewind van terreur sal eis, sal daarvan die grootste menseslagting van alle tye maak.

Die twee helftes van die verdrukking kan van mekaar onderskei word deur daarna as die tyd van “valse vrede” en die “groot verdrukking” te verwys. Dit is verkieslik om van die hele sewe jaar slegs as die “verdrukking” te praat, omdat in werklikheid net die laaste 3½ jaar daarvan die “groot verdrukking” is. In die eerste 3½ jaar sal die mense op aarde geestelik en polities deur die Antichris en die valse profeet verslaaf en geïntimideer word, maar in die laaste 3½ jaar fisies verdruk en verdelg word.

Vier ruiters

Volgens Openbaring 6:1-8 gaan die Antichris op ’n heel besondere wyse, as die ruiter op vier verskillende perde, geopenbaar word in sy poging om die mensdom eers deur misleiding en dan deur ’n genadelose diktatuur onder sy beheer te kry:

Die wit perd: In die eerste helfte van sy bewind sal hy as ’n vredevors en die gemeenskaplike messias van alle gelowe op die wêreldtoneel verskyn. Wanneer dit gebeur, sal die Here Jesus op sy troon in die hemel sit en die seëls van God se oordele oor die wêreld oopmaak, waarna sekere dramatiese dinge op die aarde sal gebeur. Johannes sê: “En ek het gesien toe die Lam een van die seëls oopmaak ... en kyk, daar was ’n wit perd. En hy wat daarop sit, het ’n boog; en aan hom is ’n kroon gegee, en hy het uitgegaan as ’n oorwinnaar en om te oorwin” (Op. 6:1-2). Hy het slegs ’n boog in sy hand en versteek doelbewus die pyle omdat sy aanvanklike optrede in die teken van vrede en versoening sal staan. In hierdie stadium sal sy internasionale weermag as ’n “vredesmag” bekend staan. Die Antichris se verskyning en magsoorname word deur die teenwoordigheid van Christus se gemeente op aarde verhinder. Nadat die Here Jesus hulle kom haal het, sal die uur van totale duisternis in die wêreld aanbreek. Dit sal aan die Antichris die geleentheid bied om na vore te tree en sy septer oor ’n sataniese nuwe wêreldorde te swaai, totdat hy sewe jaar later tydens die wederkoms van Christus verdelg sal word.

Die rooi perd: Wanneer dit 3½ jaar later sal blyk dat die Antichris se eenheidshervormings en sosialistiese wêreldregering misluk en rebellie teen sy bewind gestig word, sal hy homself tot geweld wend om sy posisie te handhaaf en daardeur ’n militêre diktator te word: “En ’n ander perd, ’n vuurrooie, het uitgekom, en aan hom wat daarop sit, is dit gegee om die vrede van die aarde af weg te neem en dat hulle mekaar sou doodmaak; en ’n groot swaard is aan hom gegee” (Op. 6:4). Leiers wat begin wankel en hulle populêre steun verloor, wend hulle dikwels tot geweld en outokratiese optrede om hulle magsposisie te probeer handhaaf. Die Antichris sal geen uitsondering wees nie. In die middel van die verdrukking sal daar ’n suksesvolle sluipmoordaanslag op hom uitgevoer word. Op ’n wonderbaarlike wyse, deur die bemiddeling van die valse profeet met sy duiwelse magte, sal hy uit die dood opstaan en die wêreld dan as

alleenheerser en militêre diktator beheer (Op. 13:3, 14). Van hierdie oomblik af sal hy met ’n ystervuis regeer.

Die swart perd: Streng ekonomiese beheer en rantsoenering sal tydens die oorlogstoestande en hongersnode ingestel word: “En ek het gesien, en kyk, daar was ’n swart perd; en hy wat daarop sit, het ’n skaal in sy hand...” (Op. 6:5). Die noodwendige gevolg van oorloë en die mobilisasie van ekonomies aktiewe mans is die vinnige uitputting van ’n land se geldvoorraad weens militêre uitgawes, die verwoesting van infrastruktuurdienste, ernstige produksieverlies en hongersnood. In ’n poging om hierdie probleme op te los, sal die Antichris streng ekonomiese maatreëls instel en deur middel van ’n gerekenariseerde kontrolestelsel alle finansiële transaksies op aarde beheer. Rantsoenering en die beheerde verspreiding van noodsaaklike kommoditeite sal onafwendbaar wees omdat lewensmiddele weens die oorlogstoestande, omgewingsbesoedeling, natuurrampe en die oorbenutting van hulpbronne baie skaars sal wees. Die Antichris sal hierdie geleentheid gebruik om sy posisie van absolute heerskappy te versterk, want slegs sy lojale volgelinge sal ekonomiese voorregte in sy ryk geniet.

Die vaal perd: Hierna bly daar nog net een hoedanigheid vir die Antichris oor, en dit is om as die doodsengel soveel as moontlik mense af te maai en saam met hom na die verderf te sleep: “En ek het gesien, en kyk, daar was ’n vaal perd. En hy wat daarop sit, sy naam is die dood, en die doderyk het hom gevolg” (Op. 6:8). Omdat die Antichris van die duiwel af uitgegaan het sal hy, soos sy vader, ook ’n mensemoordenaar wees. Hy sal homself in die dood van miljoene mense verlustig en ook niks daarvan dink om God se skeppingswerk op aarde te verwoes nie. Daniël sê van die Antichris: “Op die vleuel van gruwels sal daar ’n verwoester wees” (Dan. 9:27). Dit beteken letterlik: “Onder die vaandel van verderflike afgodediens sal daar een wees wat puinhope maak.” Dit is presies wat hierdie gevoellose diktator sal doen. Hy sal deur sy voortgesette oorlogvoering menselewens verwoes en gaandeweg die hele aarde in ’n verlate en onbewoonbare puinhoop omskep. Oor hierdie toneel van absolute verwoesting sal die makabere profiel van die ruiter op die vaal perd opdoem. Openbaring 6:8 sê dat hy en sy medewerkers alleen vir die dood van ’n kwart van die aarde se inwoners verantwoordelik sal wees. In die huidige wêreldbevolking van net meer as 7 miljard mense beteken dit dat dié tiran se optrede na die dood van sowat 1,8 miljard mense sal lei, wat omtrent 34 keer meer is as Wêreldoorlog II se dodetal van 52 miljoen! Dit sal inderdaad ’n tyd van verdelging wees sonder gelyke.

Identiteit van die Antichris

In Openbaring 13:1-2 word meer besonderhede oor die identiteit en rol van die Antichris gegee. Hy word as ’n dier met sewe koppe en tien horings voorgestel. Die sewe koppe stel sewe wêreldryke voor wat almal in opposisie teen God en sy ewige koninkryk is. Hulle is dus magsbasisse vir Satan in die uitbreiding van sy koninkryk. Daar was volgens die Bybel reeds ses sulke wêreldregerings. In almal van hulle het die leiers hulle politieke, godsdienstige én ekonomiese mag op al hulle onderdane afgedwing en daardeur hulle vryheid van keuse heeltemal weggeneem. Dit sal ook die geval wees in die sewende wêreldryk van die Antichris.

1. Die eerste wêreldryk was die Babiloniese Ryk van Nimrod met sy hoofstad, Babilon, teenaan die Eufraatrivier in die huidige Irak. Hierdie ryk het ander volke aan sy gesag onderwerp, hulle ekonomies beheer en eenheidshervormings soos die verpligte gebruik van dieselfde taal ingestel. Babilon was ook die tuiste van valse godsdienste waar die songod, die hemelgodin en ’n groot aantal mindere gode vereer is.
2. Die tweede wêreldryk was die Assiriese Ryk wat ook in die gebied van die huidige Irak en Sirië gevestig was. Die onderwerping en onderdrukking van volke is ook hier beoefen en afgodediens oral verpligtend gemaak. Hulle vyandskap teen die koninkryk van God blyk verder uit die feit dat hulle die tienstammeryk van Israel in die agtste eeu v.C. verower en baie lede van dié volk as ballinge na Assirië weggevoer het.
3. Die derde wêreldryk was die herstelde Babiloniese Ryk van Nebukadnésar. Hulle het die Assiriërs onderwerp en ook teen God se volk geveg deur Jerusalem in te val, te verwoes en

duisende Jode as ballinge na Babel weg te voer. Die verpligte aanbidding van Nebukadnésar se afgodsbeeld is goed bekend, asook die feit dat almal wat sou weier om dit te doen, deur verbranding in ’n vuuroond tereggestel is.

4. Die vierde wêreldryk was die Medo-Persiese Ryk wat die Babiloniërs oorwin en onderwerp het. In dié ryk is ’n onbuigbare, diktatoriale regeringstelsel gevolg en deur middel van die onherroeplike wette van die Meders en Perse regeer. Vyandskap teen God se volk het na ’n gepoogde Joodse volksmoord gelei.
5. Die vyfde wêreldryk was die Griekse Ryk wat diep by die aanbidding van afgode betrokke was en ook die Jode by hulle politeïsme probeer indwing het. Hulle krygsvernuf was gevrees omdat hulle vinnig en doeltreffend met hulle snelontplooiingstaakmagte toegeslaan het.
6. Die sesde wêreldryk was die Romeinse Ryk waarin verskeie van die keisers hulleself openlik vergoddelik en aanbidding deur hulle onderdane geëis het. Keiser Nero het besluit om die volk Israel uit te wis en het vir dié doel ’n groot militêre mag na Israel gestuur. Hierdie taak is eers ná Nero se dood uitgevoer toe Jerusalem in die jaar 70 n.C. verwoes, meer as ’n miljoen Jode om die lewe gebring en duisende as krygsgevangenes weggevoer is.
7. Die sewende wêreldryk sal die eindtydse ryk van die Antichris wees, wat sewe jaar lank oor die wêreld sal regeer. Hy sal al die slegste eienskappe van die vorige wêreldryke in sy ryk laat herleef, ’n militêre diktatuur instel, homself vergoddelik, mense laat teregstel wat weier om hom of sy beeld te aanbid, en dan ook ’n Joodse volksmoord gelas wanneer Israel in die middel van die verdrukking hulle verbond met hom verbreek.

Net so werklik as wat die vorige ses wêreldryke bestaan het, sal die sewende ryk van die Antichris ook wees. Die noue verband tussen die Antichris se eindtydse ryk en die vorige wêreldryke blyk ook uit die feit dat hy as ’n dier met die lyf van ’n luiperd, die pote van ’n beer, die bek van ’n leeu en ’n kop met tien horings daarop voorgestel word (Op. 13:2). Hierdie simboliek stem met dié in Daniël 7 ooreen waarin die Babiloniese Ryk as ’n leeu, die Medo-Persiese Ryk as ’n beer, die Griekse Ryk as ’n luiperd en die Romeinse Ryk as ’n wrede dier met tien horings op sy kop voorgestel word. Dit beteken dat kenmerke van al hierdie ryke in die Antichris en sy eindtydse ryk sal herleef – dit sal dus nie net ’n herleefde Romeinse Ryk wees nie, maar ook ’n herlewing van al die slegte eienskappe van die Babiloniese, Medo-Persiese en Griekse Ryke.

Die Antichris sal die Babiloniese tradisie van die vergoddeliking van die koning volg. Hy sal homself bo elke god verhef en ook die gesag van die God van die hemel uitdaag. Hy sal ’n beeld van homself laat maak en alle onderdane van sy wêreldryk dwing om in aanbidding voor die beeld neer te buig. Elkeen wat ’n ander god vereer en sou weier om die koning se beeld te aanbid, sal tereggestel word. Hy sal ook, soos Nebukadnésar, Jerusalem beleër, die Joodse regeringsleiers om die lewe bring en die volk verdryf en verstrooi. Soos in die Medo-Persiese Ryk, sal die dier die volke van die aarde onder sy pote vertrap, hulle regerings afskaf en hulle onderdane by sy wêreldryk inlyf. Hy sal militêre dekrete uitvaardig en deur middel van die onherroeplike wette van die Meders en die Perse regeer. Hy sal ook, soos koning Ahasveros van ouds, ’n Joodse volksmoord in sy hele koninkryk gelas. Hy sal die Griekse Ryk se afgodediens laat herleef en, soos baie keisers in die Romeinse Ryk, homself tot God verklaar. Al hierdie ryke deel die gemeenskaplike kenmerk dat hulle vyandig teen die koninkryk van God was en dus navolgers van die bose koninkryk van Satan was.

Die tien horings van die dier is op sy sewende kop, wat die Romeinse Ryk voorstel. Die ou Romeinse Ryk het uit tien koninkryke (of provinsies) bestaan wat rondom die Middellandse See geleë was, naamlik in die Britse Eilande, die suidelike dele van Wes- en Oos-Europa, die Midde-Ooste en Noord-Afrika. Hierdie ryk het deur die ontwikkeling en magsuitbreiding van sy lidlande sy Westers/kapitalistiese invloed wêreldwyd laat uitgaan. In die eindtyd sal daar uit die uitgebreide Romeinse Ryk tien streke of koninkryke na vore kom wat almal bondgenote van die Antichris sal wees en saam met hom sal regeer (Op. 17:12-13). Die tien horings van die dier stem met die tien tone van die beeld in Daniël 2 ooreen: “Maar in die dae van dié konings sal die

God van die hemel ’n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie” (Dan. 2:44). Dit sal die Messias se “rotskoninkryk” wees wat al die menslike koninkryke sal vernietig, vervang en self in hulle plek sal regeer (Dan. 2:35; vgl. Ps. 2:7-9; Op.11:15).

Opeenvolging van wêreldryke

In Openbaring 17:9-12 is verdere inligting wat ons help om die simboliek van die dier met die sewe koppe te kan verklaar: “Hier kom die verstand wat wysheid het, te pas. Die sewe koppe is sewe berge waar die vrou op sit. En hulle is sewe konings: vyf het geval en een is; en die ander het nog nie gekom nie; en wanneer hy kom, moet hy ’n kort tydjie bly. En die dier wat was en nie is nie, is self ook die agtste, en hy behoort by die sewe en gaan na die verderf" (Op. 17:9-11).

Die eerste gevolgtrekking wat ons hier moet maak, is dat Johannes *nie* na die sewe berge van Rome verwys nie, en dus nie ’n profesie uitgespreek het wat slegs op die Rooms-Katolieke Kerk betrekking het nie. Hy sê dat die sewe berge sewe goddelose koninkryke is wat mekaar chronologies oor tyd heen opvolg. Ons weet ook dat hy nie na Romeinse keisers verwys nie, omdat daar tussen Nero en Konstantyn alleen tien antichristelike keisers aan die bewind was. Nee, die Here gee vir ons hier ’n breë perspektief op sewe wêreldryke wat almal vestings vir heidense gelowe was (en sal wees) en dus in openlike rebellie teen die koninkryk van God is.

In Openbaring 17:10 sê Johannes duidelik dat in sy tyd vyf van hierdie koninkryke reeds geval het, die een was aan bewind en die sewende een moes nog kom. In die jaar 95 n.C. toe die boek Openbaring geskryf is, het vyf van dié ryke reeds geval – dit is van die oud-Babiloniese Ryk af tot by die Griekse Ryk; die Romeinse Ryk was bestaande en die eindtydse ryk van die Antichris nog toekomstig. Die laaste ryk word deur die sewende kop met die tien horings voorgestel.

Dit is belangrik om die korporatiewe karakter en samehorigheid van hierdie sewe wêreldryke raak te sien: dit is een dier met sewe koppe. Hulle is almal deurtrek van dieselfde gees van verderflike humanisme, selfvergoddeliking, sondigheid, gewelddadigheid, rebellie teen die lewende God, asook betrokkenheid by die werke van die duisternis. Hulle is dus almal vestings van valse godsdienste en as sodanig ’n sataniese komplot teen die koninkryk van God en die stad van die groot Koning, Jerusalem. Die Antichris se eindtydse ryk moet as voortvloeiend uit die vorige ses ryke gesien word. Dit is wesenlik deel van dieselfde godsdienstige en politieke rebellie wat al vir duisende jare deur Satan gevoer word, en deur hom gebruik word om die koninkryk van God op aarde te probeer vernietig. Sy einddoel is om oor God se skepping te heers en in sy plek as God aanbid te word. Onderweg na die bereiking van hierdie ideaal sal alle moontlike vorms van misleiding, omkopery, dwang, onderdrukking en militêre geweld gebruik word wat hy vir sy doel nuttig vind en wat hy kan slaag om te monster. Die Antichris se groot aanslag sal die kulminasie van die eeue-oue stryd tussen die Godsryk en die Satansryk wees.

Openbaring 17:11 sê dat die Antichris nie slegs by die sewe wêreldkoninkryke behoort nie, maar dat sy regering self ook later in ’n agtste wêreldryk sal ontwikkel. Eers sal hy saam met ander konings aan die hoof van ’n regering van internasionale eenheid staan en daarna, in die tweede helfte van die verdrukking, ’n militêre diktatuur instel waarin hy in ’n driemanregering saam met die draak en die valse profeet oor die aarde sal heers.

Die Antichris se ryk sal veral sterk Babiloniese eienskappe vertoon. Om hierdie rede is dit verkeerd om net na Wes-Europa as die herstelde Romeinse Ryk te kyk en te beweer dat die Antichris uit Rome, Engeland of Frankryk moet kom. Sy oorsprong sal uit ’n land wees wat deel van al hierdie ryke was, naamlik uit die gebied van “die koning van die Noorde” (Dan. 11:36-45). Dit is noord-noordoos van Israel geleë en was in verskillende tye in die geskiedenis as Babilonië, Assirië en Sirië bekend. Tans is dié gebied as Sirië en Irak bekend, maar die hartland daarvan is in Irak. Dit is ook waar die stad Babilon geleë is, wat weer gedeeltelik herbou is. Die boek Daniël is van groot hulp om die Antichris se land van oorsprong vas te stel, en sodoende onnodige spekulasie te vermy:

- Eers word hy as een uit tien voorgestel (Dan. 7:7-8), wat een van tien lande in die ou Romeinse Ryk is. Die Siriese provinsie (wat die huidige Irak insluit) was deel van dié ryk.
- Daarna word hy as een uit vier voorgestel, wat die vier provinsies in die verdeelde Griekse Ryk is (Dan. 8:8-9). Sirië (wat die huidige Irak ingesluit het) was een van dié vier provinsies. Die Griekse Ryk het nie Wes-Europese lande soos Italië, Frankryk, Engeland en België ingesluit nie, gevolglik kan die Antichris nie uit dié lande kom nie.
- Uiteindelik word hy as een uit twee voorgestel, wat die gebiede van die koning van die Noorde en die koning van die Suide in die verdeelde Griekse Ryk ná Alexander die Grote was (Dan. 11). Die noordelike provinsie was Sirië en die suidelike een Egipte. Die historiese stryd tussen hulle word in Daniël 11:2-35 beskryf, en die eindtydse koning van die Noorde (die Antichris) in Daniël 11:36-45. Hy sal dus uit Sirië of Irak kom.

In Jesaja 10 is ook ’n duidelike profesie oor die herstelde Assiriese Ryk van die eindtyd. Dit word binne die konteks van “die dag van die Here” geplaas (Jes. 10:20), en die Antichris as die koning van Assirië voorgestel: “Maar as die Here sy werk voltooi het op die berg Sion en in Jerusalem, dan sal Ek besoeking doen oor die vrug van die grootsheid van die hart van Assirië se koning en oor die gepraal van sy hoë oë. Want hy sê: Deur die krag van my hand het ek dit gedoen en deur my wysheid, want ek is verstandig; en die grense van die volke het ek verwyder, en hulle voorrade het ek geplunder; en die wat op trone sit, het ek soos ’n maghebber neergewerp. En my hand het na die rykdom van die volke gegryp soos na ’n voëlnes, en ék het die hele aarde bymekaargeskraap soos ’n mens eiers bymekaarskraap wat verlaat is; en daar was niemand wat ’n vlerk verroer of ’n bek oopgemaak of gepiep het nie” (Jes. 10:12-14). Sy magsoorname na ’n posisie van wêreldleierskap sal vinnig en sonder teëstand geskied.

Die Antichris sal sonder enige moeite die grense tussen die volke verwyder ten einde sy beleid van internasionalisering deur te voer, en ook maklik beheer oor die wêreldekonomie verkry. Hiertoe sal hy die volle samewerking van die totaal misleide en insiglose politieke leiers van sy ryk hê: “En die tien horings wat jy gesien het, is tien konings wat nog geen koningskap ontvang het nie, maar hulle ontvang mag soos konings een uur lank saam met die dier. Hulle het een gesindheid en sal hulle krag en mag oorgee aan die dier” (Op. 17:12-13). Israel én die hele wêreld sal egter deur die Here se ingryping by sy wederkoms van die eindtydse Assiriër en sy wêreldmag se skrikbewind verlos word (Jes. 10:23-25; Miga 5:4-6).

Magsbasisse van die Antichris

Volgens Openbaring 13 sal die Antichris drie magsbasisse hê waarop hy sy onderdrukkende diktatuur sal baseer: dit is ’n politieke, ’n ekonomiese én ’n godsdienstige magsbasis. Politieke en militêre mag sal saam gebruik word om sy wêreldregering se beleid op alle lande af te dwing: “Aan hom is mag gegee oor elke stam en taal en nasie” (Op. 13:7). Hierdie mag sal van Satan af kom, wat nou reeds ’n groot mate van beheer oor ’n verdorwe wêreld het wat in geestelike duisternis verkeer (Op. 13:2; 1 Joh. 5:19). Ná die wegraping sal hierdie mag sonder teëstand funksioneer en in die Antichris verpersoonlik word (2 Thess. 2:7-10). Die hele misleide wêreld sal hom in verwondering navolg en sê: “Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer?” (Op. 13:3-4).

Ekonomiese mag sal gebruik word om ’n kontantlose ekonomie in te stel en aan alle ekonomies aktiewe mense op aarde nommers toe te ken waarsonder hulle nie sal kan koop of verkoop nie (Op. 13:16-18). Hierdie nommer sal ’n eed van getrouheid aan die Antichris insluit, waardeur mense hulle siele aan Satan sal verkoop in ruil vir die reg om te kan koop en verkoop. Hiervoor sal hulle vir ewig in die hel boet (Op. 14:9-11).

Godsdienstige mag sal gebruik word om mense te dwing om die Antichris as God te aanbid. Nadat hy 3½ jaar lank as messias aanbid is, sal hy homself in die herboude tempel tot God verklaar (2 Thess. 2:4). Almal wat sal weier om hom as God te aanbid, sal summier tereggestel word (Op. 13:15).

Voorbereidings vir hierdie toekomstige wêreldregering is reeds ver gevorderd. Die afgelope aantal jare was daar ŉ baie aktiewe internasionaliseringsproses op die politieke, godsdienstige én ekonomiese terreine aan die gang. Dit is vir alle Christene van die grootste belang om hiervan kennis te neem, omdat dit deel is van ŉ sataniese komplot teen die koninkryk van God én die vryheid van die nasies. Hoewel weergebore Christene nie hier sal wees wanneer die Antichris geopenbaar word nie, moet ons nogtans aktief by die teëstaan en verwerping van sy ideologie van politieke, godsdienstige en ekonomiese globalisme betrokke wees. Die Here Jesus verwag van sy getroue dissipels om ŉ openbare standpunt teen die antichristelike globalisme in te neem en sodoende die opmars van die Antichris teë te staan. Dit is die rede waarom sy dissipels teëhouers van die Antichris genoem word (2 Thess. 2:6-8).

Indien jy onder diegene sal wees wat agterbly en in daardie tyd jou saak met die Here regmaak, sal jy die Antichris, sy regeringstelsel, sy valse wêreldgodsdiens, sy eis van persoonlike aanbidding én die aanbod van sy nommerstelsel volkome moet verwerp, ongeag die haglike ekonomiese gevolge en vervolging wat dit vir jou sal meebring. Vir diegene wat ŉ eed van getrouheid aan die Antichris aflê, sy nommer aanvaar en hom aanbid, wag die ewige oordele van God: “As iemand die dier en sy beeld aanbid en ŉ merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang, sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam. En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid, en hulle het dag en nag geen rus nie – hulle wat die dier en sy beeld aanbid, en elkeen wat die merk van sy naam ontvang” (Op. 14:9-11).

Op die dag van Christus se wederkoms sal die Antichris se sewe jaar lange bewind skielik tot ŉ einde kom. Die Here Jesus is die ware Vredevors op ŉ wit perd, en sal tydens sy wederkoms deur hemelse leërs gevolg word. Johannes sê: “En ek het die dier [die Antichris] en die konings van die aarde en hulle leërs versameld gesien, om oorlog te voer teen Hom wat op die perd sit [Christus], en teen sy leër. En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy húlle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand. En die ander is gedood met die swaard wat uit die mond gaan van Hom wat op die perd sit” (Op. 19:19-21). Die kortstondige ryk van die Antichris sal totaal vernietig en deur die duisendjarige vrederyk van die ware Christus gevolg word.

Dit is ŉ skrikwekkende gedagte dat die Antichris nogtans daarin sal slaag om feitlik die hele wêreldbevolking te mislei en saam met hom verderf toe te sleep. Die Bybel sê: “En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aangegaan ... en die dier aanbid en gesê: Wie is aan die dier gelyk?” (Op. 13:3-4). Net soos wat die geestelik verblinde Israeliete kort ná die Here se magtige verlossingsdaad tydens hulle uittog uit Egipte in die woestyn voor ŉ goue kalf neergebuig en dit aanbid het, sal die eindtydse wêreldbevolking ook kort na die Here se kragtige ingryping vir die verlossing van die regverdiges tydens die wegraping, voor die Antichris neerbuig en hom aanbid. Wandel jy in die waarheid van die Here Jesus, of is die Antichris se gees van dwaling reeds in jou werksaam? (2 Thess. 2:7).

Mense wat nie deur die Heilige Gees in die hele waarheid van God se Woord gelei word nie (Joh. 16:13), al is hulle andersins ook hóé intelligent en belese, sal volgens die insig van hulle verdorwe harte optree en uiteindelik die krag van die dwaling ontvang om die Antichris se leuens te glo (2 Thess. 2:10-12). Kom nóú na die Verlosser, Jesus Christus, wat jou van die mag en invloed van Satan se antichristelike leuens sal bevry, en aan jou verligte oë van die verstand sal gee om sy Woord te kan verstaan (Ef. 1:18). Deur sy Gees en die kennis van sy Woord sal Hy ook aan jou die vermoë gee om die leuens van valse profete wat voorlopers van die Antichris is, te kan identifiseer en weerstaan (1 Joh. 4:1).

10. Die Skrif is aan die Muur

Skriflesing: Daniël 5:1-30.

Die einde van die kerkbedeling gaan skielik en dramaties aanbreek, en dit sal ’n groot skok wees vir ’n ongelowige wêreldbevolking wat onkundig is oor Bybelse profesieë en waarskuwings. Daar is verskeie tekens wat op die einde van die kerkbedeling en die openbaring van die Antichris dui, maar dit is vir ongelowiges verborge. Hulle sal skielik deur groot onheile oorval word.

Die meeste mense dink dat hulle vrede en voorspoed op aarde kan skep sonder om met God versoen te word deur Jesus Christus, sonder om sy Woord en sy morele beginsels te eerbiedig, en sonder om met die bose planne van die duiwel rekening te hou. Hulle ontnugtering sal baie groot wees: “Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid – dan oorval ’n skielike verderf hulle soos die barensnood ’n swanger vrou, en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie” (1 Thess. 5:3).

’n Soortgelyke situasie het bestaan voor die onverwagte val van die Babiloniese Ryk. Ons kan baie daaruit leer, omdat ’n ooreenstemmende situasie besig is om in ons tyd vorm aan te neem. Politieke leiers roem ook in hulle vermoë om sonder God aan bewind te bly en die wêreld se ernstige probleme op te los, maar hulle sal skielik deur ’n groot ingryping van God ontnugter word, asook deur die verskyning van ’n uiters bose wêreldleier.

Val van die Babiloniese Ryk

Daniël 5 beskryf die skielike en onverwagse val van die antieke Babiloniese Ryk weens hulle goddeloosheid en rebellie teen God, en spesifiek ook weens hulle vyandige optrede teen Israel as die Ou-Testamentiese verteenwoordiger van God se koninkryk op aarde. Hierdie oordele is egter nie voltrek voordat God in die tyd van Nebukadnésar verskeie waarskuwings aan dié heidense koning gerig het nie. Daniël het reguit vir hom gesê: “Breek met u sonde en doen geregtigheid” (Dan. 4:27). Hy het dit egter nie gedoen nie, sy koningskap is van hom weggeneem, sy verstand het hom verlaat en hy het vir sewe jaar lank saam met die diere in die veld gebly. Daarna het hy tot bekering gekom, sy verstand het teruggekeer en hy is ten volle op sy troon herstel. Nebukadnésar het van alle afgodediens afgesien, net die Here as Koning van die hemel geloof en geprys, en erken dat Hy mag het oor die koningskap (Dan. 4:36-37).

Daarna het afgodediens egter weer die oorhand gekry, en die rebellie teen God en sy geregtigheid is tot nuwe hoogtes gevoer. Koning Bélsasar het vir ’n duisend van sy maghebbers, sowel as sy vroue en byvroue, ’n feesmaal ter ere van die grootheid van Babilon in sy paleis aangebied. Op die fees het hy minagtend teenoor die God van Israel opgetree en daarop geroem dat Israel se God nie in staat was om hulle uit die Babiloniërs se mag te red nie. Die koning het sy totale minagting vir die Jode en hulle God getoon deur drank te laat bedien in goue en silwer voorwerpe wat Nebukadnésar se magte in die tempel geroof het toe hulle Jerusalem ingeneem het. Bélsasar het in sy grootheidswaan hulde aan die magtige afgode van Babilon gebring en die onoorwinlikheid van sy ryk gevier.

Terwyl hierdie partytjie aan die gang was, was die Persiese leër al drie maande lank buite die stad ontplooi. Bélsasar het hom egter nie aan hulle gesteur nie, want Babilon het ’n baie hoë en breë ringmuur met 250 wagtorings gehad. Die Eufraatrivier het regdeur die stad gevloei, met groot sluisdeure bo-oor die water om toegang per boot in die nag onmoontlik te maak. Die inwoners het ook genoeg kos vir 20 jaar in die stad opgegaar. Die Perse het egter die Eufraatrivier drooggelê en die vloei van die rivier na ’n nabygeleë meer gekanaliseer. Dit het hulle in staat gestel om in die nag onderdeur die sluisdeure in te kom en die stad in te neem.

Skielik het die tyd vir Bélsasar se godslastering verbygegaan en die Here het sy einde aangekondig, asook dié van die Babiloniese Ryk waarop hy so geroem het. ’n Hand het verskyn en op die gepleisterde muur reg oorkant die kandelaar geskryf, sodat almal dit kon sien. Skok en vrees het die koning oorval, en hy het dadelik besef dat sy partytjie verby was.

Daniël is ontbied en hy het eers aan Bélsasar verduidelik waarom hy en sy koninkryk deur die Here geoordeel gaan word. Hy het hom herinner aan wat met Nebukadnésar gebeur het, en hoedat God hom weens sy hoogmoed en sonde verneder het. Nebukadnésar het daarna bely dat net die God van die hemel mag het oor alle mense en dat slegs Hy gevrees, gedien en aanbid moet word. Bélsasar het egter nie hierdie gebeure ter harte geneem nie, daarom het Daniël vir hom gesê: “Maar u, Bélsasar, sy seun, het u hart nie verneder nie, alhoewel u dit alles weet; maar u het u verhef teen die Here van die hemel” (Dan. 5:22-23).

Bélsasar het deur sy eie optrede die oordele van die Here onafwendbaar gemaak, en Daniël het die skrif aan die muur só uitgelê: ***Mené:*** God het u koningskap getel en daar ’n einde aan gemaak; ***tekél:*** u is op die weegskaal geweeg en te lig bevind; ***perés:*** u koninkryk is verdeel en aan die Meders en Perse gegee. Daardie selfde nag is Babilon deur hulle vyande ingeneem en Bélsasar, die koning van die Chaldeërs, is gedood. Dit is ’n skrikwekkende verhaal van wat gebeur met mense wat God se waarskuwings afmaak en verontagsaam. Dit hou beslis vir ons ook ’n boodskap in, want ons het nog duideliker waarskuwings oor ’n groot verdrukking wat skielik, soos ’n dief in die nag, oor die hele aarde sal aanbreek.

Eindtydse oordele oor die nasies

Volgens die Bybel weet ons dat genadetyd ook in die Nuwe Testament verby sal gaan nadat die hele wêreld die geleentheid gehad het om die evangelie te aanvaar, en dan sal die oordele van die Here skielik tydens die sewe jaar lange verdrukking oor die onbekeerlike mensdom uitgestort word. Ons lees in Psalm 2 van ’n eindtydse vergadering van nasies waarin die leiers van die aarde, soos in die tyd van die ou Babiloniese Ryk, sal byeenkom om die God van hemel én sy Seun formeel te verwerp:

“Die konings van die aarde staan gereed, en die vorste hou saam raad teen die HERE en teen sy Gesalfde en sê: Laat ons hulle bande stukkend ruk en hulle toue van ons afwerp!” (Ps. 2:2-3). Hulle sal ’n multigodsdienstige nuwe wêreldorde aanvaar waarin daar geen erkenning aan die Drie-enige God van die Bybel gegee word nie – net aan die universele God van alle gelowe. Dit is die valse god van hierdie wêreld wat volgens 2 Korinthiërs 4:4 die sinne van mense vir die Christelike geloof verblind.

Die goddelose nasies van die eindtyd sal die evangeliese Christene hewig vervolg omdat hulle nie met die ander gelowe wil hande vat om deel te word van ’n valse organisasie van wêreldgodsdienste nie. Om dieselfde redes sal hulle ook teen Israel gekant wees, en hulle opnuut probeer isoleer en verdryf omdat hulle nie hulle land met die Palestyne wil deel nie. Die Here sal die nasies toelaat om teen sy volk op te trek, sodat Hy hulle kan oordeel, net soos wat Hy ook die Babiloniese Ryk van ouds geoordeel het. Hierdie keer sal Hy die volke in Israel laat saamtrek om hulle daar te oordeel. God sê: “Ek sal al die nasies versamel en hulle na die dal van Jósafat laat aftrek, om daar met hulle ’n strafgerig te hou ter wille van my volk en my erfdeel Israel wat hulle onder die nasies verstrooi het, en my land wat hulle verdeel het” (Joël. 3:2). Deur die verstrooiing van Israel en die verdeling van hulle land word die Goddelike mandaat wat hulle oor die land het, ontken (Gen. 13:14-15; Eseg. 11:17).

In Sagaria staan daar: “Want Ek sal al die nasies versamel om oorlog te voer teen Jerusalem. ... En die Here sal uittrek en stryd voer teen dié nasies. ... En dit sal die plaag wees waarmee die Here al die volke sal tref wat opgetrek het om teen Jerusalem te veg: Hy sal hulle vlees laat wegteer terwyl hulle nog op hul voete staan; en hulle oë sal wegteer in hulle holtes, en hulle tong wegteer in hulle mond” (Sag. 14:2-3, 12).

Die Antichris sal die moderne Bélsasar wees, want volgens die Bybel sal hy mag kry oor alle volke op aarde (Op 13:7). Die duiwel sal aan hom sy krag gee en sy troon en groot mag, want die hele misleide wêreld lê in die mag van die Bose (Op. 13:2; 1 Joh. 5:19). Dit sal die Antichris se groot doel wees om die koninkryk van God op aarde te oorwin deur die evangeliese Christendom wat weier om hom te erken, uit te wis, Israel as die volk van God te vernietig, die

Drie-enige God te belaster, homself in Christus se plek tot die verlosser en koning van die wêreld te verklaar, en ook met alle mag teen Christus self te veg wanneer Hy met sy wederkoms na die aarde terugkeer.

Dit is die rede waarom Christene wat eers ná die wegraping tot bekering kom, meedoënloos vervolg sal word in die ryk van die Antichris (Op. 6:9-11). Israel sal net so erg vervolg word, omdat die Antichris sal weet van die roemryke toekoms wat die Here aan dié volk belowe het nadat hulle met die ware Messias versoen is en dan in sy vrederyk groot aansien sal geniet.

In sy godsdienstige selfverheffing sal die Antichris nie net die plek van Christus probeer inneem nie, maar homself uiteindelik ook tot God verklaar in die herboude tempel in Jerusalem. Dit sal 'n duiwelgeïnspireerde daad van rebellie teen die koninkryk van God wees, daarom beskryf die Bybel hierdie misleier as "die mens van sonde ... die seun van die verderf, die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is" (2 Thess. 2:3-4).

In sy stryd teen die koninkryk van God sal hy God belaster, asook almal wat sy Naam bely. Johannes sê: "En hy het sy mond oopgemaak om te laster teen God, om sy naam en sy tabernakel en die wat in die hemel woon, te laster" (Op. 13:6). Onder op die aarde waar hy met lede van God se koninkryk in aanraking kom, sal hy hulle almal probeer verdelg: "Dit is ook aan hom gegee om oorlog te voer teen die heiliges en hulle te oorwin, en aan hom is mag gegee oor elke stam en taal en nasie" (Op. 13:7). Hy sal geen mag bokant homself erken nie.

Soos Bélsasar in die antieke Babiloniese Ryk, sal die Antichris alles moontlik doen om minagtend teenoor God op te tree en Hom as magteloos voor te stel. Bélsasar het dit gedoen deur die heilige voorwerpe van die tempel te gebruik om drank daarin te bedien op sy partytjie. Hy het ook die afgode van Babilon geëer omdat hulle van Babilon 'n onoorwinlike koninkryk gemaak het. In sy oë was hierdie koninkryk so magtig dat selfs die God van Israel nie sy volk kon beskerm teen die Babiloniërs nie.

Die Antichris sal dieselfde doen, en selfs nog meer arrogant optree. Daniël sê: "Dié koning sal doen net wat hy wil en homself verhef en groot hou bo enige god" (Dan. 11:36). Hy sal in die Allerheiligste van die herboude tempel in Jerusalem ingaan – iets wat vir alle mense behalwe die Hoëpriester in Israel verbode is – homself daar tot God verklaar, en ook 'n afgodsbeeld van homself daar laat oprig. Hy sal alle mense op aarde dwing om hom en sy beeld te aanbid, en weiering om hieraan te voldoen sal met die dood strafbaar wees. Openbaring 13:5 sê dat "almal gedood [sal] word wat die dier se beeld nie aanbid nie" (Op. 13:15). Die hele misleide wêreld sal hieraan meedoen.

Die Bybel stel dit duidelik dat die Antichris net so vinnig en dramaties verdelg sal word as wat Bélsasar aan sy einde gekom het. Paulus sê dat "die Here [hom] met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak" (2 Thess. 2:8). Dit sal gebeur wanneer die ware Christus tydens sy wederkoms vir 'n kort rukkie persoonlik teenoor die valse christus van Satan se koninkryk te staan sal kom: "En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet. ... Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand" (Op. 19:20). Die kortstondige ryk van die Antichris sal heeltemal vernietig en deur die duisendjarige vrederyk van die ware Christus vervang word.

Waarskuwings oor naderende oordele

Manne van God het deur die eeue heen 'n soortgelyke plig gehad om mense tot bekering op te roep en ook onbekeerlike sondaars teen God se komende oordele te waarsku. Die Godverwerpende wêreld van die eindtyd is in presies dieselfde situasie as dié waarin Bélsasar eeue gelede was. Hulle verwerp nie net die God van die hemel van wie hulle (soos Bélsasar) baie min weet nie, maar hulle verwerp ook sy Seun wat intussen gekom het, asook sy Woord en die evangelie van verlossing wat die afgelope 2 000 jaar in die hele wêreld verkondig is. Die

eindtydse oordele gaan dus veel groter wees, want die Here Jesus het gesê dat die groot verdrukking onvergelyklik in die wêreldgeskiedenis sal wees (Matt. 24:21).

Gedurende die afgelope paar dekades het die meeste nasies in die tradisioneel Christelike wêreld hulle rug op die Bybel as God se Woord gedraai deur Christelike grondwette te herroep, Christelike onderwys af te skaf en Christelike moraliteit te verwerp. Selfs baie teoloë het ook in hierdie rebellie meegedoen deur die egtheid van die Bybel as God se Woord te betwyfel, die Godheid van die Here Jesus te verloën en Hom met die afgode van die heidene gelyk te stel.

Al wat nou nog oorbly, is dat die oordele van die Here skielik oor die goddeloses uitgestort sal word nadat die Here sy kinders wat geen aandeel het in hierdie rebellie nie, weggeneem het. Daar is verskeie tekens van die tye wat bedoel is om vir die hele wêreld die skrif aan die muur te wees dat genadetyd haas verby is en dat die tyd van oordele enige oomblik kan begin. Uit die Woord van die Here het ons nog ’n baie duideliker uiteensetting van wat die toekoms vir ons én die hele wêreld inhou as wat in Ou-Testamentiese tye die geval was. In ’n oomblik, in ’n oogwink, sal die Here die gelowiges kom haal en die ongelowiges oordeel.

Petrus sê: “Ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op ’n lamp wat in ’n donker plek skyn” (2 Pet. 1:19). Waarom is daar so min predikers wat die boodskap oor die naderende oordele verklaar sodat almal dit kan hoor en verstaan? Die Here Jesus het gesê dat die Heilige Gees ons in die hele waarheid sal lei en ook die toekomstige dinge aan ons sal verkondig (Joh. 16:13). Ons het ’n Leermeester om ons oor Bybelse profesieë in te lig, maar dan moet ons Hom toelaat om ons te vervul en te lei.

Waarskuwings aan Amerika

Elke Christen het in sy eie omgewing en in sy eie land ’n plig om nie net die evangelie te verkondig nie maar ook die profesieë. Alle mense moet met hierdie inligting gekonfronteer word, van die hoogste regeringsleiers af tot by die mees eenvoudige persoon. Die bekende Messiaanse Jood in Amerika, Joel Rosenberg, is ’n voorbeeld van ’n persoon wat die profetiese boodskap duidelik en vreesloos uitdra. Hy skryf boeke, behartig webblaaie, spreek predikante-konferensies toe, besoek Israel, voer gesprekke met regeringsleiers, en besoek ook verskeie ander lande in die Midde-Ooste om met geestelike en politieke leiers kontak te maak en die Bybel se boodskap van verlossing én oordele aan hulle oor te dra.

Rosenberg vergelyk Amerika se goddeloosheid met dit wat in Bélsasar se tyd aan die orde van die dag was. Hy verwys na die VSA se staatskuld van 17 triljoen dollar, terwyl die Bybel ons waarsku om nie in skuld te leef nie. Hy vestig ook die aandag op die 53 miljoen aborsies wat tot dusver in Amerika gedoen is, na hulle pornografiebedryf wat miljarde dollars wins maak, en ook na die wettiging van homoseksuele huwelike. Sy vraag aan Amerikaners is duidelik: “Hoeveel langer sal die Here nog wag voordat ons sal maai wat ons gesaai het? Sal God ons nog ’n kans gee, of is Hy klaar met ons? Is Amerika in ’n *Nebukadnésar-situasie* waarin ons nog kans het om tot bekering te kom en herstel te word, of is ons in ’n *Bélsasar-situasie* waarin God sy guns skielik van ons gaan onttrek en die ligte afsit? Ek is eerlikwaar nie seker nie.”

Een van Joel Rosenberg se boeke is getiteld: *Implosion.* Dit handel oor die dreigende inploffing van die Amerikaanse ekonomie, en uiteindelik ook die wêreldekonomie, wat na verwagting skielik sal gebeur – soos ’n ou gebou wat deur plofstof gesloop word en binne ’n paar oomblikke net verdwyn. Die meeste van die groot ekonomieë in die wêreld word deur ’n reuse resessie of selfs totale bankrotskap bedreig. Dit gaan baie van die planeet Aarde se 7 miljard inwoners in werkloosheid, uiterste armoede en hongersnood dompel.

Rosenberg se waarskuwing oor die wankelende toestand van die VSA se ekonomie is heeltemal gegrond. Die *USA Watchdog* sê op hulle webblad die volgende: “Ons stuur af op ’n ekonomiese ineenstorting wat erger as dié in 1929 gaan wees, en dit gaan een of ander tyd gedurende die volgende twee jaar gebeur. Dit kan selfs binne enkele maande van nou af gebeur, en daar is

niks wat dit kan keer nie." Die tydskrif *Economy in Crisis* sê: "Die 1% rykes in Amerika word nog ryker, maar die middelklas is vinnig besig om te verarm. Ons land is op die randjie van 'n ekonomiese ramp."

Dit is nie net vir Amerika dat die skrif aan die muur is nie – dit is vir alle lande in die wêreld. As 'n supermoondheid soos Amerika moet ondergaan, sal die hele wêreld ernstig daardeur geraak word. In Europa verdiep die ekonomiese krisis ook daagliks, en daar is verskeie lande met 'n werklose bevolking van meer as 30%. Die jeug word egter die ergste geraak. In Italië is daar meer as 40% van die skoolverlaters wat nie werk kry nie, en in Griekeland en Spanje is die syfer meer as 50%. Ten spyte hiervan neem onwettige immigrasie uit arm derdewêreldlande na Europese lande, Noord-Amerika, Australië en Suid-Afrika onrusbarend toe, omdat talle mense dink dit gaan ekonomies beter in hierdie lande.

Dit is erg genoeg as mense hulle ekonomiese sekuriteit verloor, maar dit is honderd maal erger as hulle ook weens onkunde oor die evangelie hulle siele verloor. Dan staar hulle 'n ewige toekoms sonder die Here in die gesig.

Die bedreiging uit Iran

Daar is 'n verdere ooreenkoms tussen die huidige situasie en dié in Babilon, en dit het betrekking op die Perse – dit is die huidige Iran – wat 'n groot rol in die val van Bélsasar gespeel het, en nou weer 'n groot rol in die wêreldpolitiek begin speel. Iran is besig om kernwapens te ontwikkel en hulle het ook al by verskeie geleenthede gedreig om Israel te vernietig en totaal van die wêreldkaart af uit te wis. Hulle het 'n sogenaamde "heilige oorlog" (*jihad*) teen Israel verklaar, en ondersteun terroristegroepe soos Hisbolla in Libanon en Hamas in Gasa finansieel én militêr. Duisende vuurpyle word deur Iran aan hierdie twee terreurgroepe voorsien om verdere aanvalle op Israel te doen in 'n poging om die Joodse staat tot 'n val te bring. Sirië ondersteun hierdie aksie ten volle en bied vrye deurgang vir wapens en manskappe tussen Iran, Libanon en Israel.

Wat Iran se program vir kernontwikkeling betref, hou hulle vol dat dit vir vreedsame doeleindes is. Israel beskik egter oor inligting wat daarop dui dat Iran met Russiese hulp in geheime ondergrondse laboratoriums uraan verryk met die oog op die vervaardiging van kernbomme. Soos in die tyd van Bélsasar, gaan hulle in die geheim met hulle ondermyningswerk voort, tot op 'n bepaalde dag (of nag) wanneer hulle tot die aanval sal oorgaan.

Iran is tans met 'n diplomatieke speletjie besig om tyd te koop om sy duistere planne uit te voer en ook sanksies te ontduik. Israel dreig egter met 'n eensydige aanval teen Iran om sy kernprogram te stuit, maar Iran dreig op sy beurt om die seestraat van Hormoes in die Persiese Golf te blokkeer, waardeur omtrent 'n derde van die wêreld se olie vervoer word. Dit kan die hele wêreldekonomie ernstig knou en in sekere lande heeltemal tot stilstand dwing. Dit kan selfs 'n wêreldoorlog tot gevolg hê.

Iran het 'n verdedigingsverbond met Rusland gesluit, en het dus groot militêre ondersteuning tot sy beskikking in die geval van 'n oorlog teen hom. In Esegiël 38 en 39 is daar 'n beskrywing van 'n Russies-Arabiese inval in Israel waarin Rusland (Gog, in die agterhoeke van die Noorde) en Iran (Persië) by name genoem word, saam met verskeie ander lande wat ook aan hierdie oorlog sal deelneem. Dit kan moontlik die begin wees van 'n nuwe wêreldorde waarin die Antichris as die eindtydse koning van die noorde geopenbaar sal word en beheer oor die hele wêreld verkry (Dan. 11:31-45).

Die eindtydse skrif aan die muur

Ons is in 'n soortgelyke situasie as wat Daniël in Babilon was. Wanneer die wêreld onverwags deur ongekende gebeurtenisse en tekens van die eindtyd oorval word, moet mense weet dat daar ware gelowiges is wat in staat is om hierdie tekens te kan verklaar. Is jy, soos Daniël van ouds, in staat om die profetiese skrif aan die muur vir die wêreld te kan vertolk en hulle te waarsku teen die naderende oordele van God? Of is Bybelse profesieë dalk vir jou ook 'n geslote

boek weens onkunde? Ons moenie onsself daaraan skuldig maak om die profetiese woord te verswyg en vir mense verborge te hou nie, want dan sal ons saam met die ongelowige wêreld deur hierdie oordele oorval word.

Dieselfde reël geld ook vir Christelike gemeentes, Christelike radiostasies, Christelike webwerwe en ander Christelike bedienings. Ons is verplig om die volle raad van God te verkondig (Hand. 20:27), en dit sluit beslis ook die profetiese woord in. Gelowiges wat die profesieë verswyg, is gewoonlik besig om ŉ valse profetiese scenario voor te hou waarin daar nie ŉ naderende groot verdrukking is nie en ook nie ŉ wegraping as ŉ ontvlugting vir die Here se getroue dissipels nie (Luk. 21:36). Ons moet eers ons eie lewens en geestelike perspektief regkry, dan sal die Here ook ons oë open om Bybelse profesieë reg te kan verstaan en met groot erns te verkondig.

Ware Christene het nie ŉ Antichris-verwagting nie, maar ŉ Christus-verwagting. Ons is nie vir die toorn van God gedurende die komende dag van die Here bestem nie, maar vir die saligheid wat die Here Jesus aan sy getroue dissipels belowe het. In Egipte was Israel ook nie vir die plae bestem wat oor die ongelowiges gekom het nie, maar hulle moes hulle deurposte met die bloed van die paaslam besprinkel en volkome op die Here se reddende genade hoop. Om dieselfde rede was Noag en sy gesin nie vir die vloed bestem nie, en Lot en sy gesin ook nie vir die Goddelike oordele oor Sodom en Gomorra nie. Ons toekoms is in die Vaderhuis waar Christus vir ons plek gaan berei het.

Terwyl donker wolke van oorloë en gerugte van oorloë besig is om oor die Midde-Ooste én die hele wêreld saam te pak, gepaard met geestelike en morele verval wat ongekend in die geskiedenis van die mensdom is, asook ŉ ekonomiese krisis van apokaliptiese afmetings wat besig is om alle lande in sy wurggreep te kry, kan ons enige tyd die verskyning van die blink Môrester bokant ŉ donker horison verwag. Is jy hiervoor gereed, want tydens Christus se geheime koms net voor die verdrukking, kom Hy net vir dié wat Hom tot saligheid verwag (Heb. 9:28).

11. Die Laaste Twaalf Uitsprake in die Bybel

Skriflesing: Openbaring 22:10-21

Die Bybel is ’n uiters belangrike boek omdat dit unieke inligting bevat oor God en sy koninkryk, die stryd teen die opponerende koninkryk van die duisternis, die ontstaan van die mens, sy verval in sonde, sy geestelike herstel en ewige toekoms, asook God se vernuwende werk en einddoel met sy skepping. Die Bybel begin in Génesis met ’n duidelike stelling oor die ontstaan van alle dinge, en dit eindig in Openbaring met die voltrekking van God se oordele oor die koninkryk van die duisternis en die skep van ’n nuwe hemel en aarde. Die gelowiges van alle tye sal vir ewig in die seëninge van die nuwe skepping deel.

In die laaste twaalf verse van Openbaring 22 word daar twaalf basiese stellings gemaak oor Jesus Christus, die integriteit van sy Woord, ons verhouding met Hom, die absolute sekerheid van sy wederkoms, asook die ewige straf wat op sondaars wag. In die lig van alles wat in Openbaring én in die hele Bybel gesê word, is daar sekere uiters belange sake wat in die laaste deel van die Bybel se laaste hoofstuk beklemtoon word. Die twaalf belangrike stellings en opdragte in hierdie gedeelte is die volgende:

1. Verkondig die profesieë

“Moenie die woorde van die profesie van hierdie boek verseël nie, want die tyd is naby” (v. 10). Die boek Openbaring, en ook alle ander Bybelse profesieë, mag nie as onverstaanbare beeldspraak beskryf, vermy, en daardeur vir mense geslote gehou word nie. Onkunde oor die profetiese woord sal mense beroof van ’n verwysingsraamwerk om die vervulling van die tekens van die tye te verklaar, en gevolglik ook ontneem van ’n Bybelse toekomsverwagting. Die gevolg hiervan sal wees dat gelowiges maklik hulle uitsig op die hemel en die ewige lewe verloor, en dan al hulle aandag daaraan wy om korttermyn, aardse ideale na te jaag. Hierdie oorwegend sekulêre uitkyk op die lewe sal veroorsaak dat hulle geestelik verarm raak en nalaat om ’n sinvolle bydrae tot die uitbreiding van God se koninkryk te lewer.

Verder het mense sonder ’n wederkomsverwagting ook nie ’n Bybelse perspektief op dinge wat in die wêreld gebeur nie, en weet hulle nie waarheen dit gaan lei nie. Hulle verval gevolglik maklik in wanhoop wanneer dit sleg begin gaan op aarde, in plaas daarvan om te waak en te bid sodat hulle die Goddelike toorn wat aan die kom is, kan ontvlug (Luk. 21:36; 1 Thess. 1:10). Daar is goeie redes waarom ons die wederkoms van Jesus Christus moet verkondig en in die lig daarvan moet leef. Dit is belangrik om te weet dat Hy ons kom haal.

2. Heiligmaking te midde van groter geestelike polarisasie

“Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word” (v. 11). Die Here verwag van almal van ons om duidelike keuses in die lewe te doen. Die eerste keuse op die pad van ons geestelike ontwaking het betrekking op ’n besluit om Jesus Christus as ons Verlosser aan te neem. Daarna moet ons die pad van heiligmaking bewandel en voortdurend keuses doen wat daartoe sal lei dat ons toeneem in regverdigheid en heiligheid. Volgens die Bybel gaan die meerderheid mense nie die regte keuses doen nie, en gevolglik op die pad van sonde volhard (Matt. 7:13-14; Joh. 3:19). Hierdie uiteenlopende reaksies sal na ’n proses van geestelike polarisasie in die wêreld lei, wat in die eindtyd groter afmetings sal aanneem namate die boosheid in intensiteit toeneem (1 Tim. 4:1; 2 Tim. 3:1-5).

In die postmoderne wêreld is daar groter druk ter wille van eenheid en konformiteit aan die heersende, humanistiese sienings. Hierdie druk word hoofsaaklik op die minderheidsgroep evangeliese Christene toegepas, sodat hulle van hul Bybelse beginsels sal afsien en by die meerderheid inval. Ongelukkig is daar Christene wat onder hierdie druk swig en in hulle liefde vir die Here Jesus verkoel wanneer die ongeregtigheid toeneem (Matt. 24:12). In plaas van om meer heilig te word, word hulle meer soos die verdorwe, materialistiese wêreld. Ons moet egter

nie aan hierdie druk toegee nie, en veel eerder die proses van polarisasie as onafwendbaar beskou. Daar kan nie ’n versoeningsbrug tussen die smal pad en die breë pad gebou word nie.

Ons moet onthou dat, om meer regverdig en heilig te word, vereis dat ons sal toeneem in die genade en kennis van Jesus Christus (2 Pet. 3:18). Baie Christene is so besig om sekulêre belange na te jaag en in die proses in rykdom en wêreldse kennis toe te neem, dat hulle glad nie in die kennis van Christus toeneem nie. Indien hulle hierdie belangrike verpligting nalaat, sal hulle nie met oortuiging ’n standpunt teenoor die verdorwe wêreld kan inneem nie, maar inteendeel self al hoe meer soos die wêreld begin word.

3. ’n Tyd van beloning en afrekening

“Kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees” (v. 12). Alle mense moet besef dat hulle hele lewenswandel (al die werke wat hulle gedoen het) in die hemel opgeskryf is, en dat hulle ewige toekoms in die lig daarvan bepaal sal word. Wat die regverdiges betref, is al hulle sondes wat hulle gedoen het, en wat hulle bely en laat staan het, vergewe, uitgewis en nie meer op rekord nie (1 Joh. 1:9; Jer. 31:34). Die kwaliteit van hulle Christenskap sal egter bepaal word volgens die werke wat hulle ná hulle bekering gedoen het (1 Kor. 3:11-15). Werke wat nie uit ’n geestelike oogpunt van waarde is nie, sal nie die vuurtoets van Christus se regterstoel-oordeel deurstaan nie, daarom is dit moontlik dat sommige Christene as mislukte dissipels, met leë hande, voor die Here sal verskyn. Hulle het nie onder die leiding van die Heilige Gees werke gedoen wat by die bekering pas nie, omdat hulle nie heiligmaking as ’n saak van erns nagestreef het nie.

Wat die goddeloses betref, sal hulle ooreenkomstig hulle bose werke veroordeel en in die poel van vuur gewerp word (Op. 20:11-15). Alle sondes, ook dit wat hulle in die geheim gedoen het, sal geopenbaar word en teen hulle getuig. Hulle het nooit na die kruis gegaan waar hulle sonde vergewe en uitgewis kon word nie, daarom sal dit hulle uiteindelik na die verderf sleep.

4. Die voorrang en ewige selfbestaan van Jesus Christus

“Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, die eerste en die laaste” (v. 13). Ons moet nooit die fout maak om Christus as ’n sterflike mens te sien wat net ’n beperkte aardse bestaan gehad het nie. Hy is die begin van die skepping van God, Hy onderhou dit en sal uiteindelik alles nuut maak. Paulus sê: “Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele Skepping; want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemel en op die aarde is ... . Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand” (Kol. 1:15-17). Jesus Christus het ’n ewige selfbestaan en word nie deur die verganklikheid van die skepping geraak nie. Hy het die aarde geskape, Hy het dit uit ’n verwoeste toestand herskep, Hy onderhou dit steeds en sal dit eendag in ’n volmaakte toestand herskep.

As ons aan Christus behoort, word ons lede van sy onverganklike liggaam (1 Kor. 12:27). Ons het ’n duidelike opdrag om in Hom te bly (Joh. 15:4) en nooit enige fase of gedeelte van ons lewe buite Hom te bedink of te lei nie. Hy het ons uit die duisternis tot sy wonderbare lig oorgebring toe Hy ons siele gered het (1 Pet. 2:9). Daarna woon Hy in ons harte deur die Heilige Gees (Joh. 14:23). Tydens die opstanding van die regverdiges sal Hy aan ons onverganklike, nuwe liggame gee en sal ons vir altyd in sy heerlike teenwoordigheid lewe (1 Thess. 4:16-18; 1 Kor. 15:51-53). Hy is dus ook die voleinder van ons geloof.

As die Alfa en die Oméga is Jesus Christus die begin, die middelpunt en die eindbestemming van alle dinge. Hy is die bepalende norm en bring skeiding tussen dié wat vir Hom en dié wat teen Hom is (Luk. 9:50). Alles wat werklik goed is, vloei uit Hom en sy geregtigheid voort, terwyl alle boosheid in opposisie teen Hom is en deur Hom gestraf gaan word – dit is waarom die Bybel sê: “Die getuienis van Jesus is die gees van die profesie” (19:10). Die gelowiges wat in Hom is, word geseën, en buite Hom is al die ongelowiges wat veroordeel gaan word. Ons geestelike en morele lewe is dus óf Christelik óf antichristelik. Mense wat Christus verwerp,

verval in sonde en verlorenheid, terwyl dié wat Hom aanvaar, ’n opstanding in ’n nuwe lewe verkry (vgl. Luk. 2:34). Hy is vir almal die Alfa en die Oméga, daarom sal die laaste woorde van seën of veroordeling in die heilsgeskiedenis van die mens uit sy mond kom.

5. Gehoorsaamheid aan sy opdragte

“Salig is die wat sy gebooie doen” (v. 14). In verskeie ander vertalings word hierdie teks soos volg vertaal: “Salig is die wat hulle klere was” (NIV, RSV, AB, NAB). Dit vind noue aansluiting by dit wat van die martelare gesê word in Openbaring 7:14: “... hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam.” Wanneer die begrip “gebooie” gebruik word, moet dit Nuwe-Testamenties vertolk word met die oog daarop om God se wil ten opsigte van die Here Jesus te doen (Matt. 7:21). Dit behels onder meer om met Christus versoen te word en reiniging deur sy bloed te verkry (Ef. 1:7; 1 Pet. 1:18-19).

Hierdie vers bevat die laaste van sewe saligsprekinge in die boek Openbaring, wat almal in samehang met mekaar aanvaar moet word: “Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby” (1:3). “Salig is van nou af die dode wat in Christus sterwe. ... En hulle werke volg met hulle” (14:13). “Salig is hy wat waak en sy klere bewaar” (16:15). “Salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam” (19:9). “Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding (20:6). “Salig is hy wat die woorde van die profesie van hierdie boek bewaar” (22:7). “Salig is die wat sy gebooie doen [wat hulle klere was]” (22:14). Hierdie saligsprekinge plaas ’n verpligting op ons om aan hulle eise te voldoen as ons die seën daarvan wil verkry. Almal van hulle is op ons verhouding met Christus gerig, want hierdie laaste boek van die Bybel is “Die Openbaring van Jesus Christus” (Op. 1:1).

6. Die bevestiging van die ewige verderf

“Buite is die honde en die towenaars en die hoereerders en die moordenaars en die afgodedienaars en elkeen wat leuens liefhet en doen” (v. 15). Soos wat daar groot seën op die getroue dissipels van Christus wag, is daar ook groot oordele wat op die goddeloses wag. Hulle grootste sonde is dat hulle die Here Jesus as Verlosser verwerp het omdat hulle nooit die knie voor Hom gebuig het om hulle sonde teenoor Hom te bely en volle vergifnis, asook die ewige lewe, by Hom te verkry nie. Reeds van Ou-Testamentiese tye af word die oordeel wat op die sondaars wag, beskryf as “groot smaadheid, vir ewig afgryslik” (Dan. 12:2).

In Openbaring 20:5 word die tweede opstanding beskryf, wat sal lei tot die sondaars se oordeel voor die groot wit troon: “En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp” (Op. 20:15). Onder die verlorenes sal ook miljoene vormgodsdienstiges wees uit kerke wat net in naam Christelik was – hulle het slegs ’n uiterlike gedaante van godsaligheid gehad, sonder veranderde harte. Sulke mense sal tevergeefs op hulle kerklidmaatskap en “goeie lewe” aanspraak maak (Matt. 7:21-23) omdat dit, sonder wedergeboorte, niemand se siel kan red nie (vgl. Joh. 3:3). Ons moet in gebed die knie voor die Here Jesus buig, ons sonde en verlorenheid teenoor Hom bely en Hom as ons persoonlike Saligmaker aanneem – dan alleen sal ons die getuienis en vrede van die Heilige Gees in ons harte verkry dat ons kinders van God is (Rom. 8:16).

7. Jesus Christus is God én mens

“Ek is die wortel en die geslag van Dawid” (v. 16a). Ons moet Christus nie net as die biologiese Seun van Dawid sien nie – Hy is ook Dawid se Here wat van altyd af bestaan. Die ‘wortel’ van Dawid bevestig Jesus se Godheid – Hy is die oorsprong of Here van Dawid! Deur die ‘geslag’ van Dawid word sy mensheid aangedui – Hy is die Seun (of nageslag) van Dawid. Die Joodse leiers kon hierdie groot waarheid nie begryp nie, daarom het Jesus vir hulle gevra: “Wat dink julle van die Christus? Wie se seun is Hy? Hulle antwoord Hom: Dawid s’n. Hy sê vir hulle: Hoe is dit dan dat Dawid Hom in die gees Here noem? ... As Dawid Hom dan Here noem, hoe is Hy sy seun? En niemand kon Hom ’n woord antwoord nie” (Matt. 22:41-46). Hulle het nie besef dat die Seun van Josef en Maria ook die Seun van God en die Here van Dawid is nie.

Jesus Christus is die beloofde Messias wat in die huis van Dawid uit die stam van Juda gebore is, die saad van Abraham deur wie al die nasies geseën sou word (Gen. 22:18). Terselfdertyd is Hy egter die God van Abraham, Isak en Jakob, en het Hy vir die Joodse leiers gesê: “Voordat Abraham was, is Ek” (Joh. 8:58; Die NKJV stel dit nog duideliker: “... before Abraham was, I AM”). Paulus sê dat Christus na die vlees uit Israel gebore is, “Hy wat oor alles is, God, lofwaardig tot in ewigheid!” (Rom. 9:4-5). Hy is volmaak God én volmaak mens omdat Hy die Seun van God én die Seun van Dawid is. Die engel het vir Maria gesê: “Jy sal swanger word en ’n Seun baar, en moet Hom Jesus noem. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee” (Luk. 1:31-32).

8. Hy is die Blink Môrester

Die Here Jesus sê ook: “Ek is ... die blink môrester” (v. 16b). Hy is self die belofte van ’n helder nuwe dag wat oor hierdie donker wêreld gaan aanbreek. Petrus voeg hierby: “En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op ’n lamp wat in ’n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte” (2 Pet. 1:19). Die môrester is by uitstek die simbool van hoop – die verwagting van ’n nuwe dag wat weldra sal aanbreek. In Jesus Christus het ons ’n hoopvolle toekoms. Ons kan verby die spanning van die huidige lewe kyk na die strale van ’n helder nuwe dag wat met sy wederkoms oor hierdie donker wêreld sal aanbreek. Deur die tekens van sy koms kan ons ook in die ontwrigtende omstandighede van die huidige tyd sy naderende voetstappe herken.

Diegene sonder ’n Christelike toekomsverwagting is nie in staat om wêreldgebeure geestelik te vertolk nie, en word maklik deur al die slegte nuus en donker vooruitsigte tot wanhoop gedryf. As die Môrester in jou hart is, sal jy nie die slagoffer van donker gedagtes wees nie. Jy sal vir seker weet waarheen jy op pad is en jouself doelgerig hierop voorberei. Ons moet daarna streef om na gees, siel én liggaam onberispelik in heiligheid te wees by die wederkoms van onse Here Jesus Christus (1 Thess. 5:23-24).

9. Net die Seun van God bied aan ons die water van die lewe

“Die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet” (v. 17). Die Here Jesus is die enigste water van die lewe vir ’n geestelik sterwende wêreld, daarom het Hy gesê: “As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink ...” (Joh. 7:37). “Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet” (Op. 21:6). Hy het ook gesê: “Elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie” (Joh. 4:14).

Alle mense moet vir redding na die Here Jesus gelei word, want daar is geen moontlikheid vir redding buite Hom nie (Hand. 4:12). Die uitnodiging vir redding moet baie duidelik en oorredend gedoen word, want elke mens het ’n vrye wil en kan die aanbod van die hand wys as hy of sy nie duidelik verstaan waaroor dit gaan nie. Die Here dwing niemand nie, en het ook nie net sekere mense vir redding uitverkies nie, daarom sê Hy: “... laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet.” Mense wat nie van hierdie vriendelike en gratis aanbod gebruik maak nie, het ’n donker, gevaarlike en onbekende toekoms buite die Here.

In die eerste eeu het Christus vir die inwoners van Jerusalem gesê: “Ek wou julle bymekaarmaak ... en julle wou nie!” (Matt. 23:37). Benewens hulle voortgesette geestelike misleiding en onkunde, was die vernietiging van Jerusalem en die internasionale verstrooiing van die Jode die gevolg van hulle verwerping van die Messias. Hulle het ’n dooie, wettiese godsdiens sonder ’n Messias (’n geestelike droogte) bo die fontein van lewende water verkies.

Dit is steeds gebiedend noodsaaklik dat hierdie lewensbelangrike boodskap na almal op aarde moet uitgaan. ’n Oproep tot bekering gaan van die Gees en die bruid af uit. Die Heilige Gees spreek deur die Woord en ook deur die boodskappe, persoonlike gesprekke en geskrifte van alle ware gelowiges. Ons Christene wat lede van die bruidsgemeente van die Here Jesus is, is deur

die Heilige Gees bemagtig om die boodskap van redding aan alle mense op aarde te verkondig (Hand. 1:8). Die verantwoordelikheid rus op die hoorders om op hierdie boodskap te reageer, want dit is nie net in hulle eie geestelike belang nie, maar ook tot die eer van die Here om seker te maak dat hulle Christus se gelowige dissipels is en nie sy vyande nie.

10. ’n Waarskuwing teen die aantasting van God se Woord

Die heel laaste en baie ernstige waarskuwing wat in die Bybel opgeteken is, is teen die aantasting van die Bybel as God se Woord: “As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is. En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe” (v. 18-19). Die hele raad van God aan die mensdom is in die Bybel vervat (vgl. Hand. 20:27), en Openbaring was die laaste, letterlik-geïnspireerde, boodskap wat God aan almal op aarde gerig het.

Ons mag niks by wyse van buite-Bybelse boodskappe by God se Woord voeg nie, daarom is dit aanmatigend en totaal misleidend wanneer mense beweer dat die Here verdere boodskappe aan hulle gerig het deur middel van drome, visioene, vreemde tale, hoorbare stemme, die raadpleging van gestorwenes, of gesprekke met engele. Die Here het wel sommige van hierdie kommunikasiemetodes gebruik voordat die Bybel klaar geskryf was (vgl. Heb. 1:1), maar noudat ons ook die volle, Nuwe-Testamentiese openbaring van Jesus Christus het, mag ons niks daarby voeg nie.

Daar mag ook niks uit die Bybel weggelaat word deur bv. aspekte van die boodskap daarvan te ontken nie. Daar is baie mense wat nie die Here Jesus se maagdelike geboorte aanvaar nie, en ook nie sy Godheid, opstanding uit die dood, Hemelvaart, of sy fisiese wederkoms na die aarde aan die einde van die kerkdispensasie nie. Sulke mense ontken ook die letterlike vervulling van ander eindtydse profesieë soos die wegraping, die volle herstel van Israel as ’n Messiaanse volk, die opkoms van die Antichris na ’n posisie van wêreldleierskap, en die uitstorting van God se toorn gedurende die sewe jaar van die verdrukking. Hierdie gebeure word baie duidelik in die boek Openbaring beskryf, asook in ander profetiese boeke van die Bybel, maar word nie ernstig opgeneem deur die skeptici en agnostici nie.

Wat sal met mense gebeur wat hulleself aan die sonde van ongeloof skuldig maak, deur God se Woord te verwerp en gedurig na redes te soek waarom hulle nie in die Bybel hoef te glo nie? God se oordele sal oor hulle kom. Selfs al was hulle gered maar het dan later in ernstige dwalings verval, sal hulle name in die boek van die lewe uitgewis word. Sulke voormalige gelowiges verval heeltemal uit die genade, soos die Galásiërs wat die wet bo die kruisboodskap verkies en die twee probeer vermeng het (Gal. 5:4; Rom. 10:4), diegene onder die Hebreërs wat in ongeloof verval het omdat hulle na ’n lewe van sonde teruggekeer het wat in stryd met die geregtigheid van Christus was (Heb. 3:12), asook alle misleide gelowiges wat na valse voorstellings van die Woord van God luister en dan toelaat dat dit hulle geloof ondermyn en afbreek (1 Tim. 4:1).

As ons egter op die weg van die waarheid volhard en ons nie aan hierdie sondes skuldig maak nie, sal ons name nooit uitgewis word uit die boek van die lewe nie (Op. 3:5); maar dan moet daar ook van ons gesê kan word: “Jy het my Woord bewaar en my Naam nie verloën nie” (Op. 3:8). Die Bybel in die oorspronklike tale is die enigste betroubare bron van inligting oor God en die mens, asook die redding en heiliging van verlore mense. “Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus” (2 Tim. 3:16-17).

Verskillende vertalings van die Bybel moet versigtig bestudeer word, want baie van hulle het swakhede en foute in. Doen ’n vergelykende studie en gebruik verklarende woordeboeke. Let ook op die vertolking van die Woord in preke en Christelike boeke. Baie van die predikers en skrywers verdraai die Woord en wyk van die gesonde leer van die Bybel af sodat hulle ’n

boodskap kan verkondig wat sosiaal meer aanvaarbaar is (2 Tim. 4:3-4). Hulle is ook besig om by te voeg en weg te laat volgens hulle eie oordeel, en sal deur dieselfde Woord wat hulle verander en verdraai het, geoordeel word.

11. ’n Finale bevestiging dat Christus gou kom

“Ja, Ek kom gou” (v. 20). Dit is belangrik om te begryp dat alle Christene van alle tye ’n korttermyn wederkomsverwagting behoort te hê, sodat hulle altyd ’n ewigheidsperspektief op hulle lewe kan hê. Dit sal hulle help om hulle prioriteite reg te bepaal sodat hulle beter voorbereid kan wees op die ewige lewe. Sonder hierdie verwagting sal hulle swak gemotiveerd wees om werke te doen wat by die bekering pas, en daardeur ook geestelike rykdom in die Here op te bou (Luk. 12:21).

Neem verder in ag dat die Here dikwels binne die raamwerk van die groter prentjie van die menslike geskiedenis op aarde met ons praat. In hierdie verband is ’n duisend jaar soos ons dit ervaar, vir Hom soos ’n dag (vgl. 2 Pet. 3:8). Die heilsgeskiedenis van die mens sedert Adam verloop duidelik in ’n week van millennia waarin elke dag omtrent 1 000 jaar voorstel: twee dae van Adam tot by Abraham, twee dae van Abraham tot by Christus, twee dae van kerkgeskiedenis tussen Christus se eerste en tweede koms, gevolg deur die sewende dag van die vrederyk op aarde. Die kerkbedeling het vroeg op die vyfde dag van hierdie week begin en behoort vroeg in die sewende dag (enige tyd nou) afgesluit te word.

Volgens Hoséa 6:1-2 sou Israel vir twee dae (van omtrent 2 000 jaar) van die Here af verstrooid wees weens ongeloof, en dan op die derde dag (in die Messias se vrederyk) met Hom versoen wees en voor sy aangesig lewe in hulle land. Die hele oorblyfsel in Israel sal aan die einde van die komende verdrukking gered word (Jer. 30:7; 31:31-38; Eseg. 36:22-28; Sag. 12:10–13:1; Rom. 11:25-26). Die Here Jesus verwys ook na die “twee dae” van die kerkbedeling waartydens mense van Satansmag en geestelike kwale verlos sal word (Luk. 13:32), gevolg deur die derde dag wanneer Hy sy bestemming as Koning sal bereik.

12. Die versekering dat sy genade met ons sal wees

“Die genade van onse Here Jesus Christus sy met julle almal!” (v. 21). Ons moet die belofte in die geloof aanneem dat die Here Jesus in elke behoefte van ons wil voorsien na die rykdom van sy genade (Ef. 2:7; Fil. 4:19). Ons is egter nie nou in die vrederyk nie, en dus nie bestem om in hierdie bedeling soos konings in oorvloed te leef nie. Ons is bywoners en vreemdelinge in ’n wêreld wat in die mag van die Bose lê (1 Pet. 2:11; 1 Joh. 5:19), daarom moet ons vergenoeg wees as daar in ons basiese behoeftes voorsien word (1 Tim. 6:8). Enigiets meer as dit kom op gierigheid neer. Die behoeftes van alle mense is nie dieselfde nie, daarom moet ons nie ander se voorbeeld volg nie, maar in die lig van ons eie behoeftes vir genade en seëninge bid.

Hou vas aan die belofte dat die Here jou nie sal begewe of verlaat nie (Heb. 13:5), maar onthou ook dat daar ’n moontlikheid is dat jy dalk van Hom afvallig en vervreemd kan raak (Joh. 15:6; Op. 2:4-5). Waak teen afdwalinge en afvalligheid en streef daarna om ’n oorwinnaar te wees in die stryd van die lewe. As jy tot die Here nader, sal Hy tot jou nader (Jak. 4:8). Tree tot sy genadetroon toe in die gebed in jou binnekamer, dan sal jy ervaar dat Hy jou daar buite in die openbaar, tussen die sondaars, staande sal hou (Matt. 6:6).

Bid die Here Jesus se genade op jou hele lewe af, en ook op die lewens van ander vir wie jy intree. Glo dat sy genade onder alle omstandighede vir jou genoeg is, ook op ’n siekbed (2 Kor. 12:7-10). Selfs in ’n wêreld waarin die sonde en ongeregtigheid elke dag besig is om meer te word, is die Here se genade nog steeds meer oorvloedig as al die probleme en sal jy nooit nodig hê om voor die aanslag van sonde te swig nie (Rom. 5:20). Paulus sê: “Die genade sy met almal wat onse Here Jesus Christus in onverganklikheid liefhet!” (Ef. 6:24). Ons moet die Here Jesus nie net ter wille van ons tydelike en verganklike behoeftes liefhê nie, maar ter wille van die ewige behoeftes van ons onsterflike siele.

12. Die Wêreldwye Vervulling van Israel se Sewe Feeste

Skriflesing: Levitikus 23:4-5

Daar is wêreldwyd onder Christene 'n toenemende belangstelling in die vervulling van Israel se sewe groot feeste, en dit is die rede waarom duisende van hulle jaarliks die Christelike viering van die sewende fees, naamlik die Loofhuttefees, in Jerusalem bywoon. Baie mense ondersoek nou die dieper betekenis en profetiese toepassing van hierdie feeste en verkry só nuwe insig in Bybelse waarhede.

Die siklus van die sewe groot godsdienstige feeste wat volgens Levítikus 23 jaarliks deur Israel gevier word, werp spesifieke lig op die raadsplan van die Here vir die redding en geestelike toekoms van Israel en die nasies. Ons kan hierin die heilsweg volg wat by die kruis en die eerste reiniging van ons sonde begin, na die opstandingslewe en die vervulling met die Heilige Gees voortgaan, en daarna deur die lang pad van wêreldevangelisasie tot aan die einde van die kerkbedeling lei. Hierna vind die wegvoering van die ware kerk plaas, dan die verdelging van die goddelose koninkryke tydens die verdrukking van sewe jaar, gevolg deur die openbare koms van Christus en die vestiging op aarde van sy koninkryk van vrede en geregtigheid.

Die Here bevestig in sy Woord dat hierdie feeste nie menslik in oorsprong is nie, maar deur Homself ingestel is om sy plan vir die verlossing van die verlore mensdom bekend te maak. Met die oog op die toekomstige vervulling daarvan, moet die feeste jaarliks in die regte volgorde gevier word: "Dit is die feestye van die HERE … wat julle moet uitroep op hulle bepaalde tyd" (Lev. 23:4). Die sistematiese opeenvolging van die sewe feeste weerspieël 'n logiese en samehangende profetiese program.

Omdat hierdie feeste op 'n finale vervulling in die Messias dui, is hulle in hul oorspronklike vorm "'n skaduwee van toekomstige dinge; maar die liggaam [m.a.w. hulle profetiese substansie] behoort aan Christus" (Kol. 2:16-17). Al sewe is Christusfeeste wat in Hom konkrete gestalte verkry. Die feeste is in twee groepe verdeel – die eerste groep van vier is almal vervul tydens gebeure rondom Christus se eerste koms, tot en met die uitstorting van die Heilige Gees, terwyl die laaste drie op gebeure rondom sy wederkoms dui. Die lang tydsverloop tussen die twee groepe feeste dui profeties op die kerkbedeling tussen Jesus se eerste en tweede koms.

'n Baie belangrike aspek van hierdie feeste wat in ag geneem moet word, is dat hulle in hul oorspronklike, skaduagtige vorm, aan Israel gegee is om te onderhou sodat hulle op die koms van die Messias voorberei kon word. In die feeste se vervulde, Nuwe-Testamentiese vorm is hulle egter vir alle mense op aarde bedoel omdat hulle 'n bloudruk van God se verlossingsplan vir die hele mensdom bevat. Die oomblik toe die eerste van die sewe feeste vervul is, het die perspektief van Israel af na die hele wêreld verskuif. Daarom was die Here se opdrag aan sy dissipels dat alle mense daarvan moes kennis neem omdat God se verlossingsplan vir almal bedoel is – niemand word uitgesluit nie. Die sewe feeste en hulle toepassings is soos volg:

1. Die Pasga (Paasfees)

Die Pasga word in Nisan gevier, wat die eerste maand op Israel se godsdienstige kalender is. Dit is die lentemaand in die noordelike halfrond – dan is dit gewoonlik Maart op die Gregoriaanse kalender. Israel het 'n maankalender waarin elke maand met die nuwemaan begin. Benewens die godsdienstige kalender het hulle ook 'n siviele kalender wat ses maande later, tydens die herfsmaand op 1 Tisjri begin (meesal in September). Hulle noem daardie dag die *Rosh Hashanah,* of Nuwejaar. Op die godsdienstige kalender is Tisjri die sewende maand. Volgens Exodus 12:2 het die Here die orde van die maande op Israel se kalender tydens hulle uittog uit Egipte verander sodat Nisan die eerste maand geword het. Die lentemaand simboliseer die begin van 'n nuwe lewe van bevryding ná vier eeue van Egiptiese ballingskap en slawerny aan sonde. Israel het egter nie hulle siviele kalender wat op *Rosh Hashanah* begin laat vaar nie en gebruik vandag nog steeds albei kalenders.

Die eerste van die jaarlikse feeste begin met die volmaan in Nisan (twee weke ná die nuwemaan is dit altyd volmaan): “In die eerste maand, op die veertiende van die maand, teen die aand, is die Pasga van die Here” (Lev. 23:5). Met die instelling van die Pasga is die eerste formele riglyne gelê waarvolgens God se verlossingsplan vir die mens 1 500 jaar later sy finale vervulling met die kruisdood van Jesus Christus sou verkry. Moses het aan Israel gesê: “Julle moet ’n lam hê sonder gebrek, ’n jaaroud rammetjie. … En julle moet dit in bewaring hou tot die veertiende dag van hierdie maand; en die hele vergadering van die gemeente van Israel moet dit slag teen die aand. En hulle moet van die bloed neem en dit stryk aan die twee deurposte en aan die bodrumpel. … Want Ek sal in hierdie nag deur Egipteland trek en al die eersgeborenes in Egipteland tref. … Maar die bloed sal vir julle ’n teken wees … as Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan. En daar sal geen verderflike plaag onder julle wees nie” (Ex. 12:5-7,12-13).

Die sewe feeste begin by die slag van ’n lam. Die vervulling van die Pasga was tydens die kruisiging van die vlekkelose Lam van God wat in die volheid van die tyd mens geword het om vir ons sy lewe af te lê. Petrus het na die groot offer van die Lam verwys toe hy gesê het: “…julle weet dat julle nie deur ... silwer of goud losgekoop is uit julle ydele lewenswandel ... nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van ’n lam sonder gebrek en vlekkeloos” (1 Pet. 1:18-19). Paulus voeg hierby: “In Hom het ons die verlossing deur sy bloed” (Ef. 1:7).

Jesus is op Vrydag die 14de Nisan (11 April 32) gekruisig, op die dag van die Pasgaviering van daardie jaar. Hy het op die negende uur (3 nm.) die asem uitgeblaas (Mark. 15:34-37), op presies dieselfde uur toe die lam tydens die eerste Pasga in Egipte geslag is. Pilatus was verwonderd dat Jesus so gou gesterf het, en het toestemming vir sy begrafnis verleen (Mark. 15:42-45). Dit is nog voor die Vrydagaand 6-uur afgehandel toe die Sabbat sou begin en niemand dan begrawe mag word nie (Luk. 23:52-54; Joh. 19:31). Volgens die Jode se stelsel van inklusiewe tydsberekening word ’n gedeelte van ’n dag ook as ’n volle dag beskou, daarom hoef daar nie 72 uur te verloop tussen Christus se kruisiging op ’n Vrydagmiddag en sy opstanding vroeg op die Sondagoggend nie.

Van die oomblik af dat Christus die losprys vir ons sonde betaal het, is die vervulling van die sewe feeste direk ter sake vir alle mense op aarde. Johannes die Doper het nog voor Jesus se kruisiging na Hom gewys en gesê: “Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!” (Joh. 1:29). Hy sou nie net vir Israel se sonde sterf nie, maar ook vir dié van die hele wêreld. Ná sy soendood sou Hy Homself verder deur die oorblywende ses feeste openbaar.

2. Die Fees van die Ongesuurde Brode

Die tweede fees volg sonder onderbreking op die eerste een en is ’n direkte uitvloeisel daarvan: “… en op die vyftiende dag van hierdie maand is die fees van die ongesuurde brode van die HERE; sewe dae lank moet julle ongesuurde brode eet” (Lev. 23:6).

Volgens Johannes 19:31 was die Sabbat wat direk op Christus se kruisiging gevolg het, ’n groot dag. Die rede hiervoor was dat dit tegelyk die weeklikse Sabbat en die belangrike eerste dag van die Fees van die Ongesuurde Brode was. Vir die ortodokse Jode is die betekenis van hierdie fees in selfondersoek en verootmoediging geleë. Suurdeeg is ’n beeld van sonde, daarom simboliseer die eet van ongesuurde brood die nastreef van ’n heilige lewe. Tydens die volle duur van die fees moes suurdeeg, en selfs ook krummels van gesuurde brood, uit hulle huise verwyder en seremonieel verbrand word (Ex. 12:15). Daar word ook van die Messias se volgelinge verwag om hulleself geestelik te reinig van die suurdeeg van sonde.

Ons moet onsself só met Christus as die ongesuurde brood van die lewe vereenselwig dat ons alle suurdeeg van sonde sal aflê. Paulus sê: “Weet julle nie dat ’n bietjie suurdeeg die hele deeg suur maak nie? Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle ’n nuwe deeg kan wees – soos julle inderdaad ongesuurd is – want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus. Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die ongesuurde brode van reinheid en waarheid” (1 Kor. 5:6-8).

Soos die Jode van ouds hulle huise op hul knieë in kerslig deursoek het om elke krummel brood wat met suurdeeg gebak is, uit te werp, moet ons ook op ons knieë in die lig van God se Woord ons lewens deursoek en van alle ondeug en boosheid afstand doen. Sonde moet bely en laat staan word (Spr. 28:13). Selfondersoek en hertoewyding aan die Here moet gereelde aktiwiteite in ons geestelike lewe wees. Dawid het gebid: “Deurgrond my, o God, en ken my hart; toets my en ken my gedagtes; en kyk of daar by my ’n weg is van smart, en lei my op die ewige weg!” (Ps. 139:23-24). ’n Weg van smarte dui op sonde in ’n persoon se lewe.

3. Die Fees van die Eerstelinge

Die verdere feeste is almal aan verskillende stadiums van die jaarlikse insameling van die oes in Israel gekoppel, en telkens word daar ’n diep geestelike toepassing daarvan gemaak. Die derde fees staan as die Fees van die Eerstelinge bekend: “Spreek met die kinders van Israel en sê aan hulle: As julle in die land kom wat Ek julle gee en sy opbrings oes, moet julle die eerstelingsgerf van julle oes na die priester bring. En hy moet die gerf voor die aangesig van die HERE beweeg, sodat julle welgevallig kan wees; die dag ná die Sabbat moet die priester dit beweeg” (Lev. 23:10-11).

Israel is ’n winterreënvalgebied en gedurende die lente word die eerstelingsgerf van die gars as ’n beweegoffer voor die Here gebring. Dit moes uitdruklik op ’n Sondag geskied (die dag ná die Sabbat), en sou ook die besonder gewigtige betekenis hê om die volk vir God welgevallig te maak. Met hierdie fees is dus iets veel meer op die spel as net die jaarlikse insameling van die oes, want iets belangrik moes gebeur wat die volk geestelik aanneemlik maak vir God.

Omdat die Pasga ook in die lentemaand gevier word, is die Fees van die Eerstelinge in sy tydsbepaling én betekenis baie nou aan die Pasga verbonde. Tydens die uittog uit Egipte was die gars, wat effens vroeër as die koring ryp word, reeds in die aar (Ex. 9:31). In die lentemaand is Israel uit Egipte bevry en het aan die begin van ’n nuwe lewe gestaan. ’n Ontmoeting met die Lam van God wat ons sondes wegneem, is ook vir ons die begin van ’n nuwe lewe in die Here. Ons moet aan sy dood én opstanding gelykvormig word (Rom. 6:5).

In die jaar toe Jesus gekruisig is, is die beweegoffer van die eerstelingsgerf op die Sondagoggend gebring toe Hy uit die graf opgestaan het. Dit was die dag ná die Sabbat, m.a.w. die eerste dag van die week: “… nadat Hy opgestaan het, vroeg op die eerste dag van die week, het Hy eers verskyn aan Maria Magdalena” (Mark. 16:9).

Die koringkorrel wat in die grond geval en gesterf het, het op hierdie Sondagoggend sy eerste vrug opgelewer. Dit het die oesseisoen ingelui en die hele oes wat daarna ingesamel sou word, geheilig. Net Jesus alleen kon die eerstelingsgerf wees wat aan God geoffer is om die hele oes wat in sy Naam ingesamel word, te heilig en vir God welgevallig te maak. Hy is die eersteling wat uit die dood opgestaan het, en het dit sodoende vir baie mense moontlik gemaak om uit die dood van die ou lewe op te staan en deel van die groot oes vir die koninkryk van die hemel te word.

Dit is belangrik om te let op die bepaling dat hierdie fees spesifiek op ’n Sondag gevier moes word. Dit verteenwoordig profeties ’n oorgang van die ou verbond na die nuwe verbond. Sondag is die eerste dag van ’n nuwe week, of dispensasie, in God se raadsplan vir die mens. In hierdie bedeling word die opstanding van Jesus spontaan elke week op Sondae as die dag van die Here gevier. Die fees van die eerstelingsgerf in Levítikus 23 is die vroegste aanduiding in die Ou Testament van ’n toekomstige Sondagviering as ’n Christusfees. Op dié dag verkondig ons die boodskap: Hy het opgestaan, Hy leef! Die Here Jesus self het op die Sondag van sy opstanding die eerste byeenkoms van die nuwe bedeling toegespreek, asook ’n week later, weer op ’n Sondag, die tweede een (Joh. 20:19-29). Daarna het die dissipels spontaan op Sondae bymekaargekom (vgl. Hand. 20:7 en 1 Kor. 16:1-2), terwyl die uitstorting van die Heilige Gees as die geestelike toerusting vir wêreldevangelisasie, ook op ’n Sondag plaasgevind het. Die tradisie van Sondagaanbidding het dus sy oorsprong in die Paas- en Pinkstergebeure in die eerste eeu.

4. Die Pinksterfees

Die Pinksterfees staan ook as die Fees van die Weke bekend omdat dit presies sewe weke ná die Fees van die Eerstelinge gevier word: “Dan moet julle tel van die dag ná die Sabbat, van die dag af as julle die beweegoffergerf bring – sewe volle weke moet dit wees; tot die dag ná die sewende Sabbat moet julle vyftig dae tel; dan moet julle ’n nuwe spysoffer aan die HERE bring” (Lev. 23:15-16).

Dit is betekenisvol dat hierdie fees ook op ’n Sondag gevier word – die dag ná die sewende Sabbat. Daar is vyftig dae in hierdie sewe weke. Volgens die gebruik van inklusiewe berekening is daar agt Sondae omdat beide die eerste en die laaste Sondag as volle dae getel word. Die fees van die vyftigste dag word die Pinksterfees genoem, afgelei van die Griekse woord “pentecoste” wat “vyftigste” beteken.

Op hierdie dag herdenk die Jode die formele begin van die bedeling van die wet. Hulle glo dat die bevryde Israeliete op die 50ste dag ná die viering van die Pasga en hulle uittog uit Egipte by die berg Sinai was waar Moses die tien gebooie ontvang het (Ex. 19:1-3). Dit was vir só ’n ortodokse Pinksterfees dat Jode uit verskillende lande in Jerusalem bymekaar was op daardie besondere Sondagoggend toe die Heilige Gees uitgestort is, soos in Handelinge 2 beskryf.

Die Christelike Pinksterfees is dus vervul op die dag waarop die Ou-Testamentiese Pinksterfees gevier is. Die 50 dae tussen die beweegoffer van die eerstelingsgerf en die Pinksterfees het aan die begin van die Nuwe Testament tussen die opstanding van Jesus en die uitstorting van die Heilige Gees verloop. Ná die Sondag van Jesus se opstanding het 40 dae tot by sy Hemelvaart verloop (Hand. 1:2-3), en ’n verdere tien dae tot by die uitstorting van die Heilige Gees. Ná die Donderdag van die Hemelvaart het die dissipels hulleself tien dae lank in die bovertrek verootmoedig en gebid om die belofte van die Heilige Gees te ontvang. Op die dag ná die sewende Sabbat sedert Paasnaweek is die Heilige Gees oor hulle uitgestort.

Die ortodokse Jode wat vir hulle Pinksterfees van die wet byeen was, het glad nie gemerk dat die wet oorgegaan het in die genade en dat die bedeling van die kerk onder alle nasies op daardie dag begin het nie. Hulle was geestelik verblind omdat hulle nie vir Jesus as die beloofde Messias en Lam van God wou aanvaar nie; daarom het hulle aan die skaduagtige Ou-Testamentiese feeste bly vashou en dit voortgesit tot vandag toe. Dit is net die Messiaanse Jode, asook Christene uit alle nasies, wat die vervulde Christusfeeste vier.

Wanneer die vervulling van die Pasga deur die kruisdood van Jesus nie erken word nie, bly die verlossingsplan van die Here vir die betrokke persoon ’n verborgenheid. Sulke mense gaan voort om die skaduagtige gebruike van die Ou Testament voort te sit, insluitend die viering van die weeklikse Sabbat op die sewende dag. ’n Christen mag geen deel hê aan hierdie onvervulde feeste wat net van waarde was in die tyd voor die koms van Christus nie. Almal wat die vervulling van die eerste vier feeste ontken, verloën by implikasie ook regstreeks die Messias wat dit vervul het.

Gelowiges het egter ter wille van die bevestiging en versterking van hulle geloof alle rede om die belangrike gebeurtenisse wat tydens Jesus se eerste koms plaasgevind het, te herdenk. Ons vier so dikwels as wat ons wil Nagmaal, maar veral ook tydens Paasnaweek, om die soendood en opstanding van die Lam van God in herinnering te roep. Hiermee saam gaan ook die selfondersoek en hertoewyding wat kenmerkend van die Fees van Ongesuurde Brode is (1 Kor. 5:6-8). Ons moet ten volle met Jesus Christus as die brood van die lewe identifiseer sodat ons sy heiligheid deelagtig kan word.

Die feit dat die Pinksterfees deur ’n aftelling van 50 dae aan die Paasfees gekoppel is, is ’n aanduiding dat dit wesenlik deel daarvan is. Dit staan in verband met die geestelike toerusting wat Christene nodig gehad het, en nog steeds nodig het, om getuies vir Jesus te kan wees wat geroep is om die wêreld te evangeliseer: “En Hy sê vir hulle: So is dit geskrywe, en so moes die

Christus ly en op die derde dag uit die dode opstaan, en bekering en vergewing van sondes in sy Naam verkondig word aan al die nasies, van Jerusalem af en verder. En julle is getuies van hierdie dinge. En kyk, Ek stuur die belofte van my Vader op julle. Maar julle moet in die stad Jerusalem bly totdat julle toegerus is met krag uit die hoogte" (Luk. 24:46-49).

Die dissipels het hulleself inderdaad vir tien dae lank in Jerusalem verootmoedig voordat hulle met die Heilige Gees vervul is. Toe eers het hulle die krag ontvang om getuies vir Jesus te kon wees. Hy het net voor sy Hemelvaart gesê: "Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde" (Hand. 1:8).

Op die dag toe die Heilige Gees uitgestort is, het die dissipels in 'n aantal bekende tale gepraat wat deur hoorders uit vyftien verskillende lande of volke verstaan is, hoewel die dissipels self nie al dié tale en dialekte geken het nie (Hand. 2:6-12). Dit was duidelik 'n transisionele gawe tydens die oorskakeling van 'n Israelgeoriënteerde evangelie na 'n evangelieboodskap wat op die geestelike behoeftes van alle volke en tale op aarde ingestel is. Die vervulling van die sewe feeste het ten nouste met die redding van alle mense te doen, daarom moet almal in hulle eie taal oor die hele raad van God vir die redding van 'n verlore mensdom ingelig word.

Die insameling van die oes

Ná die Pinksterfees volg daar 'n onderbreking van vier maande waarin die oes ingesamel word. Aan die einde hiervan, in die sewende maand op Israel se godsdienstige kalender, word die oorblywende drie feeste kort ná mekaar gevier. Die lang periode tussen die twee groepe feeste dui profeties op die bedeling van die kerk, waartydens 'n oes vir die koninkryk van die hemele ingesamel word. Dit is 'n tyd waarin volgehoue arbeid in die oeslande verrig moes word sodat die opgelegde taak binne die toegelate genadetyd afgehandel kon word. Jesus het sy dissipels só tot aksie aangespoor: "Sê julle nie: Dit is nog vier maande dan kom die oes nie? Kyk, Ek sê vir julle, slaan julle oë op en aanskou die lande dat hulle al wit is vir die oes" (Joh. 4:35).

Jesus het vir agnostiese Jode gesê wat Hom tydens sy eerste koms verwerp het: "Julle sal My van nou af sekerlik nie sien nie totdat julle sal sê: Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!" (Matt. 23:39). Die voegwoord "totdat" beteken "tot op die oomblik dat ...", en impliseer dus baie duidelik 'n einde aan die lang tydperk van Israel se nasionale ongeloof. Wanneer Christus terugkom, sal Hy sy voete op die Olyfberg in Jerusalem sit (Sag. 14:4-5), en dit veronderstel dat die Bybelse inwoners van Jerusalem (die Jode) terug moet wees in hulle land. Tydens hierdie tweede ontmoeting sal hulle Hom nie weer verwerp nie, maar ten volle aanvaar. Hulle sal opsien na Hom vir wie hulle deurboor het, en bitterlik oor Hom ween (Sag. 12:10). Die hele oorblyfsel van Israel sal dan met Hom versoen word.

Die Here Jesus het weer die woord "totdat" gebruik toe Hy vir die Joodse volksleiers gesê het: "Jerusalem sal vertrap word deur die nasies totdat die tye van die nasies vervul is" (Luk. 21:24). Wanneer Hy aan die einde van die verdrukking, ná die bedeling van wêreldevangelisasie, op die Olyfberg neerdaal, sal die herstel van Israel en Jerusalem 'n finale stadium bereik. Hy sal deur die Kidronvallei en die Oospoort wat steeds toegebou is, na die Tempelberg – wat tans onder die beheer van Moslems is – opgaan en die vervalle koninkryk van Dawid weer oprig (Luk. 1:32; Hand. 15:16-17). Dan sal die vertrapping van Jerusalem finaal beëindig word.

Paulus het ook na Israel se lang tyd van geestelike verharding verwys, en aangetoon dat dit met die bedeling van wêreldevangelisasie sou saamval, waarna Israel as volk gered sal word: "... die verharding het ten dele oor Israel gekom totdat die volheid van die heidene [dit is die nie-Joodse volke] ingegaan het; en so sal die hele Israel gered word, soos geskrywe is: Die Verlosser sal uit Sion kom en die goddelooshede van Jakob afwend" (Rom. 11:25-26). Israel se progressiewe eindtydse herstel is vir ons 'n vaste aanduiding dat die tye van die nasies, m.a.w. die tyd van wêreldevangelisasie, na sy einde spoed. Daarna sal die laaste drie feeste vervul word, waarna die koninkryk van God as 'n sigbare werklikheid op aarde gevestig sal word.

5. Die Fees van Basuingeklank

Die sewende maand (gewoonlik in September) is die einde van die oesseisoen en dit word ingelui deur ’n heilige dag van basuingeklank: “Spreek met die kinders van Israel en sê: In die sewende maand, op die eerste van die maand, moet dit vir julle ’n rusdag wees, ’n gedenkdag deur basuingeklank, ’n heilige vierdag” (Lev. 23:24). Die ortodokse Jode blaas op hierdie dag, asook op die 2de Tisjri, op verskillende tye van die dag die ramshoring (*shofar*) in hulle sinagoges. Op die tweede dag, teen die aand, blaas die laaste basuin om die finale insameling van die oes aan te kondig. Dit is nie die laaste van alle basuine nie, maar die laaste basuin van die oesfees.

Die fees van die basuine sal vervul word wanneer Jesus Christus die hemelse oes onder alle nasies insamel. Paulus sê: “Want die Here self sal van die hemel neerdaal met ’n geroep, met die stem van ’n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees” (1 Thess. 4:16-17).

In Israel se feesprogram volg daar ná die 1ste en 2de Tisjri die sogenaamde “sewe verskriklike dae” waarin gelowige Jode hulleself verootmoedig, vas, hulle sondes bely en goed aan andere doen sodat hulle die guns van die Here kan wen. Dit word gedoen as voorbereiding vir die Groot Versoendag wat op die 10de van Tisjri gevier word, sodat die Here hulle moet seën en nie verwerp en veroordeel nie.

Hierdie sewe dae dui profeties op die sewe jaar van die verdrukking, wat Daniël se 70ste jaarweek sal wees (Dan. 9:27). In tye van groot benoudheid sal Israel en die nasies óf die ware Messias soek en aanneem, óf tot hulle eie ondergang ’n verbond met die valse messias sluit.

6. Die Groot Versoendag

Die Groot Versoendag (*Yom Kippur*) is die belangrikste godsdienstige feesdag in Israel, en dit was tradisioneel die enigste dag van die jaar waarop die hoëpriester die Allerheiligste agter die voorhangsel kon binnegaan om versoening vir die volk se sondes te doen: “Op die tiende van hierdie sewende maand is dit die versoendag. ’n Heilige vierdag moet dit vir julle wees; dan moet julle jul verootmoedig en aan die Here ’n vuuroffer bring” (Lev. 23:27).

Hierdie fees sal profeties vervul word wanneer die Messias met sy wederkoms sy voet op die Olyfberg sit en elke oog Hom sal sien, ook hulle wat Hom deursteek het. Op daardie dag sal Hy met Israel as volk versoen word. Dan sal daar volgens Daniël 9:24 ewige geregtigheid vir Israel aanbreek, en dit sal ook in die heerlikheid van die ten volle herstelde Jerusalem gesien kan word. Op hierdie baie dramatiese dag ná die groot verdrukking sal daar ook ’n oorblyfsel van die nasies met Christus versoen word. Volgens Matthéüs 24:29-30 en Openbaring 1:7 sal al die stamme van die aarde rou bedryf oor hulle sonde wanneer hulle die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel.

Vir ons as Christene is die kruisiging die Groot Versoendag, maar talle ongereddes in Israel en die nasies sal eers tydens Jesus se wederkoms sy soenoffer aanvaar en ween oor hulle sonde. Hulle grootste sonde sal wees dat hulle Hom as Verlosser van die wêreld verwerp het.

7. Die Loofhuttefees

“Op die vyftiende dag van hierdie sewende maand is dit sewe dae lank die huttefees vir die Here. … Sewe dae lank moet julle in hutte woon; almal wat in Israel gebore is moet in hutte woon, sodat julle geslagte kan weet dat Ek die kinders van Israel in hutte laat woon het toe Ek hulle uit Egipteland uitgelei het. Ek is die HERE julle God” (Lev. 23:34, 42-43).

Hierdie is ’n vreugdefees wat ná die finale insameling van die oes gevier word om die Here vir al sy weldade van daardie betrokke jaar te bedank, insluitend die oes wat ingebring is. Tweedens

het dié fees ’n terugwaartse verwysing na die uittog uit Egipte toe die kinders van Israel in hutte in die woestyn gebly het. Ter herinnering hieraan slaap baie mense nou ook tydens die fees in hutte of onder takskerms in hulle tuine en dank die Here dat Hy hulle voorvaders veilig deur die gevaarlike woestyn gelei en na die Beloofde Land gebring het. Derdens het die fees ’n toekomsgerigtheid deurdat dit duidelik met die koms van die Messias verbind word. Dan sal die oes onder Israel en die nasies ingesamel wees en die Messias op aarde uit Jerusalem regeer.

Met die koms van Christus sal die Loofhuttefees in volle vervulling gaan. Dan sal ons saam die Here loof vir ons verlossing uit die slawerny van sonde, en ook omdat Hy ons in moeilike tye in ons pelgrimsreis op aarde deurgedra het totdat ons ons ewige tuiste bereik het. Daar sal eer en danksegging aan Hom gebring word vir die groot oes van gelowiges wat ingesamel is. Hierdie fees sal dus ook ’n wêreldwye vervulling hê.

Persoonlike belewenis

Wat is jou persoonlike belewenis van hierdie Christusfeeste? Elke geredde mens se geestelike pelgrimsreis begin by die Lam wat vir ons geoffer is, m.a.w. by die kruis van Jesus waar die straf vir ons sonde betaal is. Ná die belydenis en aflegging van ons sondes, staan ons saam met Christus in ’n nuwe lewe op. Hierna gaan ons voort om deur verootmoediging en ’n volle oorgawe op die vervulling met die Heilige Gees te wag. Die toerusting met krag uit die hoogte stel ons in staat om getuies vir Jesus te wees en betrokke te raak by die insameling van die oes vir die koninkryk van die hemele. Hiermee wil die Here ons besig vind wanneer die basuin vir die ontmoeting met Hom weldra sal blaas.

Diegene wat agterbly wanneer die Here sy kinders kom haal, sal die grootste verdrukking van alle tye onder die tirannie van die Antichris in die gesig staar. Wanneer die heiliges ná sewe jaar saam met Christus terugkeer aarde toe, word die Antichris se ryk by die slag van Armagéddon verdelg en die Messiasryk op aarde gevestig. Om in die finale triomf van die Here Jesus te deel, moet ons die hele pad saam met Hom loop en ook ondervind wat dit is om deur die wêreld verdruk en verwerp te word. Dit is slegs as ons saam met Hom ly, dat ons ook saam met Hom verheerlik sal word en skynende ligte in sy koninkryk sal wees (Rom. 8:17; Fil. 1:28-29; 2 Thess. 1:5; 2 Tim. 2:12; 1 Pet. 5:10).

In Egipte was daar slegs redding vir diegene wat onder die bloed van die lam geskuil het. Hulle het met ’n reis begin wat ná baie toetse en beproewings uiteindelik na die Land van Belofte gelei het. Is jy ook op hierdie reis, en maak jy vordering in jou geestelike lewe? Die jaarlikse feeste, as uitdrukkings van ons geloof in Christus, is bedoel om tye van verkwikking voor die aangesig van die Here te wees (Hand. 3:19). Dit versterk jou visie en toewyding, en jy word opnuut met krag uit die hoogte toegerus om jou roeping as Christen in ’n bose wêreld te kan vervul.

Vir meer besonderhede oor die sewe feeste, lees die skrywer se boek oor hierdie onderwerp: http://www.bibleguidance.co.za/Afrboeke/Sewe%20Feeste/FeestevanIsrael.pdf

13. Die Groot Betekenis van Jerusalem

Skriflesing: Jesaja 2:2-4; Jeremia 3:17; Sagaria 8:22-23.

Die Here verwag van Christene om begrip te hê vir die stryd waarin Israel verkeer, en ook vir die geestelike blindheid waardeur hulle steeds geteister word. Terwyl ons aanhou om Jesus as die enigste Verlosser van Israel én die hele wêreld te verkondig, moet ons ook aan die toekoms dink en bid vir die verdere vervulling van God se raadsplan vir Israel én die belangrike rol wat hulle hoofstad, Jerusalem, in die komende Messiasryk sal vervul:

"Bid om die vrede van Jerusalem; mag hulle wat jou liefhet, rustig lewe" (Ps. 122:6). As ons Jerusalem liefhet, is dit 'n aanduiding dat ons groot waardering het vir al die openbarings van God in Jerusalem, veral die Messias wat daar gekruisig is, opgestaan het uit die dood en na die hemel opgevaar het.

Ons moet egter ook toekomsgerig aan Jerusalem dink en bid dat God sy wonderlike beloftes oor hierdie stad sal vervul, want dan alleen sal daar ware vrede op aarde wees: "O Jerusalem, Ek het wagte op jou mure uitgesit wat gedurigdeur die hele dag en die hele nag nie sal swyg nie. o Julle wat die Here herinner aan sy beloftes – moenie rus nie en laat Hom nie met rus nie, totdat Hy Jerusalem bevestig en maak tot 'n lof op aarde! (Jes. 62:6-7). Waarom word daar net een stad in die hele wêreld uitgesonder waarvoor Christene van alle tye ernstig moet bid, totdat die heerlikheid van die Here op dié stad neerdaal sodat almal, van alle eindes van die aarde af, dit sal kan sien en in die vreugde van Jerusalem kan deel?

Die feit dat Jerusalem vir hierdie eer uitgesonder word, vereis van alle Christene om ten volle bewus te wees van die diep geestelike betekenis van hierdie stad, want dit alleen verklaar die feit waarom Jerusalem veral in die eindtyd op die voorpunt staan van die stryd tussen lig en duisternis. Sonder hierdie kennis kan ons nie sinvol vir Jerusalem bid nie, kan ons nie Jerusalem se vyande duidelik genoeg waarsku nie, en sal ons ook nie genoegsame profetiese insig hê in die wonderlike toekoms van die stad van die Groot Koning nie!

Volgens die Bybel gaan Jerusalem deur die volgende tien stadiums totdat die Here se finale doel daarmee bereik sal wees. Ons is tans in die vyfde fase van hierdie merkwaardige stad se heilsgeskiedenis, en die Here verwag van ons om waardige ondersteuners van Jerusalem te wees en die geestelike belange van hierdie stad en sy inwoners altyd op die hart te dra.

1. Die stad wat God gekies het om Homself daarin te openbaar

Jerusalem se heilsgeskiedenis het begin toe die Here 'n besluit geneem het om sy Naam vir altyd aan dié stad te verbind. Nadat Salomo die eerste tempel in Jerusalem gebou het, het die Here gesê: "Ek het hierdie huis wat jy gebou het, geheilig deur my Naam daar te vestig tot in ewigheid" (1 Kon. 9:3). Jerusalem is deur God genoem: "Die stad wat Ek vir My verkies het om my Naam daar te vestig" (1 Kon. 11:36).

God se Naam is vir ewig aan Jerusalem verbonde. Min het Israel besef watter groot en wonderlike openbarings die Here in toekomstige eeue in Jerusalem sou doen. Die verskeie lang onderbrekings in die uitvoering van hierdie plan was te wyte aan Israel se ongeloof, maar nooit het die Here van sy aanvanklike voorneme met betrekking tot Jerusalem afgesien nie, en Hy sal dit ook nooit doen nie. In die Ou Testament het Hy Homself dikwels deur middel van die tempeldiens in Jerusalem aan die volk geopenbaar, maar dit het nie tot 'n blywende hartsverandering by hulle gelei nie.

2. Die stad van Christus se openbarings aan die mensdom

Die grootste openbaring van God aan Israel – en die hele mensdom – het plaasgevind tydens die koms van sy Seun, Jesus, na die aarde. In 'n Messiaanse profesie in Jesaja 49 het God van Jesus gesê: "Dit is te gering dat U my Kneg sou wees om op te rig die stamme van Jakob en terug te bring die gespaardes in Israel: Ek het U gemaak tot 'n lig van die nasies, om my heil te

wees tot aan die einde van die aarde" (Jes. 49:6). Johannes die Doper het na Hom gewys en gesê: "Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!" (Joh. 1:29).

God het Homself deur sy Seun aan Jerusalem se inwoners openbaar, maar hulle het dit ten spyte van talle duidelike Messiaanse profesieë nie raakgesien nie, en Hom verwerp. Jesus is in 'n proses van beplande verraad gevange geneem, in die stad verhoor en onskuldig veroordeel. Die Here Jesus is net buite Jerusalem by Gólgota, in die steengroewe van Salomo, gekruisig. Hier is die groot soenoffer vir die sondes van 'n verlore mensdom aan God betaal. Vir ewig sal Gólgota uitstaan as die uitdrukking van God se neerbuigende liefde en vergewensgesindheid, en as die enigste poort tot die ewige lewe. Daar is geen ander naam onder die hemel gegee waardeur mense gered kan word nie – net Jesus Christus en Hom as die gekruisigde.

Jesus is net buite die stadsgebied van Jerusalem begrawe en het drie dae later uit die dood opgestaan. Op die Sondag van sy opstanding het Hy die eerste preek van die Christelike bedeling in Jerusalem aan sy dissipels gelewer, en 'n week later die tweede een (Joh. 20:19-29). Veertig dae ná sy opstanding het Jesus van die Olyfberg af na die hemel opgevaar. Nét voor dit het Hy die opdrag van wêreldevangelisasie aan sy dissipels gegee. Dit sou egter eers gebeur nadat nóg 'n belangrike heilsgebeurtenis in Jerusalem plaasgevind het.

3. Die stad waar die Heilige Gees se wêreldwye werk begin het

Die Christelike kerk het sy ontstaan in Jerusalem gehad, waar die Heilige Gees op Pinksterdag oor 120 getroue dissipels uitgestort is. Hulle het 'n duidelike opdrag gekry om hiervoor te wag, want sonder die krag van die Heilige Gees sou hulle nie in 'n vyandige wêreld getuies vir die verwerpte Christus kon wees nie:

"En Hy sê vir hulle: So is dit geskrywe, en so moes die Christus ly en op die derde dag uit die dode opstaan, en bekering en vergewing van sondes in sy Naam verkondig word aan al die nasies, van Jerusalem af en verder. En julle is getuies van hierdie dinge. En kyk, Ek stuur die belofte van my Vader op julle. Maar julle moet in die stad Jerusalem bly totdat julle toegerus is met krag uit die hoogte" (Luk. 24:46-49).

Dit was die belofte van die Heilige Gees: "Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde" (Hand. 1:8). Op Pinksterdag, toe die Heilige Gees oor die dissipels uitgestort is, het die groot taak van wêreldevangelisasie begin. Op daardie dag is drieduisend siele gered en het die kerk van Christus sy geboorte in Jerusalem gehad. Daarvandaan sou die boodskap in die hele wêreld verkondig word.

4. Die vertrapte stad tydens Israel se ongeloof en die wêreldwye sendingopdrag

Waarom was Jerusalem regdeur die Nuwe-Testamentiese bedeling 'n vertrapte stad, en in hierdie betreurenswaardige toestand baie ver daarvandaan om aan sy roeping te beantwoord as die stad wat God verkies het? Omdat Israel nie hulle Messias aangeneem het nie, en dus nie hulle roeping as God se volk kon vervul om vanuit Jerusalem die boodskap van die Messias se reddende genade na die wêreld uit te dra nie. Die Here Jesus het Jerusalem en sy inwoners geoordeel weens hulle ongeloof:

"Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en stenig dié wat na jou gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak net soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak, en julle wou nie! Kyk, julle huis word vir julle woes gelaat! Want Ek sê vir julle: Julle sal My van nou af sekerlik nie sien nie totdat julle sal sê: Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!" (Matt. 23:37-39). Op 'n vraag oor hierdie profesie het die Here Jesus gesê dat daar in Jerusalem nie een klip op die ander gelaat sou word wat nie afgebreek sou word nie (Matt. 24:2).

Israel is uit hulle stad verdryf en die bedeling van wêreldevangelisasie het begin – 'n taak wat hoofsaaklik deur nie-Joodse Christene uitgevoer word. Die Here Jesus het in sy profetiese rede

gesê: “Jerusalem sal vertrap word deur die nasies totdat die tye van die nasies vervul is” (Luk. 21:24). Uit die formulering van hierdie stelling kan ons bo enige twyfel aflei dat die Here se plan met Israel en Jerusalem nie gekanselleer is nie, want Jerusalem sou net vertrap word *totdat* die tye van die nasies vervul is. Die tye van die nasies dui op die tyd van wêreldevangelisasie. Aan die einde van die kerkbedeling móét Israel en Jerusalem dus herstel word om hulle belangrike toekomstige rol te kan vervul.

Paulus sluit ook hierby aan wanneer hy sê: “Want ek wil nie hê, broeders, dat julle hierdie verborgenheid nie moet weet nie, sodat julle nie eiewys mag wees nie: dat die verharding ten dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die heidene ingegaan het; en so sal die hele Israel gered word, soos geskrywe is: Die Verlosser sal uit Sion kom en die goddelooshede van Jakob afwend” (Rom. 11:25-26).

Soos reeds aangedui, het Jesus vir die Jode in Jerusalem gesê dat hulle Hom nie weer sou sien nie *totdat* hulle sal sê: “Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!” Wanneer Hy weer kom, sal Israel Hom sekerlik as Messias-Koning aanvaar!

Niemand kan teen die waarheid stry dat Israel net tydelik verhard geraak en verstrooi is nie, want in die onlangse geskiedenis is daar oorvloedige bewyse van die eindtydse herstel van Israel en Jerusalem. Die volk is in 1948 in hulle land herstel na byna 2 000 jaar van verstrooiing onder die nasies. Die ou deel van Jerusalem is in 1967 van Jordanië verower en het toe weer onder Joodse beheer gekom. In 1980 is Jerusalem tot die ewige en onverdeelbare hoofstad van Israel verklaar, en was dit vir die eerste keer sedert die Babiloniese ballingskap weer die hoofstad van ’n onafhanklike Israel. Tydens die Here Jesus se eerste koms was die stad onder die beheer van die Romeine. Tans is die stad volledig onder Joodse beheer, maar sy politieke en geestelike herstel sal eers finaal wees wanneer die Messias gekom en die troon van Dawid herstel het.

5. Die stad waarin Israel te midde van groot vyandigheid herstel word

Die huidige herstelproses van Israel is nog net gedeeltelik, en die meerderheid van die volk is steeds geestelik dood en van hulle Messias vervreem. Die Here laat om twee redes vyandighede teen Israel en Jerusalem toe:

Die eerste rede is om sy volk in benoudheid te bring sodat hulle gelouter en ’n oorblyfsel gered kan word. In ’n profesie oor hulle eindtydse loutering sê Hy: “Daarom, so sê die Here HERE: Omdat julle almal skuim geword het, kyk, daarom sal Ek julle binne-in Jerusalem bymekaarmaak. Soos silwer en koper en yster en lood en tin binne-in ’n smeltoond bymekaargemaak word om daarteen ’n vuur aan te blaas en dit te smelt, so sal Ek julle bymekaarmaak in my toorn en in my grimmigheid en julle ingooi en smelt” (Eseg. 22:19-20). Israel se huidige probleme gaan nog veel erger word terwyl hulle afstuur op die tyd van benoudheid van Jakob, waaruit net ’n oorblyfsel gered sal word (Jer. 30:7). In Hosea 5:15 sê die Messias: “In hulle nood sal hulle My soek.”

Die tweede rede waarom vyandighede teen Jerusalem eskaleer, is omdat die Here die nasies in Israel gaan versamel om by die slag van Armagéddon met hulle in die gerig te tree weens hulle sondes wat onder andere ook met Jodehaat gepaard gaan. In Sagaria 12:3 en 14:2 sê die Here dat al die nasies teen Jerusalem vergader sal word en dat Hy daar met hulle in gerig sal tree. Volgens Sagaria 14:12-13 sal dit verskriklik wees om te val in die hande van die lewende God. Joël 3:2 bevestig ook die feit dat die Here die nasies sal oordeel omdat hulle die volk Israel verstrooi en hulle land verdeel het.

6. Die stad van die Antichris se sewe jaar lange regering

Daar wag in die nabye toekoms ’n baie donker tydperk van sewe jaar vir Jerusalem en die hele wêreld. Volgens Johannes 5:43 gaan Israel die Antichris as Messias aanvaar, en volgens Daniël 9:27 gaan al die nasies ook dieselfde fout maak. Dit gaan daartoe lei dat die Antichris Jerusalem

gedurende die sewe jaar van die verdrukking een van die hoofkwartiere van sy goddelose wêreldregering sal maak.

Met sy toestemming sal die tempel hier herbou word, maar hy gaan self die tempel ontheilig deur homself daarin tot God te verklaar (2 Thess. 2:4). Eers dan sal die Jode besef dat hulle ’n valse aanspraakmaker op die troon van Dawid aanvaar het, en hulle verbond met hom verbreek. Die Antichris sal daarop ’n Joodse volksmoord gelas en hulle sal so vinnig as moontlik uit Jerusalem moet vlug na ’n skuilplek iewers in die berge (Matt. 24:15-22).

Die Jode sal waarskynlik ooswaarts uit Jerusalem in die rigting van die Dooie See vlug, en daarvan suidwaarts na die verlate rotsstad Petra in ’n bergagtige gebied suid van die Dooie See. In dié tyd sal die Antichris met sy lasterlike optrede teen die God van Israel voortgaan, en die tempel in Jerusalem steeds as ’n setel vir sy valse geloof van selfvergoddeliking en afgodediens gebruik. Hy sal terdeë bewus wees van Bybelse profesieë oor die redding van die oorblyfsel van Israel, en sal dit probeer verhoed deur alle Jode uit te wis. Hy sal ook weet van Jesus se beloofde wederkoms wanneer Hy op die Olyfberg geopenbaar sal word, daarom sal hy ’n groot multinasionale mag opbou om Jesus in Jerusalem in te wag.

7. Die stad waar Christus Homself in heerlikheid gaan openbaar

Jerusalem is onteenseglik die toneel vir Christus se wederkoms: “En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes tot ’n baie groot dal. … En julle sal vlug in die dal van my berge. Dan sal die HERE my God kom, al die heiliges met U!” (Sag. 14:4-5). By hierdie geleentheid sal die Messias die oorblyfsel van Israel red, maar hulle vyande veroordeel. Die Here sê die volgende oor die nasionale redding van Israel:

“In dié dag sal daar ’n geopende fontein wees vir die huis van Dawid en vir die inwoners van Jerusalem teen sonde en onreinheid” (Sag. 13:1). Tydens Christus se kruisiging is die fontein van heil (redding deur die bloed van die Lam) *potensieel* vir Israel en die hele wêreld geopen. Tydens sy wederkoms sal dit as ’n werklike *ondervinding* vir die Joodse volk geopen word. Die geestelike reiniging van die volk word in verskeie Skrifgedeeltes beskryf as die sluit van ’n nuwe verbond tussen God en Israel (Jer. 31:31-37), nuwe harte wat die Here in hulle binneste sal gee (Eseg. 36:25-32) en volkome reiniging van sonde (Rom. 11:26-27). “Die huis van Dawid” verwys na die politieke en geestelike leiers van die volk, en “die inwoners van Jerusalem” verwys na al die mense in die land wat ’n behoefte aan reiniging het.

Nadat die volk met die Here Jesus versoen is, sal Hy ook die troon van Dawid in Jerusalem herstel. Dan sal ’n belofte vervul word wat die engel van die Here reeds voor Jesus se geboorte aan Maria gemaak het dat Hy van die troon van Dawid af uit Jerusalem sal regeer (Luk. 1:32). Jesus het nog nooit van die troon van Dawid af regeer nie, maar ná sy wederkoms sal Hy dit wel doen: “Daarna sal Ek terugkom en die vervalle hut van Dawid weer oprig, en wat daarvan verwoes is, sal Ek weer oprig en dit herstel, sodat die oorblyfsel van die mense die Here kan soek, en al die nasies oor wie my Naam uitgeroep is, spreek die Here wat al hierdie dinge doen” (Hand. 15:16-17).

8. Die stad van die groot Koning tydens die Vrederyk

’n Wonderlike toekoms wag op Jerusalem wanneer die stad in die duisendjarige vrederyk die hoofstad van die wêreld sal wees vanwaar die Messias sal regeer: “Skoon deur sy verhewenheid, die vreugde van die hele aarde is die berg Sion, aan die noordekant, die stad van die groot Koning” (Ps. 48:3).

Die donker dae van die groot verdrukking sal dan verby wees, toe al die nasies militêr teen Jerusalem opgetrek het om God se koninkryk te beveg, en ook vir Jesus wat die Messias van Israel en die Verlosser van die wêreld is, te probeer oorwin sodat die Antichris se bewind kon voortduur (Sag. 12:3; Op. 19:19). Nadat Jesus egter teruggekom, sy almag bewys en sy vyande

verdelg het, sal die oorlewendes onder alle nasies voor Hom neerbuig en Hom as hulle Verlosser en Koning aanvaar. Gedurende die vrederyk sal hulle elke jaar ŉ afvaardiging na Jerusalem stuur om die Loofhuttefees daar te vier: “En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, die HERE van die leërskare, en om die huttefees te vier” (Sag. 14:16). Hulle sal dit uit dankbaarheid doen omdat soveel genade aan hulle betoon is.

Alle mense op aarde sal hulle in Jerusalem en Sion verbly: “Baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen die nasies en regspreek oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie” (Jes. 2:3-4).

“In dié tyd sal hulle Jerusalem noem die troon van die HERE; en al die nasies sal daarheen saamkom vanweë die Naam van die HERE in Jerusalem; en hulle sal nie meer wandel na die verharding van hul bose hart nie” (Jer. 3:17). Die duiwel sal in ŉ put gebind wees sodat hy nasies nie sal kan verlei nie.

Israel sal in hierdie tyd hoog in aansien wees: “So sal dan baie volke en magtige nasies kom om die HERE van die leërskare in Jerusalem te soek en die aangesig van die HERE om genade te smeek. So sê die HERE van die leërskare: In dié dae sal tien man uit al die tale van die nasies die slip van ŉ Joodse man gryp en dit vashou en sê: Ons wil met julle saamgaan, want ons het gehoor dat God met julle is” (Sag. 8:22-23).

9. Die stad waarop Satan se laaste rebellie gerig sal wees

Ná die Messiasryk gaan daar nog een groot, finale aanslag teen Jerusalem wees wanneer die duiwel uit sy gevangenis losgelaat word. Sy hernude geestelike teenwoordigheid op aarde sal duidelik aan die lig bring wie in daardie stadium waarlik gered is en wie nie. Klaarblyklik gaan daar aan die einde van die vrederyk ten spyte van die positiewe omstandighede op aarde ŉ baie groot aantal vormgodsdienstiges wees wat net ŉ gedaante van godsaligheid het. Hulle sal maklik deur die duiwel mislei kan word om aan sy laaste groot rebellie deel te neem:

“En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word; en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see. En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind. En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid” (Op. 20:7-10).

Dit sal die einde van Sataniesgeïnspireerde aanslae teen Jerusalem en die koninkryk van God wees. Die duiwel en al sy meelopers sal dan in die poel van vuur wees.

10. Die stad wat die enigste poort na die nuwe Jerusalem is

Die heilswerk wat die Here Jesus in aardse Jerusalem gedoen het, is die enigste poort na die hemelse Jerusalem, daardie wonderstad wat die Here Jesus as ŉ ewige tuiste vir ons gaan berei het (Joh. 14:2-3). Wanneer die nuwe aarde geskape is, sal die nuwe Jerusalem uit die hemel neerdaal en op die aarde rus. Hier sal die gelowiges vir altyd in die teenwoordigheid van die Koning van konings lewe. Johannes sê:

“En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos ŉ bruid wat vir haar man versier is. En ek het ŉ groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God. En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie

meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan. En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut" (Op. 21:2-5).

Voordat die heerlikheid van die ewigheid in die nuwe Jerusalem aanbreek, is daar op hierdie donker wêreld egter nog 'n stryd om te stry en oorwinning te verkry. Daar is belangrike aspekte van aardse Jerusalem se wêreldhervormende rol wat nog nie vervul is nie.

Hoedanig is jy en ek ingeskakel by die stryd ter ondersteuning van Jerusalem? Besef ons die intensiteit van die Sataniesgedrewe stryd teen Jerusalem en neem ons genoegsaam standpunt hierteen in? Besef ons regtig die groot en wonderlike openbarings van God wat nog in hierdie stad gaan plaasvind? Ons het nog soveel te meer as die Joodse ballinge in Babel rede om aan Jerusalem te dink, en te bid dat God se vrede opnuut sal neerdaal op hierdie stad wat so dikwels in die verlede as gevolg van sy inwoners se ongeloof en onkunde beleër, verwoes, vertrap en verlate was. Die Israelse ballinge in Babel het die volgende Sionslied gesing:

"As ek jou vergeet, o Jerusalem, laat my regterhand dan homself vergeet! Laat my tong kleef aan my verhemelte as ek aan jou nie dink nie, as ek Jerusalem nie verhef bo my hoogste vreugde nie" (Ps. 137:5-6).

Op die oomblik is Jerusalem 'n stad waarin grootskaalse ongeloof in die ware Messias heers, en ook 'n stad wat weens die vyande van Israel deur fisiese, godsdienstige en politieke verdeling bedreig word. Vir ons wat so nou by Jerusalem se verlede, hede en toekoms betrokke is, is dit 'n onaanvaarbare situasie en rede vir ernstige voorbidding totdat die Here Jerusalem bevestig en maak tot 'n lof op aarde.

14. Christelike Fondamente word Omgegooi

Skriflesing: Ps. 11:3-7

In Psalm 11 beskryf koning Dawid ’n tyd wanneer goddelose mense alle Bybelse standaarde sal verwerp om op ’n gewelddadige wyse beheer oor die samelewing te verkry. Die Here sal egter ingryp om die regverdiges uit te red en die beoefenaars van goddeloosheid te straf. Hierdie situasie het in Ou-Testamentiese tye op ’n kleiner skaal plaasgevind, maar kom in die laaste dae oor die hele wêreld voor. Volgens die beskrywing in Psalm 11 sal die regverdiges getoets en gelouter word terwyl die fondamente van geregtigheid, Godvresendheid en ordelike regering omver gewerp word.

Die einde van die kerkbedeling word gekenmerk deur radikale veranderings van hierdie aard. Die fondamente van die Christelike beskawing word omgegooi sodat daar ’n vervalproses kan plaasvind wat die weg sal baan na ’n antichristelike nuwe wêreldorde. In Psalm 2 sê Dawid: “Die konings van die aarde staan gereed, en die vorste hou saam raad teen die HERE en teen sy Gesalfde: Laat ons hulle bande stukkend ruk en hulle toue van ons afwerp!” (Ps. 2:2-3).

Die gevolg van hierdie rebellie teen die koninkryk van die hemel is dat God se oppergesag verwerp word, en daarmee saam ook die gesag van sy Woord en die beloofde vrederyk onder die koningskap van sy Seun. Ons is tans in ’n situasie waar die fondamente van die Christelike beskawing besig is om te val terwyl die goddeloses hulle antichristelike hervormings instel. Vir ons is dit ’n tyd van toetsing sodat daar bepaal kan word wie te midde van al die veranderings by hulle beginsels en geloofsoortuigings sal bly. Op ’n gegewe oomblik gedurende die eindtydse verval sal die Here die opregtes kom haal sodat hulle sy aangesig kan sien. Die goddeloses sal egter gestraf word in die groot verdrukking wat daarna volg.

In hierdie boodskap val die soeklig nie op die val van staatkundige, morele en ekonomiese fondamente in die samelewing nie, maar slegs op die geestelike fondamente waarop die ware Christelike geloof gebou is. Die Bybelse Christendom is ’n struikelblok op die weg na antichristelike hervormings omdat dit nie inklusief is en ruimte skep vir ander gelowe en lewenswyses nie. Dit staan dus in die weg van die verskyning van ’n gemeenskaplike, multigodsdienstige messias wat die wêreld onder sy vaandel van globalisme sal verenig. As gevolg hiervan is daar die afgelope paar dekades ’n groeiende beweging aan die gang om die fondamente van die Christelike geloof te ondermyn en omver te werp.

In elke land neem die transformasieproses ’n eiesoortige vorm aan, afhangend van die aard van kerke en Christelike instellings in daardie land. Die volgende vyf Christelike fondamente word egter almal geteiken, en in die oorsig hieronder sal aangetoon word hoedat sommige of almal van hulle al in baie van die kerke en kweekskole in Suid-Afrika geval het.

1. Verwerping van die chiliastiese vertolking van Bybelse profesieë

Een van die fondamente van die evangeliese Christendom is geloof in die Bybel as die geïnspireerde en foutlose Woord van God. Die Bybel word letterlik, grammaties-histories vertolk, en in hierdie verklaringswyse het selfs beeldspraak ’n letterlike teëbeeld, soos bv. die dier in Openbaring wat op die Antichris dui, die draak wat na Satan verwys, en die Lam van God wat ’n beskrywing van Jesus Christus is. Die Bybel word dus nie deur middel van vergeesteliking en allegorisering van sy basiese betekenis ontneem nie.

Wanneer mense egter wel begin om willekeurig ander betekenisse in die Bybel in te lees, is die letterlike vervulling van profesieë die eerste fondament wat val. Vergeestelikingsteoloë glo nie dat daar ná Christus se wederkoms ’n letterlike duisendjarige vrederyk op aarde sal aanbreek nie. Hulle is dus nie “chiliaste” nie – ’n term wat afgelei is van die Griekse woord vir duisend. ’n Sinoniem vir “chiliaste” is “millennialiste”, wat van die Latynse woord vir ’n duisend afgelei is. Chiliaste glo dat Christus voor die duisendjarige ryk sal terugkeer en dat ons dus nie nou in die

millennium, of vrederyk, leef wanneer die duiwel gebind is nie; daarom word hulle ook as premillennialiste beskryf. Die vrederyk word eers ná Christus se wederkoms ingestel.

Antichiliaste glo egter dat ons nou in ’n geestelike sin in die duisendjarige vrederyk leef en dat die duiwel volgens Openbaring 20:1-3 reeds in ’n put gebind is. Op grond hiervan verhef hulle die status van die kerk deur koninkryksmagte daaraan toe te skryf. Hulle gebruik aksies soos die ekumeniese beweging en die transformasiebeweging om die kerk se mag en invloed kunsmatig te probeer verhoog sodat ampsdraers soos konings en vredevorste kan leef. Hulle neem dus nie profesieë oor groot geestelike verval in die laaste dae in ag nie, omdat afvalligheid nie inpas by hulle scenario van ’n roemryke toekoms vir die kerk in hierdie bedeling nie.

Die verwerping van die letterlike vervulling van Bybelse profesieë beteken ook dat antichiliaste nie in die fisiese herstel van Israel glo nie omdat hulle hulself as die geestelike Israel van die Nuwe Testament sien (vervangingsteologie). In die gees van hierdie subjektiewe benadering tot die Bybel glo hulle nie in ’n wegraping en ’n persoonlike Antichris wat gedurende die verdrukking van sewe jaar oor die aarde sal regeer nie – ook nie in die oordele van God wat in hierdie tyd oor die aarde uitgestort sal word en op die slag van Armagéddon sal uitloop nie. Hierdie eindtydse profesieë word óf vergeestelik óf na historiese tye verplaas (preterisme) en bv. toegepas op die skrikbewind van die Romeinse keiser Nero in die eerste eeu ná Christus.

Die verwerping van die chiliastiese vertolking van Bybelse profesieë het geweldige implikasies vir die Skrifbeskouing en Skrifgesag in die kerk gehad. Die val van hierdie fondament van die Christelike geloof het ook die val van verdere fondamente in die hand gewerk, omdat die vergeesteliking, verandering of ontkenning van Bybelse uitsprake nie net by veranderde denke oor Bybelse profesieë gebly het nie. Spoedig sou verskeie ander Bybelse stellings vergeestelik en metafories verklaar word, en sou daar wegbeweeg word van letterlike begrippe soos die hemel, die hel en die duiwel – en selfs die maagdelike geboorte en Godheid van die Here Jesus. Die Bybel self sou sy integriteit as ’n outentieke openbaring van God aan die mens verloor, en uiteindelik sou teologiese leerstellings afdaal tot op die vlak van menslike rasionalisering oor dit wat die teoloë self as waarskynlik en aanvaarbaar beskou, ongeag wat die Here daaroor sê.

Wanneer daar ’n sluier oor Bybelse profesieë getrek word deur hulle primêre betekenis te ontken, is die pad oop om ook op ander terreine ’n afwaartse aanpassing van Bybelse standaarde te doen. Op hierdie manier gun die mens aan homself meer vryheid om sy eie sienings op die Bybel af te dwing, van onaangename werklikhede af weg te kom, ’n makliker manier van verlossing te bedink, ’n meer verdraagsame houding teenoor sonde in te neem, en daardeur effektief die smal pad van die Here by die breë pad van sonde te laat aansluit. Sodoende bou die selfregverdigende mens aan sy eie koninkryk en strek homself nie uit na die toekomstige koninkryk van Christus wat ná sy wederkoms geopenbaar sal word nie.

Daar was op geestelike gebied beter tye in Suid-Afrika toe die fondament van die chiliastiese vertolking van Bybelse profesieë ten volle in die gereformeerde teologie in ere gehou is. Die stigters van die kweekskool op Stellenbosch was almal chiliaste. Een van hulle studente, dr. D.R. Snyman, ’n voormalige NG predikant in Stellenbosch, was ’n baie bekende chiliastiese skrywer wat onder andere in 1940 die boek “Die Komende Christus en die Komende Krisis” gepubliseer het. Hierin word die tekens van die tye, die herstel van Israel, die wegraping, die verskyning van die Antichris en die duisendjarige vrederyk ná die wederkoms van Christus beskryf. In die voorwoord van sy boek skryf dr. Snyman: “Ons dink met dankbaarheid terug aan die ondersoek van die profesieë deur manne soos wyle prof. N.J. Hofmeyr, ds. G.W.A. van der Lingen, ds. S.J. du Toit [die vader van Totius], prof. C.F.J. Muller en prof. J.I. Marais. Laasgenoemde het hom in sy latere jare in die besonder op die bestudering van die profesieë toegelê.”

Na aanleiding van ’n gesprek met Jaco Scholtz van Durbanville, wat in Desember 2013 ’n M.Th.-graad in teologie aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf het, blyk dit dat die kweekskool in

Stellenbosch gedurende die eerste 75 jaar van sy bestaan ’n sterk verbintenis tot chiliasme gehad, en ’n groot rol gespeel het om hierdie leerstelling oor die eskatologie in Suid-Afrika te vestig. Hy wys daarop dat prof. J.I. Marais van 1877 tot 1919 ’n dosent aan hierdie kweekskool was. In die Gereformeerde Maandblad van September 1917 het Marais gesê: “Dit is duidelik dat die wederkoms van Christus voor die duisendjarige ryk die gangbare mening was van die kerk deur die eeue heen.”

Dr. J.D. Kestell, ’n uitgesproke chilias wat vir drie opeenvolgende termyne moderator van die Vrystaatse sinode van die NG Kerk was, asook een van die vertalers van die eerste Afrikaanse Bybel, het in 1919 as redakteur van Die Kerkbode voorgestel dat ’n aparte tydskrif oor die vervulling van Bybelse profesieë uitgegee word. Hierdie chiliastiese tydskrif, “Ziet Hij Komt” (Kyk, Hy Kom) het sedert 1920 gereeld verskyn. Die redakteur daarvan gedurende die eerste 20 jaar tot in 1940, was ds. A.G. du Toit van Kaapstad. Dr. D.R. Snyman was vir die volgende 9 jaar tot in 1949 die redakteur. ’n Groot aantal predikante en sendelinge van die NG Kerk was intekenare op hierdie tydskrif. Verskeie artikels uit die Nederlandse chiliastiese tydskrif, “Het Zoeklicht”, het ook hierin verskyn.

In die tydperk ná die Tweede Wêreldoorlog het teologiese denke egter met rasse skrede in Suid-Afrika begin verander. Die histories-kritiese metode van Skrifuitleg het aan Europese Universiteite gevestig geraak, spesifiek ook aan die Vrye Universiteit in Amsterdam. Suid-Afrikaanse teoloë wat vir nagraadse studies na Europa toe is, veral na universiteite in Nederland, België en Duitsland, het hierdie nuwe benadering na Suid-Afrika oorgedra.

Die histories-kritiese benadering is geskoei op menslike denke en voortvloeiend uit ’n wetenskaplike wêreldbeskouing. As sodanig is dit skepties oor bonatuurlike verskynsels soos die skeppingsverhaal, die sondvloed en baie ander wonderwerke wat in die Bybel beskryf word. Diegene wat hierdie benadering huldig, is ook afsydig teenoor die letterlike vervulling van Bybelse profesieë, omdat dit volgens hulle menslik onmoontlik is om eeue voor die tyd foutlose profesieë aan te kondig. Op grond hiervan betwyfel hulle die outeurskap en datum van profetiese boeke soos Daniël. Hierdie kritici verklaar ’n eskatologiese boek soos Openbaring in sy eerste eeuse historiese konteks, en ontken dus die futuristiese vervulling daarvan.

Soos wat die nuwe, antichiliastiese benadering teen die middel van die 20ste eeu in Suid-Afrika begin veld wen het, is chiliasme toenemend uit teologiese leerplanne oor die eskatologie weggelaat, en was daar ook gou al hoe minder predikante wat bereid was om daaroor te preek. Die keerpunt het op die NG Kerk se algemene sinode van 1962 gekom toe ’n voorlegging van dr. J.A. Heyns ten gunste van antichiliasme aanvaar is. In daardie jaar het die fondament van die chiliastiese vertolking van Bybelse profesieë amptelik in die NG Kerk geval, en sou hierdie teologiese wending in 1963 bevestig word deur die NG Kerk Uitgewers se publikasie van dr. Heyns se boek, “Die chiliasme of duisendjarige ryk”. Dit het aansluiting gevind by boeke uit Europa, waarin daar onder andere sterk teenkanting uitgespreek is teen profesieë oor die letterlike herstel van Israel in hulle eie land as ’n voorspel tot die duisendjarige vrederyk.

Hierdie ongelukkige koersaanpassing het ’n donker tyd van groter teologiese verval in die NG Kerk ingelui, omdat die vergeesteliking en allegorisering van ander Skrifgedeeltes na die verdere wegbeweeg vanaf Bybelse waarhede gelei het. In die res van die 20ste eeu sou nog meer van die basiese fondamente van die Christelike geloof verloën word, en sodoende die Bybel van baie van sy geestelike betekenis ontneem.

Ten spyte van al die veranderings was daar nog altyd ’n paar manne wat nie by die omverwerping van beskouings oor die profetiese woord betrokke was nie. Een daarvan was ds. W.H.M. Oosthuizen wat in 1963 ’n boek gepubliseer het onder die titel: *Die wegname van die gemeente*. Op bl. 84 sê hy: “Die verwerping van die leer van ’n wegname vóór die Verdrukking hang ook baie nou saam met die verwerping van die leer aangaande ’n toekomstige Vrederyk op aarde. Die opvatting, naamlik dat ons tans reeds in die Vrederyk lewe, terwyl die Satan ook

reeds gebonde is sedert die kruisiging, kan ons nie aanvaar nie, want dit is duidelik in stryd met die uitsprake van Openbaring 20. Hierdie onderwerp is meer breedvoerig deur die skrywer behandel in ’n ander werk met die titel: *As die Seun van die Mens Kom*. In laasgenoemde werk het ons ook reeds aangetoon dat vele Gereformeerde teoloë tans ’n onhoudbare middeweg inslaan met betrekking tot Israel en die Vrederyk, deurdat ’n herstel van Israel aanvaar word, dog sonder om daarmee ook die Vrederyk te aanvaar. Treffend skrywe dr. H. Berkhof in hierdie verband: ‘Beide onderwerpen hangen samen en wel zo, dat het herstel van Israel onze gedachten naar een komend vrederijk leidt’ (*Christus de Zin der Geschiedenis,* bl. 144).”

Preke en boeke van hierdie aard het egter spoedig ’n rare verskynsel in die gereformeerde kerke geword, met die uitsondering van die Evangelies-Gereformeerde Kerk wat steeds amptelik die chiliastiese standpunt huldig. ’n Hele nuwe geslag van antichiliastiese predikante is sedert 1962 deur die drie groot gereformeerde kerke opgelei, met die gevolg dat boodskappe oor die herstel van Israel, die eerste fase van Christus se wederkoms tydens die wegraping, die verskyning van ’n persoonlike Antichris, die verloop van die sewe jaar lange verdrukking, en die herstel van die troon van Dawid in Jerusalem ná die premillennialistiese verskyning van Christus op die Olyfberg, as vreemde en onbybelse spekulasie beskou word – selfs as sektaries – terwyl dit deel van ’n Skrifgetroue teologiese beskouing is wat oor baie jare heen deur die NG Kerk self in Suid-Afrika gevestig is!

Dit is inderdaad ironies dat die kerk wat so ’n groot rol gespeel het om chiliastiese eskatologie in Suid-Afrika te vestig, die leiding geneem het om hierdie leerstelling in onguns te bring en te probeer uitroei. Die rede vir hierdie wending van sake is nie moeilik om te vind nie. Soos vroeër reeds aangetoon, is die praktiese implikasies van die nuwe, kritiese beskouings oor teologie dat die Bybel aan die gesag en oordeel van teoloë onderwerp word wat hulleself die vryheid veroorloof om dit uit te lê en toe te pas volgens hulle eie oordeel. Hulle aanvaar of verwerp Bybelse stellings net soos hulle wil, omdat hulle hulself nie meer onvoorwaardelik aan die gesag van die Skrif onderwerp nie.

2. Die verwerping van heiligmaking as ’n verdere genadewerk

Die volgende Christelike fondament wat in die vervalproses verwerp word, is die Bybelse leer oor heiligmaking. Daar word nie meer ’n duidelike onderskeid getref tussen die begrippe van regverdigmaking en heiligmaking nie, omdat ’n lewe van selfkruisiging, vervulling met die Heilige Gees, en die handhawing van streng morele standaarde, nie aanvaarbaar is vir die moderne, selfgesentreerde mens wat vry wil wees om uiting te gee aan al sy begeerlikhede nie.

Die Here wil egter nie hê dat ons in die babaskoene van ons geloofslewe vasgevang moet bly nie, daarom Jesus se opdrag aan sy dissipels om eers met die Heilige Gees vervul te word voordat hulle uitvoering aan die Groot Opdrag van evangelisasie begin gee (Luk. 24:46-49; Hand. 1:8). Christene in die verskillende gemeentes het die ewe belangrike opdrag gekry om met die Heilige Gees vervul te word (Ef. 5:18), deur die Gees te wandel (Gal. 5:16), reinheid en heiligheid in hulle persoonlike lewe na te streef (1 Thess. 4:3, 7), hulleself van alle vleeslike én geestelike besoedeling te reinig (2 Kor. 7:1), ten nouste met die kruis van Christus te identifiseer (Gal. 6:14), die oue mens van vleeslikheid af te lê (Luk. 9:23; Ef. 4:22-24; Kol. 3:8-10), en tot geestelike volwassenheid op te groei (Ef. 4:13-14).

Deur duidelike boodskappe oor heiligmaking word halfhartige, lou, biddelose en wêreldgesinde Christene wat in baie gevalle nog slawe van sekere sondes is, tot hoër vlakke van toewyding aan die Here opgeroep. As hulle nie hieraan gehoor gee nie, beperk hulle hulself tot ’n geestelik onvrugbare lewe van vleeslikheid (1 Kor. 3:1-3), wat tot gevolg het dat hulle glad nie getuies van Christus kan wees nie (Heb. 5:12-14) omdat hulle in ’n geestelike skaakmatposisie vasgevang bly: “Want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie” (Gal. 5:17). Dit sal egter nie die toedrag van sake wees as Christus ook jou Heiligmaking is nie (vgl.1 Kor. 1:30).

Heiligmaking was die belangrike boodskap in herlewingstye, want herlewing dui op nuwe lewe waar daar reeds lewe is. Bekeringsprediking is opgevolg deur prediking oor heiligmaking, en dit het ’n geweldige verskil in gelowiges se lewens gemaak. In Suid-Afrika was daar in die laat 19de eeu en vroeë 20ste eeu ook herlewing onder die prediking van persone soos Andrew Murray. Die meeste van sy boeke en preke handel oor die onderwerp van heiligmaking. Die kerk in Suid-Afrika behoort dus te weet wat die waarde is van lidmate wat met die Heilige Gees vervul is. Die vroeë kerk het na sulke manne gesoek om hulle as ampsdraers in die gemeentes aan te stel (Hand. 6:3), maar dit is duidelik dat hierdie standaard nie meer nagestreef word nie.

Die fondament van heiligmaking is tot ’n groot mate deur die leidende kerke in Suid-Afrika verwerp. Regverdigmaking en heiligmaking word as ’n enkele pakket aan alle gelowiges toegereken, ongeag of hulle lewens daarvan getuig of nie. Heiligmaking as ’n tweede genadewerk word as “metodisme” verwerp (verwysend na John Wesley se beskouings hieroor), met die gevolg dat Andrew Murray se boeke ook verwerp word en al hoe minder herdruk word. Daar was selfs predikante wat van die hele stel boeke deur Murray ontslae geraak het deur dit verniet weg te gee aan enigeen wat dit wou hê.

Wanneer die fondamente van chiliasme en heiligmaking omgegooi is, bly daar al hoe minder Christelike leerstellings oor om oor te preek. So ’n situasie heers vir ’n geruime tyd al in gemeentes waar bekering wel nog verkondig word, maar waar heiligmaking nie beklemtoon en Bybelse profesieë ook nie verkondig word nie. Onder hierdie omstandighede het Christene nie ’n duidelike toekomsverwagting nie en ook nie die krag of motivering om teen sonde, vleeslikheid en wêreldgesindheid te kan oorwin nie. Geen wonder nie dat baie lidmate, veral die jeug, hulle belangstelling in die kerk verloor en dan dikwels nog verder van die waarheid af wegdryf.

Dit is verblydend indien bekering en wedergeboorte nog verkondig word, maar as dit nie op ’n duidelike en oortuigende wyse deur heiligheidsprediking opgevolg word nie, sal daar geen geestelike groei plaasvind nie. ’n Bediening van hierdie aard lewer nie standhoudende resultate op nie, selfs al word duisende mense tydens massabyeenkomste gelyktydig tot bekering opgeroep. Indien hulle nie in ’n lewe van heiligmaking bevestig word nie, sal daar geen groei na geestelike volwassenheid plaasvind nie.

3. Die verwerping van die eis van wedergeboorte

In gemeentes waar die profetiese woord in die Bybel geen gewig dra nie, en waar die opdrag tot heiligmaking nie ernstig opgeneem en verkondig word nie, word daar ’n gunstige teelaarde geskep vir die val van die volgende Christelike fondament, naamlik die opdrag om tot bekering te kom en weergebore te word. Dit is presies wat vandag besig is om op groot skaal te gebeur.

In talle gemeentes word valse fondamente aan mense gebied waarop hulle hul saligheid baseer. Dit wissel van ’n goeie lewe af tot doop, aanneming, kerklidmaatskap en die gee van tiendes. Die misleidende aanname word gemaak dat alle uitverkorenes sedert hulle geboorte op pad is hemel toe, en dus nie nodig het om in ’n bewustelike stap uit die duisternis van verlorenheid tot die wonderbare lig van Christus se verlossing oor te kom nie. Hulle moet net by ’n kerkdenominasie ingelyf word deur ritualisering, wat hulle na bewering deel sal maak van die liggaam van Christus (bv. die leer van doopsaligheid).

Wanneer hierdie toestand intree, verval ’n gemeente na die vlak van ’n geestelik inhoudlose organisasie wat deur vormgodsdiens gekenmerk word. Hulle het slegs ’n gedaante van ’n skynbare godsaligheid, maar die wederbarende krag van die Heilige Gees word deur hulle verloën (2 Tim. 3:5). Sulke mense beskou hulleself as Christene, maar het geen getuienis van ’n ervaring van wedergeboorte toe die Here hulle harte en lewens verander het nie. Hulle word leerstellig oor redding ingelig, maar het nie die getuienis van die Heilige Gees in hulle harte dat hulle wel gered is nie (Rom. 8:16). In hierdie toestand van geestelike verduistering is lidmate vatbaar vir die omverwerping van die mees basiese fondamente van die Christelike geloof, naamlik die gesag van die Bybel sowel as die Godheid en soendood van die Here Jesus.

4. Die verwerping van die Bybel as die geïnspireerde Woord van God

Vormgodsdienstige kerklidmate het nie die voordeel dat die Heilige Gees in hulle harte woon en aan hulle verligte oë van die verstand gee om die verborgenheid van die evangelie te kan verstaan nie (Ef. 1:18). Die meeste van hulle is slagoffers van die vergeestelikingsteologie omdat hulle nie Bybelse stellings op sigwaarde aanneem nie. Weens hulle gebrek aan wedergeboorte en heiligmaking het hulle in elk geval ook nie begrip vir Bybelse waarhede wat geestelik beoordeel word nie (1 Kor. 2:14).

As gevolg van hierdie situasie is die lidmate van erg vervalle kerke nie in staat om postmoderne tekskritiek te kan weerstaan en weerlê nie. Hulle is maklike slagoffers van die Nuwe Hervormers se bewerings dat die Bybel slegs deur feilbare mense geskryf is volgens die primitiewe wêreldbeeld van hulle tyd, dat dit baie foute en weersprekings bevat, en verder ook vol mitologie en beeldspraak is wat nie ernstig opgeneem moet word nie. Vir hulle is die Bybel op dieselfde vlak as die heilige boeke van ander gelowe soos die Boeddhisme en Islam, en beslis nie ’n unieke openbaring van God aan die hele mensdom nie.

Onder sulke omstandighede is daar geen sprake meer van Skrifgesag nie, met die gevolg dat vervalle Christene van die eindtyd hulleself as volkome vry beskou om self hulle lewenstandaard te bepaal en hulle eie morele reëls na te volg. ’n Goeie lewe is vir hulle genoeg om onberispelik te wees, en dus word enigiets wat as evangelies of fundamentalisties beskryf kan word, as ’n onaanvaarbare vorm van engheid verwerp. Die Bybel word bloot beskou as ’n samestelling van mites en verhaaltjies waarvan morele toepassings gemaak en sedelesse afgelei kan word – dit is vir verskeie vertolkings oop, en mense kan self besluit watter morele beginsels vir hulle aanvaarbaar en steeds geldig is.

5. Die verwerping van die Bybelse Jesus

Die vyfde en belangrikste fondament waarop die Christelike geloof gebou is, is die Rots, Jesus Christus, met die volle inagneming van Bybelse feite oor sy maagdelike geboorte, Godheid, soendood, liggaamlike opstanding en Hemelvaart. Hy is die vleesgeworde Woord – God wat mens geword en onder ons gewoon het. Wanneer die Bybel nie meer as die geïnspireerde Woord van God erken word nie, word Jesus Christus ook nie as die volmaakte God-mens beskou nie. Die gevolg daarvan is dat die Christendom nie meer as uniek beskou word nie en daarom op ’n gelyke vlak met die ander wêreldgodsdienste geplaas word.

Dit is belangrik om vas te stel hoe ver die verwerping van die Bybelse Jesus reeds in vervallende kerke plaasgevind het, en wat die reaksie van lidmate daarop is. Dit kom sonder enige twyfel op verraad teen die ware Christus neer indien belydende Christene in ’n kerk aanbly waarin hierdie ernstige dwalings gekondoneer en sonder protes aanvaar word. Die Here Jesus sê dat as ons Hom verloën, Hy ons ook sal verloën: “Maar elkeen wat My verloën voor die mense, hom sal Ek ook verloën voor my Vader wat in die hemele is” (Matt. 10:33).

Niemand sal met geestelike verraad van hierdie aard wegkom sonder om ewige skade aan sy eie siel aan te rig en in die proses ook baie ander mense te mislei nie. Wanneer daar van die ware Jesus afgewyk word, word daar onder die leiding van die gees van dwaling ’n ander Jesus verkondig (2 Kor. 11:2-4), en so word mense voorberei om die Antichris in die plek van die ware Christus te aanvaar. Jesus se waarskuwing in Matthéüs 24:4-5 sluit hierby aan.

Dit is in ons almal se belang om vas te stel tot watter mate hierdie belangrike fondament van die Here Jesus as die enigste Verlosser van die wêreld eerbiedig of bevraagteken word in die kringe waarin ons onsself bevind (vgl. Hand. 4:12). ’n Ondubbelsinnige keuse moet gemaak word tussen die Jesus van die Bybel en die sogenaamde “historiese Jesus” wat deur agnostiese teoloë aan ons voorgehou word. Die ware Jesus is die ewige, selfbestaande Seun van God wat deur die Heilige Gees verwek is toe Hy mens geword het. Die “ander Jesus” is die produk van kritiese teologiese denke en twyfelagtige historiese vertolkings, en volgens hierdie denkwyse was hy ’n gewone mens wat nie bonatuurlik verwek is nie, nie self God is nie, nie vir ons sonde

gesterf het nie, en ook nie uit die dood opgestaan het nie. Wanneer hierdie leuen aanvaar word, het die Christendom se laaste fondament geval.

Finale doel met die omgooi van fondamente

Die finale oogmerk met die omgooi van Christelike fondamente is oral in die wêreld dieselfde, naamlik 'n demoniesgeïnspireerde strategie vir die instelling van 'n antichristelike nuwe wêreldorde. 'n Ander Jesus sal dan onder die invloed van 'n ander gees (die gees van dwaling) aanvaar word, terwyl 'n evangelie van humanistiese liefde en die volle aanvaarding van alle ander gelowe verkondig sal word (vgl. 2 Kor. 11:2-4).

Die vyf basiese fondamente van die Christelike geloof het reeds in baie lande, baie kerke, en in die lewens van baie mense geval. Nou is die tyd ryp vir die verskyning van die valse christus van alle gelowe, want die wêreld is in so 'n gevorderde stadium van misleiding dat die groot meerderheid van die mense verwonderd agter hom sal aangaan en hom ook sal aanbid (Op. 13:3-4, 8).

Voordat dit egter sal gebeur, sal die ware Christus in die geheim as die hemelse Bruidegom sy bruid kom haal en na die hemel wegvoer (1 Thess. 4:16-18). Hulle was nie betrokke by die omverwerping van die fondamente van die Christelike geloof nie, daarom sal Christus aan elkeen van hulle sê: "Jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie" (Op. 3:8). Omdat hulle die Here Jesus aanvaar het met die volle erkenning van sy Goddelike attribute en die groot betekenis van sy kruisdood, en ook die Bybel eerbiedig het as die foutlose en geïnspireerde Woord van God, het hulle die opdrag ernstig opgeneem om weergebore te word en die Here vir die dieper genadewerk van vervulling met die Heilige Gees te vertrou. In hierdie geestelike toestand sien hulle met verlange uit na die wederkoms van Christus. Dit is 'n reinigende hoop, want "elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is" (1 Joh. 3:3).

Ons is nou baie naby aan die uur van skeiding wanneer die volgelinge van die ware Jesus as die teëhouers van die Antichris weggeneem sal word, en dan sal die ongeregtige geopenbaar word om sy skrikbewind op aarde te voer. Hy en sy volgelinge sal sewe jaar later, aan die einde van die groot verdrukking, deur Christus verdelg word wanneer Hy tydens sy wederkoms terugkom aarde toe (Op. 19:19-21).

Maak baie seker watter christus jy navolg – die ware Christus van die Bybel, of die valse, ekumeniese christus van alle gelowe. Jou ewige toekoms sal op grond van jou verhouding met die ware Jesus bepaal word, want niemand kom tot die Vader behalwe deur sy Seun nie (Joh. 14:6).

15. ’n Uitnodiging na die Bruilof van die Lam

Skriflesing: Openbaring 19:7-9.

Om Jesus Christus goed te kan ken, moet ons ook baie duidelik van sy hoedanigheid as die hemelse Bruidegom kennis neem. Alle ware Christene het direkte belang by hierdie wonderlike aspek van ons verhouding met Hom, omdat ons die lede van sy bruidsgemeente is. Ons moet ons Verlosser in hierdie hoedanigheid ken, ons van al sy beloftes oor die komende bruilof vergewis, en presies weet wat van ons verwag word om waardig en voorbereid vir hierdie koninklike geleentheid te wees.

Die verhouding tussen Jesus Christus en sy bruidsgemeente word op treffende wyse na analogie van Joodse huweliksgebruike in Bybelse tye beskryf. In hierdie boodskap val die klem hoofsaaklik op die verpligtings wat tydens die bruidegom se lang afwesigheid op die bruid gerus het. Haar lewe van heiligheid en daaglikse toewyding aan die bruidegom was in die besonder van deurslaggewende belang vir die dag wanneer hy haar sou kom haal, en dus ook vir die finale voltrekking van hulle huwelik.

Nadat ’n jongman ’n meisie ontmoet het van wie hy hou, en sy ingestem het om ’n vaste verhouding met hom aan te knoop wat tot ’n huwelik sou lei, het die voorbereidings vir ’n verlowingsplegtigheid begin. Die jongman moes eers sy vader se toestemming verkry om die huwelik te sluit. Spoedig daarna het die jongman en sy vader by die huis van die voornemende bruid opgedaag en aangeklop.

Die meisie se vader, wat reeds van die beplande besoek bewus was, het van binne af deur ’n klein venstertjie geloer om te sien wie buite was. Dan het hy na sy dogter gekyk wat eers moes “ja” sê voordat hy die deur vir die besoekers oopgemaak het. Indien sy nie met die huweliksonderhandelings wou voortgaan nie, het sy “nee” gesê. Die deur is dan nie oopgemaak nie en die jongman en sy pa het onverrigtersake teruggegaan huis toe.

Wanneer die meisie egter ingestem het, is die deur oopgemaak en kon die verlowing voortgaan en die huwelikskontrak gesluit word. Die jongman en sy pa het die verwagte bruidsprys saam met hulle gebring, asook ’n beker en ongegiste wyn. Hulle het by verskillende geleenthede gedurende hulle besoek wyn uit die beker gedrink om aspekte van die ooreenkoms wat tussen die twee individue en hul gesinne aangegaan is, seremonieel te beklink en te vier.

Die eerste was *die beker van aanvaarding*. Die lede van albei gesinne (insluitend kinders wat reeds die ouderdom van aanspreeklikheid bereik het), het uit die beker gedrink, daardeur ’n bloedverbond gesluit, en onderneem om mekaar lewenslank te dien. Hierdie beker is rondgestuur pas nadat die besoekers ingekom het en die deur toegemaak is.

Die tweede was *die beker van verlowing en vriendskap.* Net die voornemende bruid en bruidegom en die twee gesinshoofde het hieruit gedrink. Die gesinne het hierdeur verklaar dat hulle ewige vriende van hulle gemeenskaplike seun en dogter word, asook van mekaar. Hierna is die ete bedien en is daar tussendeur oor die bruidsprys onderhandel. Indien die twee gesinne nie hieroor kon ooreenkom nie, kon die onderhandelings skipbreuk ly en die huwelikskontrak nie gesluit word nie. Wanneer die voorwaardes egter ten volle aanvaar is, is daar voortgegaan om die kontrak te sluit en uit die tweede beker te drink.

Die derde was *die beker van erfgenaamskap.* Aan die einde van die ete het slegs die bruid en bruidegom hieruit gedrink. Beide van hulle het hierdeur die voorwaardes van die huwelikskontrak aanvaar en hulle verhouding as toekomstige egpaar verseël. Nou het die meisie werklik die bruid geword. Jongmans in die gesin het ramshorings in die strate geblaas en die verlowing in die openbaar bekend gemaak. Van hierdie oomblik af het die paartjie aan mekaar behoort en ook ’n gedeelde erfenis gehad. Indien enigeen van die twee hierna sou sterf, sou die ander een al sy of haar besittings erf, al was die huwelik nog nie seremonieel finaal voltrek nie.

Die huwelikskontrak tussen hulle was bindend en kon slegs onder uiterste omstandighede verbreek word, bv. deur ontrouheid. Josef en Maria was só 'n verloofde paartjie toe hy hom voorgeneem het om weens haar vermeende ontrouheid van haar te skei: "Toe Maria verloof was aan Josef, voordat hulle saamgekom het, is sy swanger bevind uit die Heilige Gees. En Josef, haar man, omdat hy regverdig was en onwillig om haar openbaar te maak, het hom voorgeneem om in die geheim van haar te skei" (Matt. 1:18-19).

Wanneer die huwelikskontrak aanvaar is en die paartjie uit die derde beker gedrink het, het die bruidegom aan sy bruid geskenke gegee en ook die belofte aan haar gemaak dat hy haar sou kom haal nadat hy vir haar 'n plek by sy vaderhuis gaan berei het. In die tussentyd het die bruid haarself besig gehou met voorbereidings vir haar huwelik. Sy het ook 'n olielampie in haar kamer gehad wat in die aande moes brand. Sy moes toesien dat sy genoeg olie het sodat haar lamp nie sou uitgaan wanneer die bruidegom haar kom haal nie. Wanneer sy bedags in die strate uitgegaan het, moes sy 'n sluier dra sodat ander kon sien dat sy reeds gekoop is en aan 'n man behoort.

Die bruidegom het intussen 'n woonplek by sy vaderhuis gaan bou. Dikwels was dit net een vertrek wat aan die vader se huis gebou is. Dit het as die bruidsvertrek (Heb. *huppah*) bekend gestaan. Die vader van die huis moes eers sy tevredenheid met die vertrek uitspreek voordat die bruidegom sy bruid kon gaan haal. As iemand die bruidegom sou vra wanneer hy sy bruid gaan haal, het hy geantwoord dat net sy vader alleen weet op watter dag dit sou gebeur.

Die bruidegom het sy bruid in die aand of in die nag kom haal – gewoonlik tussen 6-uur die aand en middernag. Wanneer hy en sy geselskap van jongmanne naby die bruid se huis was, het hulle hardop geroep en ook op 'n ramshoring geblaas sodat die bruid en die meisies wat haar vergesel, dadelik moes uitkom om die bruidegom buite op die pad te ontmoet. Diegene wat op daardie kritieke oomblik nie genoeg olie in hulle lampe gehad het nie, was laat vir die ontmoeting en het agtergebly.

Dit het soms ook gebeur dat die bruid belangstelling in die voltrekking van die huwelik verloor het – dalk as gevolg van ontrouheid teenoor haar verloofde – en dan haar voorbereidings om hom te ontmoet, gestaak het. In daardie geval sou sy nie 'n brandende lamp gehad het nie. As die bruidegom gesien het dat haar kamer donker was, het hy haar net so in die duisternis gelaat en omgedraai huis toe. Die bruidsprys moes dan aan hom terugbetaal word. Indien dit aan die lig sou kom dat die bruid in sy afwesigheid owerspel gepleeg het, was sy onderworpe aan die doodstraf.

Wanneer alles egter volgens plan verloop het, het die bruid 'n brandende lamp in haar kamer gehad wanneer die bruidegom in die nag opdaag. Sy sou hom dan buitekant die huis tegemoetgaan en dadelik saam met hom na sy vaderhuis vertrek. Daar sou hy en sy sewe dae lank alleen in die bruidsvertrek deurbring waar hulle as man en vrou verenig is. Gedurende die sewe dae het die gaste wat na die bruilofsfees uitgenooi is, begin opdaag. Aan die einde van die sewe dae het die bruidegom sy vrou ongesluierd aan die gaste voorgestel en het die feestelikheid begin.

Tydens die fees het die getroude paar alleen uit die vierde beker ongegiste wyn gedrink, wat as *die beker van danksegging* bekend was. Dit was die groot oomblik van blydskap en danksegging vir die volvoering van hulle huwelik ná die lang tydperk van afsondering, wag en voorbereidings tref. Omdat hulle aan mekaar getrou gebly het, het die glansryke geleentheid van die huweliksfees vir hulle aangebreek.

Geestelike toepassing

Die Here Jesus het sy aanbod tot redding aan 'n verloregaande mensdom dikwels na analogie van die tradisionele Joodse huweliksgebruike gemaak. Hy is die hemelse Bruidegom wat van sy Vaderhuis af uit die hemel gekom het om diegene te soek en te red wat verlore is (Luk. 19:10).

Sy doel is nie slegs om verlorenes te red en in sy diens te gebruik nie, maar ook om hulle volkome te heilig en lede van sy bruidsgemeente te maak, sodat hulle die erfenis van sy hemelse koninkryk met Hom kan deel. Alle Christene het met hulle redding hierdie hoë roeping van God in Christus Jesus ontvang, maar nie almal voldoen aan die voorwaardes om dit wel te verkry nie. Dit is iets waarvoor ons ons van harte moet beywer (Fil. 3:14).

Soos wat die voornemende Joodse bruidegom aangeklop het by die huis van die meisie met wie hy wou trou, klop die Here Jesus in 'n geestelike sin aan die deur van ons harte en stel ons voor 'n keuse of ons vir Hom wil oopmaak of nie. Hy sê: "Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My" (Op. 3:20). Elke mens het 'n vrye wil en moet self besluit of hy/sy die Here Jesus in hulle lewe wil innooi. Johannes sê: "Almal wat Hom aangeneem het [wat Jesus as Verlosser in hulle lewe ontvang het], aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo" (Joh. 1:12).

Die boodskap van die evangelie is dat die Here Jesus die volle straf vir ons sonde aan die kruis betaal het – dit is die goddelike bruidsprys waarmee Hy elke sondaar loskoop wat hom/haar vir redding tot Hom wend en aan Hom wil behoort (1 Kor. 6:20; 1 Pet. 1:18-19; Op. 5:9). Wanneer ons die Nagmaalbeker as *die beker van aanvaarding* opneem, dan vier ons die feit dat ons vrygekoop is, aan die Here Jesus behoort en Hom lewenslank sal dien. Hy is ons Verlosser en ons is sy dissipels of diensknegte.

Baie Christene bly ongelukkig by hierdie aanvanklike oorgawe. Hulle soek nie na 'n dieper en meer intieme verhouding met Christus, sodat hulle al sy beloftes kan verkry nie. Hulle kyk die feit mis dat Hy nie net ons Verlossing wil wees nie, maar ook ons Heiligmaking en ons Bruidegom.

Voor die finale bekragtiging van die Joodse huwelikskontrak het die twee partye saam geëet en verder oor die voorwaardes van hierdie ooreenkoms en nuwe verhouding gesels. Wanneer hulle oor alles saamgestem het, is *die beker van verlowing en vriendskap* opgeneem. Die Woord van God is vir ons geestelike voedsel – die brood van die lewe – en ons sit by 'n tafel aan wat vir ons berei is. Wanneer ons intensiewe Bybelstudie doen, leer ons die Here Jesus beter ken en verkry 'n behae in sy Woord. Ons begryp ten volle wat Hy vir ons gedoen het en wat die voorwaardes van ons verhouding met Hom alles behels. Hierdie opdragte word met graagte uitgevoer. Dan kom die dissipel van Christus nóg nader aan Hom en word ook sy verloofde en vriend wat sy Woord beter verstaan en gehoorsaam. Dit is veel meer as die verhouding tussen 'n dienskneg en sy heer. Christus het gesê: "Ek noem julle nie meer diensknegte nie, omdat die dienskneg nie weet wat sy heer doen nie. Maar Ek het julle vriende genoem, omdat Ek alles wat Ek van my Vader gehoor het, aan julle bekend gemaak het" (Joh. 15:15). Hy deel aan ons wonderlike dinge mee oor die dieper aspekte van ons vriendskaps- en verlowingsverhouding met Hom. Herbevestig jy by die gebruik van die Nagmaal jou vriendskap en intieme verbintenis met die Here Jesus?

Ons moet ook nie by die begin van hierdie toewyding vassteek nie, want die Here Jesus het 'n hoë roeping vir sy dissipels as lede van sy bruidsgemeente. Dit vereis dat hulle absoluut afgesonderd van die wêreld sal leef en hulle daagliks sal voorberei vir die verskyning van die hemelse Bruidegom en hulle vereniging met Hom. 'n Belangrike aspek van hierdie voorbereidings is om 'n brandende lamp met genoeg olie te hê. Dit dui op 'n Geesvervulde lewe. Die lamppit moet ook voortdurend skoongemaak word om helder te kan brand. Ons doen daadwerklike stappe om ons van alle besoedeling van die gees en vlees te reinig, en met sy Heilige Gees vervul te word sodat ons die heiligmaking in die vrees van die Here kan volbring (2 Kor. 7:1; Ef. 5:18; 1 Joh. 1:7). As ons ten volle aan die Bruidegom oorgegee en toegewy is, sal ons onder die leiding van die Heilige Gees werke doen wat aan ons 'n bruilofskleed sal besorg. Dié werke word as "die regverdige dade van die heiliges" beskryf (Op. 19:7-8) en is die vrug van die Heilige Gees in 'n oorgegewe lewe.

Wanneer hierdie vlak van toewyding bereik is, word *die beker van erfgenaamskap* opgeneem. Daar is dan ’n diepe bewussyn by gelowiges dat hulle vreemdelinge en bywoners in die huidige, goddelose wêreld is, omdat hulle hul hoop stel op Christus se koninkryk waarin hulle saam met Hom verheerlik sal word. Paulus sê dat ons “erfgename van God en mede-erfgename van Christus [is], as ons naamlik saam met Hom ly, sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word” (Rom. 8:17; vgl. 2 Tim. 2:12). By die instelling van die Nagmaal het Jesus gesê: “Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed” (1 Kor. 11:25). ’n Testament is ’n erflating wat eers van krag is nadat die testamentmaker gesterf het (Heb. 9:16-18). Toe Jesus sy lewe afgelê en sy bloed aan die kruis gestort het, het Hy van ons mede-erfgename van sy ewige hemelse koninkryk gemaak, sodat ons ook ’n deel in die beoefening van sy heerskappy sal hê.

Het jy al by die punt gekom waar die Here Jesus en die wonderlike beloftes in sy Woord vir jou alles is, en jou waardes só verander het dat jy eerder na geestelike as materiële rykdom sal streef? Dan sal die lig van jou getuienis helder in ’n donker wêreld skyn en sal jy geen kompromie met ’n verdorwe wêreld maak nie. Jy sal nie na aardse beloning (die misleidende voorspoedsevangelie) en ’n mensgemaakte koninkryk op aarde vóór die koms van Christus soek nie. Ons verwag ’n koninkryk wat eers geopenbaar sal word wanneer die Koning kom!

Die Joodse bruidegom het seker gemaak dat sy bruid presies weet waarom hy weggaan, en dat hy beslis weer sou kom om haar te kom haal. Ons het ’n soortgelyke belofte ontvang. Jesus het gesê: “In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is” (Joh. 14:2-3).

Ons moet duidelik besef dat ons toekoms by Jesus Christus lê, en dat ons as lede van sy bruidsgemeente in die onsigbare werklikheid van sy hemelse koninkryk leef, wat tans op aarde verborge is omdat die Koning nog nie gekom het nie. Ons pas nie in die huidige wêreld in nie en verwerp sy bose praktyke, daarom haat die wêreld ons (Joh. 15:18-20). Ons sien uit na ’n heerlike toekoms wanneer ons met die hemelse Bruidegom verenig sal wees.

Dit is uiters belangrik dat ons die volle implikasies daarvan sal besef om kinders van ons hemelse Vader te wees en deur sy Gees bekragtig te word om onder alle omstandighede aan Hom getrou te bly terwyl ons op die skielike koms van die Bruidegom wag. Ons moenie die Here Jesus slegs as ons Verlosser en Heiligmaking vereer en dien nie, maar ook as ons Bruidegom en Koning saam met wie ons sal regeer indien ons waardig bevind word. Ken jy die Messias in al hierdie hoedanighede, of is jy dalk nog net ’n dienskneg van Hom? Ons moet besef dat ons tot heiligmaking geroep is, en daarna behoort te streef om elke dag so te wandel.

Gelowiges wat nie ’n duidelike begrip van hulle stand in Christus het nie, het ’n gebrekkige geestelike perspektief, ’n onvolkome toewyding aan hulle Verlosser, ’n twyfelagtige verwagting op sy wederkoms, en gevolglik ’n verswakte motivering om enduit aan Hom getrou te bly. Hulle loop gevaar om te versuim om deur God se Gees te wandel, en as gevolg daarvan deur die wêreld en sy begeerlikhede tot geestelike afvalligheid verlei te word. Dit kan tot ’n ernstige situasie van ontrouheid teenoor die hemelse Bruidegom lei. Paulus sê: “Ek is jaloers oor julle met ’n goddelike jaloersheid, want ek het julle aan een man verbind, om julle as ’n reine maagd aan Christus voor te stel. Maar ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus” (2 Kor. 11:2-3).

Hoewel die huwelikskontrak wat ons met Christus gesluit het bedoel is om permanent en bindend te wees, en ook deur die Gees van God verseël is, plaas dit voorwaardes op beide partye en kan dus steeds deur kontrakbreuk vernietig en ongeldig verklaar word. Die Bruidegom kan nie ontrou raak nie en sal altyd sy beloftes nakom (2 Tim. 2:13), maar óns kan wel ontrou raak en selfs verloor wat ons deur die geloof in Hom verkry het (vgl. Joh. 15:4-6; Kol. 1:23; Heb. 3:12-14). Die Joodse bruidegom het sy voormalige bruid verwerp indien dit by sy terugkoms

geblyk het dat sy ontrou aan hom geraak en nie meer ’n brandende lamp gehad het nie. Sy kon dan net haarself blameer oor wat sy verloor het.

Christene kan ook hulle eerste liefde verlaat en in geestelike duisternis verval. Die Here Jesus sê: “Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het. Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie” (Op. 2:4-5). Die kandelaar was die houer waarin die olie gegiet is wat simbolies op die Heilige Gees dui. Dit het ’n persoon toegelaat om die lig van die Messias se teenwoordigheid in ’n donker wêreld te laat skyn. Indien so ’n persoon egter sy liefde vir die Messias verloor het en deur die liefde vir wêreldse dinge oorkom is, loop hy gevaar om die kandelaar met sy lig (die Heilige Gees) heeltemal te verloor. Sulke persone sal nie saam met die Bruidegom weggevoer word om in die hemelse ivoorpaleis as die bruid van die Lam met Hom verenig te word nie (vgl. Ps. 45:9-10, 15-17). Die afvalliges het die Messias deur hulle optrede voor die mense verloën, daarom sal Hy hulle ook in die hemel voor sy Vader verloën (Matt. 10:32-33).

Dié lede van die bruidsgemeente wat waardig is deur genoeg olie in hulle lampe te hê en dus nie in geestelike duisternis verval het nie, sal in ’n oomblik, in ’n oogwink, weggevoer word wanneer die Bruidegom kom (Matt. 25:6-10; 1 Kor. 15:51-52; 1 Thess. 4:16-17). Daarna sal hulle vir sewe dae, wat profeties op ’n week van sewe jaar dui (Lev. 25:8), by die hemelse Bruidegom wees en deur niemand op aarde gesien kan word nie. Dit sal die sewe jaar van die verdrukking op aarde onder die bewind van die Antichris wees.

Ná hierdie sewe jaar sal die hemelse Bruidegom saam met sy “vrou” kom met wie Hy verenig is, en sy koninkryk op aarde vestig. Nadat Hy die Antichris en sy magte verdelg het (Op. 19:19-21), ’n oorblyfsel van Israel en die nasies gered het (Sag. 12:10; Matt. 24:29-30), en die vervalle troon van Dawid herstel het (Hand. 15:16-17), sal die bruilofsmaal van die Lam (die onthaal ná die troue) op aarde plaasvind. Lede van Israel en die nasies wat pas gered is, sal die gaste by hierdie luisterryke geleentheid wees: “Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges” (Op. 19:7-8).

Wanneer die bruid ná die sewe jaar saam met Christus terugkeer aarde toe tydens sy wederkoms, sal sy saam met Hom in heerlikheid geopenbaar word (Kol. 3:4). By die bruilofsmaal van die Lam kort hierna sal *die beker van danksegging* deur die bruid en die Bruidegom gedrink word. Toe die Here Jesus die eerste keer op aarde was om voorsiening te maak vir die redding van sy dissipels en die sluiting van ’n huweliksverbond met Hom, het Hy na hierdie Nagmaal verwys wat Hy vir die eerste keer weer nuut saam met alle gelowiges sal vier: “Voorwaar Ek sê vir julle, Ek sal nooit meer van die vrug van die wynstok drink nie, tot op daardie dag wanneer Ek dit nuut sal drink in die koninkryk van God” (Mark. 14:25).

Die koninkryk van Christus sal eers ná sy wederkoms op aarde geopenbaar en gevestig word, daarom sal die bruilofsmaal van die Lam hier gevier en die beker van danksegging hier geneem word wanneer ons die koninkryk finaal sal beërf. Aan die getroue dissipels wat die Here in die krag van die Heilige Gees gedien het, sal Hy sê: “Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer” (Matt. 25:23).

16. Epiloog: Die Noodsaaklikheid van Waaksaamheid

'n Studie van Bybelse profesieë oor die eindtyd onderstreep een saak baie duidelik, en dit is die opdrag om deurentyd van geestelike werklikhede bewus te wees. Ons moenie só betrokke raak by die sigbare dinge van ons tydelike, materiële bestaan op aarde dat ons voeling verloor met die onsigbare, geestelike dinge wat met ons ewige lewe in verband staan nie. Ons geestelike lewe en verhouding met die Here moet altyd voorrang geniet, "want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig" (2 Kor. 4:18).

Wanneer ons totaal by sekulêre dinge betrokke is, raak ons geestelik aan die slaap, verloor ons onderskeidingsvermoë tussen geestelike lig en duisternis, beywer ons nie meer vir God se geregtigheid nie, wy onsself voltyds daaraan toe om 'n tydelike aardse koninkryk op te bou en verloor gevolglik ons wederkomsverwagting. Wanneer ons geestelik waaksaam is, bly ons betrokke by die realiteite van die geestelike stryd en berei aktief voor vir ons ewige toekoms in die hemel, daarom die opdrag: "Stry die goeie stryd van die geloof, gryp na die ewige lewe, waartoe jy ook geroep is en die goeie belydenis voor baie getuies afgelê het" (1 Tim. 6:12).

Die grootste geestelike werklikheid waarvan ons daagliks bewus moet wees is Jesus Christus as ons Verlosser en Leidsman. Ons geestelike oë moet oop wees om Hom te kan sien, daarom sê Paulus ons loop die wedloop van die lewe met "die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof" (Heb. 12:1-2). Hy lei ons elke dag deur die lewe, want Hy het belowe: "En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld" (Matt. 28:20). Ons kan Hom nie met ons fisiese oë sien nie, want Hy is net geestelik by ons teenwoordig deur die inwonende Heilige Gees. Jesus sal egter ons geloof voleindig op die dag van sy wederkoms wanneer ons Hom sal sien, want dan sal daar nie meer slegs 'n onsigbare geloofsband tussen ons en Hom wees nie omdat ons sy heerlike teenwoordigheid deur aanskouing sal ervaar.

Die Heilige Gees herinner ons aan alles wat Jesus gesê het (Joh. 14:26), en oortuig ons ook van alle sondes en skewe sienings oor Christus en sy woorde. Die gevaar bestaan dat as ons begin dwaal weens onkunde en 'n swak toewyding aan die Here, die duiwel hierdie situasie sal uitbuit om ons uiteindelik in 'n ander (onbybelse) Jesus te laat glo onder die invloed van verleidende geeste (2 Kor. 11:2-4). Ons waak dus nie net deur aktiewe toewyding aan Jesus Christus nie, maar weerstaan ook die Bose met al sy mag tot misleiding en verleiding.

Baie Christene sit egter terug en waak nie teen die aanslae van die vyand soos hulle moet nie. Omdat gelowiges in die meeste lande van die wêreld redelik veilig en onbedreig voel, besef hulle nie die voortdurende noodsaaklikheid van waaksaamheid teen misleiding en versoekings nie. Die gevolg is dat hulle hul geestelike lewe afskeep en dikwels nie eers meer weet wat reg en verkeerd is nie. Spurgeon sê die volgende na aanleiding van die teks: "Salig is hy wat waak en sy klere bewaar" (Op. 16:15):

"Ek is bevrees dit is veel meer waarskynlik dat die Christelike kerk sy integriteit sal verloor in hierdie moeitevrye tyd as wat die geval was gedurende daardie moeilike jare van aanvegting en stryd in die verlede. Ons moet geestelik wakker wees want ons kan deur ons eie toedoen aan die slaap raak. Geloof in Jesus Christus moet 'n groot werklikheid in ons lewe wees en ons liefde vir Hom soos 'n vlam wat helder brand. In hierdie dae van oppervlakkigheid en 'n maklike belydenis van geloof is baie mense eerder onkruid as koring – skynheiliges met 'n mooi uiterlike vertoon maar sonder dat hulle werklik weergebore kinders van die lewende God is. Christen, moenie dink dat dit nou 'n tyd is waarin jy sonder waaksaamheid en 'n heilige toewyding aan die Here oor die weg sal kom nie. Jy het hierdie eienskappe meer as ooit tevore nodig" (Charles Spurgeon: *Morning and evening*).

Die duiwel kom nie net as 'n brullende leeu om jou te verskeur en te vernietig nie, maar hy benader jou soms soos 'n engel van die lig om jou te omhels en subtiel op 'n verkeerde pad te lei (2 Kor. 11:14). Bly waaksaam en staan hom in al sy hoedanighede teë (1 Pet. 5:8-9).